# Die Betekenis

# en

# Ekklesiologiese Implikasies

# van die uitdrukking

# οἶκος Θεοῦ

# in 1 Timoteus 3:15

## 'n Openbaringshistoriese ondersoek

Gustav Opperman, B.A., Th.B.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad
Magister Theologiae

in Nuwe Testament
aan die Fakulteit Teologie van die
**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: Prof. Dr. G.J.C. Jordaan

Potchefstroom

2002 nC

Opgedra aan

Ina, Stefanie, Andries en Susan

Huisgenote in die huis van God.

1

# BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE

BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE 3

INHOUDSOPGAWE 4

HOOFSTUK 1 : INLEIDING 8

HOOFSTUK 2 : DIE VOORKOMS EN BETEKENIS VAN οἶκος Θεοῦ AS METAFOOR IN DIE VROEG-CHRISTELIKE SAMELEWING 19

HOOFSTUK 3 : DIE METAFOOR οἶκος Θεοῦ EN VERWANTE BEGRIPPE IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT 27

HOOFSTUK 4 : DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR BINNE SY TEKSTUELE KONTEKS 45

HOOFSTUK 5 : DIE EKKLESIOLOGIE VAN DIE TIMOTEUSBRIEF EN DIE ANDER PASTORALE BRIEWE 70

HOOFSTUK 6 : DIE BETEKENIS VAN DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR VIR DIE EKKLESIOLOGIESE DEBAT BINNE DIE GEREFORMEERDE KERKE 81

HOOFSTUK 7 : SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS 98

SLEUTELBEGRIPPE 103

ABSTRACT 104

BRONNELYS 108

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1 : INLEIDING** 8

1.1 Oriëntering 8

1.2 Probleemstelling 9

1.3 Die aktualiteit van die studie 11

1.3.1 Eksegeties 11

1.3.2 Kanonies 11

1.3.3 Openbaringshistories 11

1.3.4 Ekklesiologies 11

1.4 Die oorkoepelende navorsingsvraag 11

1.5 Doelstelling en doelwitte 12

1.6 Begripsbepaling: Metafoor en model 13

1.6.1 Metafoor 13

1.6.2 Die verhouding metafoor en model 15

1.7 Die Sentrale teoretiese argument 16

1.8 Voorveronderstelling 16

1.9 Metodologie 16

1.10 Hoofstukindeling 18

**HOOFSTUK 2 : DIE VOORKOMS EN BETEKENIS VAN οἶκος Θεοῦ AS METAFOOR IN DIE VROEG-CHRISTELIKE SAMELEWING** 19

2.1 'n Semantiese ontleding van die begrip οἶκος Θεοῦ 20

2.2 Die begrip οἶκος binne die sosio-historiese konteks van die eerste lesers van die 1 Timoteus-brief 21

2.2.1 Die begrip οἶκος binne Efese as Grieks-Romeinse grootstad 21

2.2.2 Die οἶκος by die vroeë Christene in Efese 22

2.2.2.1 Invloed op die Jodedom 23

2.2.2.2 Invloed van die Grieks-Romeinse οἶκος-opset 23

2.2.2.3 'n Eiesoortige οἶκος-opset by die vroeë Christene 24

2.2.3 Gevolgtrekking oor sosio-historiese gegewens 23

2.3 Gevolgtrekking 23

**HOOFSTUK 3 : DIE METAFOOR οἶκος Θεοῦ EN VERWANTE BEGRIPPE IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT** 27

3.1 Die metafoor οἶκος Θεοῦ in die Ou Testament 28
3.1.1 Voor die sondeval 28
3.1.2 Na die sondeval 30
3.1.3 Godsvolk as οἶκος Θεοῦ 31
3.1.4 God se οἶκος as boustruktuur 31
3.1.5 Huishouding in Israel 33
3.2 Die metafoor οἶκος Θεοῦ in die Nuwe Testament 34
3.2.1 Οἶκος Θεοῦ in die Evangelies 35
3.2.1.1 Matteus en Markus 35
3.2.1.2 Lukas 37
3.2.1.3 Johannes 37
3.2.2 Οἶκος Θεοῦ in die Handelinge van die Apostels 38
3.2.3 Οἶκος Θεοῦ by Paulus en die Algemene briewe 39
3.3 'n Oorsig van Nuwe Testamentiese lig op die Οἶκος Θεοῦ metafoor 41
3.3.1 'n Hemelse Vader met 'n aardse huisgesin 41
3.3.2 'n Inklusiewe en eksklusiewe huisgesin 42
3.3.3 Teëbeeld van die Goddelike ekonomie 43
3.4 Gevolgtrekking 43

**HOOFSTUK 4 : DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR BINNE SY TEKSTUELE KONTEKS** 45

4.1 Die strukturele opset van 1 Timoteus 46
4.1.1 Die literêre aard 46
4.1.2 'n Welomlynde doel? 47
4.1.3 'n Kerugmatiese sentraalmotief? 48
4.1.3.1 Die voorkoms van kernbegrippe 48
4.1.3.2 Huisgesin/huishouding se verband met ander kernbegrippe 53
4.1.3.3 Die voorkoms van struktuurpatrone 54

## HOOFSTUK 4 : (VERVOLG)


4.1.3.4 Struktuurfondament 57

4.1.3.5 Die vraag na 'n sentraalmotief 59

4.2 'n Gedagtestruktuurontleding van 1 Timoteus 2:1 - 1 Timoteus 3:16 59

4.2.1 Ontleding 59

4.2.2 Struktuurmerkers 65

4.3 Gevolgtrekkings vanuit gedagtestruktuurontleding 66

4.4 'n Struktuurfondament vir 2:1 – 3:16 66

4.5 Afleidings uit die gedagte-opbou van 2:1 - 3:16 67

4.4 'n Sintese en samevattende gevolgtrekking van bogenoemde 68


## HOOFSTUK 5 : DIE EKKLESIOLOGIE VAN DIE TIMOTEUSBRIEF EN DIE ANDER PASTORALE BRIEWE 70


5.1 Oorsprong en aard van die kerk, die *huis van God* 68

5.2 Verskyningsvorme van die kerk, die *huis van God* 71

5.3 Gesag in die kerk 73

5.3.1 Die gesag van die apostel en sy gedelegeerdes 74

5.3.2 Die gesag van die heilige Skrifte 75

5.3.3 Die gesag in die woon- en kerkhuis 75

5.4 Die gemeente kom bymekaar in erediens 76

5.5 Die kerk geroep tot diensbaarheid 77

5.6 Dienste in die kerk 78

5.7 Samevatting 79

**HOOFSTUK 6 : DIE BETEKENIS VAN DIE οἶκος Θεοῦ -METAFOOR VIR DIE EKKLESIOLOGIESE DEBAT BINNE DIE GEREFORMEERDE KERKE** **81**

6.1 Inleiding 81
6.2 'n Oorsig oor metafoor-modelle binne die ekklesiologiese debat 82
6.2.1 Die Herder-metafoor as kerkmodel 82
6.2.2 Die Liggaam-metafoor as kerkmodel 83
6.2.3 Die Bou-metafoor as kerkmodel 84
6.2.4 Die Familie-metafoor as kerkmodel 86
6.2.5 Gevolgtrekking ten opsigte van die metafoormodelle 88
6.3 Die betekenis van die Οἶκος Θεοῦ-metafoor vir die ekklesiologiese debat 89
6.3.1 'n Noue verband tussen die missiologies en bewarende funksies van die kerk 90
6.3.2 'n Noue verband tussen die gemeente en die gesin 90
6.3.3 Handhawing van Bybelse gesagstrukture 91
6.3.4 Vroulike dienaresse in die huis van God 92
6.4 Enkele besonderse konsekwensies van die Οἶκος Θεοῦ metafoor vir die ekklesiologiese debat 93
6.5 Gevolgtrekking 96

HOOFSTUK 7 : **SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS** **98**

7.1 Oorsprong en metaforiese aanwending van die Οἶκος Θεοῦ-begrip 98

SLEUTELBEGRIPPE 103

ABSTRACT 104

BRONNELYS 108

# HOOFSTUK EEN

## Inleiding

***Oorsig:***

1.1 Oriëntering
1.2 Probleemstelling
1.3 Die aktualiteit van die studie
1.4 Die oorkoepelende navorsingsvraag
1.5 Doelstelling en doelwitte
1.6 Begripsbepaling: Metafoor en model
1.7 Die sentrale teoretiese argument
1.8 Vooronderstelling
1.9 Metodologie
1.10 Hoofstukindeling

### 1.1 ORIËNTERING

1 Timoteus 3:15 word deur die meeste verklaarders beskou as die kernvers waarin Paulus die doel van die eerste Timoteus-brief stel, nl. dat Timoteus, as pastor van die gemeente in Efese, kan weet hoe iemand hom moet gedra in die *huis van God* (Bouma, 1942:144; Ridderbos, 1967:100; Kelly, 1976:86; Oden, 1989:6,43). Met hierdie woorde dink Paulus egter nie net aan iemand se gedrag in die samekoms van die gemeente nie, maar aan die wyse waarop die voorganger moet optree om behoorlik sy ampspligte uit te voer (Groenewald, 1977:135). Binne hierdie verband blyk dit dat die uitdrukking *huis van God* (οἶκος Θεοῦ) deur Paulus in 1 Timoteus 3:15 as 'n metafoor aangewend word om die werking van die geloofsgemeenskap te beskrywe en dat dit ook daarmee saam besliste ekklesiologiese implikasies het.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Volgens Burger (1995:1) was daar tot sewe jaar gelede nog nie 'n model vir kerk-wees in die 21ste eeu nie. Dit het hom genoop om die vraag te vra: Is dit nie tyd dat daar na die "Familie van God" as metafoor vir die kerk gekyk word nie? Twee jaar na hierdie skrywe wend Burger inderdaad 'n poging aan om hierdie leemte te vul met 'n volgende publikasie waarin "hierdie sleutelwaarheid wat die kerk moet begryp" uitgelê word (1997:7). Veel meer het sedertdien nog nie gebeur nie en Burger se klag geld steeds: Hierdie metafoor is "verwaarloos".

Wanneer 'n bepaalde Bybelse metafoor wat die werking van die geloofsgemeenskap illustreer tot model verhef word, beteken dit by implikasie dat ander metafore wat ook 'n bydrae kan lewer tot die verstaan van die wese en funksionering van die kerk, op die agtergrond geskuif word (Dreyer, 1995:799). So is daar in die verlede baie aandag gegee aan die kerk as die liggaam-van-Christus (vgl. bv. Du Plooy, 1982), asook die herder-kudde model (Adams, 1979), maar is die kerk as huis (of huishouding) van God dikwels misgekyk of dikwels slegs terloops genoem.

Dit mag daaraan toegeskryf word dat terme soos οἰκεῖοι nie dikwels in Paulus se briewe voorkom nie. Wat οἶκος Θεοῦ betref: Dit kom slegs een keer by Paulus voor en wel in 1 Timoteus 3:15. Nogtans word hierdie uitdrukking ondersteun deur 'n verskeidenheid van verwante begrippe wat in Paulus se briewe in berekening gebring moet word. "So numerous are these, and so frequently do they appear, that the comparison of the Christian community with a family must be regarded as the most significant metaphorical usage of all" (Banks, 1980:53).

Sedert 1980 is daar 'n groeiende belangstelling in die beskrywing van die gemeente as die *huis (huishouding)* of *familie van God* (Verner,1983; Gruenler, 1986; Macdonald, 1988; Crosby, 1988; Kidd, 1990; Van Eck, 1991; Young, 1994; Van der Watt, 2000). Die vraag is egter: Hoe moet hierdie Bybelse metafoor in 1 Timoteus 3:15 verstaan word? Moet daar aan die kerk as *huis* (bouwerk) of *huisgesin* van God gedink word? By kommentatore is daar 'n gebrek aan eenstemmigheid oor wat die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15 presies behels. Volgens Kelly (1976) en Dibelius en Conzelmann (1972) vergelyk dit die gemeente met 'n *huisgesin*.

Daarteenoor sien Hendriksen (1976) en Ridderbos (1967) dit as 'n bouwerk in die vorm van 'n *huis*. Groenewald (1977) en Knight III (1992) sien dit as beide. Hoe die betekenis van οἶκος Θεοῦ in 1 Timoteus 3:15 opgeneem word - *huis* of *huisgesin* van God - het uiteraard belangrike implikasies vir die verstaan en die toepassing van die metafoor (Marshall, 1999:507).

Daar moet ook rekenskap gegee word oor hoe wyd die metafoor van die *ekklesia* as die *huis van God* toegepas moet word. Is slegs die gemeente in Efese hier ter sprake (vgl. Lock, 1966:42; Kelly, 1976:87) of behoort dit toegepas te word op die Christelike kerk van alle tye (vgl. Ridderbos, 1967:102)? Gaan dit oor die gedrag van elke gelowige binne die gemeente (vgl. Kelly, 1976:87) of spesifiek oor die gedrag van Timoteus (vgl. Hendriksen, 1976:136)?

Die vraag kan ook gevra word: Wanneer die metafoor elders in die Nuwe Testament voorkom, dui dit op 'n egalistiese (Crosby: 1988:104 e.v.) of 'n patriargale (Love, 1993:28) gemeenskap?

Dui οἶκος Θεοῦ op 'n genitief van oorsprong of dui dit op 'n subjektiewe genitief?

Van der Watt vra in sy studie van die voorkoms van die familie-metafoor in die Johannes-evangelie (2000:437) tot watter mate die familiale beeldspraak in die ontwikkeling van 'n uitgebreider etiek gebruik kan word. Dieselfde vraag kan ook gevra word ten opsigte van die huis-metafoor in 1 Timoteus.

Daarom is dit, nie net vir die verstaan van die eerste Timoteus-brief nie, maar ook vir die verstaan en die organisasie van die kerk in sy wese, belangrik om tot 'n beter begrip te kom van die aard en betekenis van die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15.

## 1.3 DIE AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

### 1.3.1 Eksegeties

Dit is belangrik vir die uitleg van 1 Timoteus 3:15 en die perikoop waarvan dit deel vorm, om tot 'n beter verstaan van die metafoor te kom.

### 1.3.2 Kanonies

Vir die besondere kanoniek van die eerste Timoteus-brief is dit belangrik om die betekenisomvang en impak van hierdie sentrale vers so deeglik moontlik vas te stel.

### 1.3.3 Openbaringshistories

Die beter verstaan van die οἶκος Θεοῦ-metafoor is belangrik vir die openbaringshistoriese beskrywing van die *huis van God*-metafoor en ander metafore in die res van die NT en regdeur die Bybel.

### 1.3.4 Ekklesiologies

Die beter verstaan van hoe die kerk as οἶκος Θεοῦ funksioneer en behoort te funksioneer, is nie net vir die kerkbegrip belangrik nie, maar ook vir die funksionering van die ampte, waaronder die amp van die gelowige.

## 1.4 DIE OORKOEPELENDE NAVORSINGSVRAAG

Hoe moet die οἶκος Θεοῦ-metafoor soos dit in 1 Timoteus 3:15 voorkom, verstaan word? Direk voortspruitend is die vraag: Watter bydrae lewer die οἶκος Θεοῦ-metafoor, soos Paulus dit in 1 Timoteus 3:15 aanwend, tot die ekklesiologiese gesprek binne gereformeerde kerke vandag?

Die spesifieke vrae wat hieruit voortspruit en wat in hierdie studie aan die orde kom, is die volgende:

- Is daar 'n spesifiek (eiesoortige) betekenis aan die uitdrukking οἶκος Θεοῦ verleen binne die tekstuele konteks van 1 Timoteus 3:15? In watter mate is die *huis/-houding van God* deur die destydse leser(s) metafories verstaan en watter betekenis het hulle daaraan geheg?

- Werp 'n Skrif-met-Skrif vergelykende studie enige lig op bogenoemde vrae?

- Wat is die aard en die rol van die ekklesiologie waaruit die Pastorale briewe ontstaan het, met besondere verwysing na die eerste Timoteus-brief?

- Watter ekklesiologiese modelle is tans in gebruik in gereformeerde kerke en hoe effektief is hulle?

- Hoe wyd (temporeel en materieel) kan en moet die οἶκος Θεοῦ-metafoor van 1 Timoteus 3:15 op die kerklike lewe toegepas word? Watter aspekte van die ekklesiologiese gesprek binne die gereformeerde kerke vandag word deur die οἶκος Θεοῦ-metafoor aangeraak en wat is die implikasies daarvan?

## 1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing is om te bepaal wat die openbaringshistoriese betekenis en ekklesiologiese implikasies van die metafoor οἶκος Θεου in 1 Timoteus 3:15 is. Hierdie doelstelling is bereik deur die volgende navorsingsdoelwitte aan die orde te stel:

- Om die voorkoms en betekenis van οἶκος Θεοῦ as metafoor in die vroeg-Christelike samelewing te ondersoek.

- Om die metafoor οἶκος Θεοῦ en verwante begrippe elders as in 1 Timoteus 3:15 in die Bybel te ondersoek.

- Om die voorkoms en betekenis van die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15 te ondersoek.

- Om die aard en die rol van die ekklesiologie waaruit die Pastorale briewe ontstaan het, met besonderse verwysing na die eerste Timoteus-brief te bepaal.

- Om naas die ekklesiologiese modelle wat tans in gebruik is, die οἶκος Θεοῦ-metafoor aan te dui en te kontekstualiseer binne die ekklesiologiese gesprek onder gereformeerde kerke.

## 1.6 BEGRIPSBEPALING: METAFOOR EN MODEL

### 1.6.1 Metafoor

Breedweg beskou, kom metafore as 'n taalverskynsel voor. Daarin word "iets" in terme van "iets anders" gesien. Só lui die definisie van metafoor wat sedert Aristoteles se tyd gebruik word (Van der Watt, 2000:8). Wanneer 'n mens nie by magte is om oor "iets" uit te wei nie, word daardie "iets" voorgestel as iets anders. "As 'n wyse van spreke maak ons gebruik van die een waarvan ons meer weet om iets meer te sê van die een van wie ons minder weet of selfs niks kan sê nie." (Van Aarde, 1995:43.) Deur die metafoor word dus probeer om na analogie van die bekende iets oor die onbekende te sê.

Vir die mens met sy beperkte begrip is veral die dinge van God onbekend. "*God is* immers *in die hemel en jy op aarde.*" (Pred 5:2.) Daarom moet daar noodwendig in kommunikasie van die onbekende dinge van God van metafore gebruik gemaak word.

"If we must conceive of God and communicate that knowledge in any public and rational manner, it must be done by the use of metaphors or analogical thinking." (Baloian, 1996:780.) Maar juis omdat metafore slegs 'n spreke "na analogie" is, waarsku talle skrywers (waaronder Hendriks [1992:206], Dreyer [1995:800], Erasmus [1995:45]) dat elke metafoor wat iets oor die bonatuurlike werklikheid sê, eintlik ontoereikend is. Clowney (1984:95) stel dit so: "No single metaphor used in Scripture provides an adequate model to incorporate the cognitive elements of all the other elements of all the other metaphors."

Vir Van der Watt in sy bespreking oor die gebruik van metafoor in die Johannes-evangelie (2000:24), is die onderskeid tussen die figuurlike en die letterlike by die gebruikte metafoor in die Skrif soms egter moeilik. Het die Vader nie dalk die Seun werklik gestuur nie (Joh 3:17) en het Hy nie die Seun werklik alles getoon nie (Joh 5:20)? Van der Watt (2000:11) gee ook toe dat die Joodse skrywers nie soos die Grieke oor metafoor geteoretiseer het nie alhoewel hulle, volgens hom, van dieselfde tegnieke in die praktyk gebruik gemaak het. Joodse skrywers en skrywers uit Joodse agtergrond het dus intuïtief met metafore omgegaan. Volgens die Ou Testamentikus, Eichrodt (soos aangehaal deur Brettler,1989:27) laat "the ideas of Jahwism" nie toe dat Israel na God antropomorfies verwys nie. Die omgekeerde is eerder waar: "Israel considered man theophoric!" Die mens is immers na die beeld van God geskape (Gen 1:26) en nie andersom nie.

In aansluiting by laasgenoemde uitgangspunt kan gesê word dat God werklik *die familie God* is, soos Engelsma in sy verhandeling oor die Drie-Eenheid (1994:14) inderdaad doen. God is dan nie *die familie God* omdat hy seuns en dogters deur die Middelaar, Jesus Christus aanneem nie, maar omdat Hy Vader en Seun in Homself is. Hy is ook nie *die familie God* omdat dit 'n geoorloofde antropomorfiese spreekwyse is en omdat God daardeur beter deur die geloofsgemeenskap geken kan word nie, maar omdat familie deel van sy wese is. God is die oorspronklike familie *van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang* (Ef 3:15).

Die vraag kan dus ook gevra word wie die referent is as daar die na *die huis(-gesin) van God* verwys word? Is dit die werklike *huis(-gesin) van God* of is dit 'n menslike huis wat op 'n antropomorfiese wyse op God van toepassing gemaak word? Met ander woorde: Het ons nie juis met *die huis(-gesin) van God* met 'n omgekeerde metafoor te

doen nie? Omdat hierdie taalfilosofiese vraag nie binne die bestek van hierdie skripsie beantwoord kan word nie, moet daar aanvaar word dat, soos in die geval van die Joodse skrywers, ook die Bybelskrywers in 'n sekere mate intuïtief met die metafoor *huis(-gesin) van God* omgegaan het[1].

### 1.6.2 Die verhouding metafoor en model

Modelle ontwikkel uit metafore. In hierdie geval is die metafoor die meer basiese beskrywing, terwyl modelle op 'n sekondêre vlak ontstaan. Omdat die geloofsgemeenskap die analogie wat 'n bepaalde metafoor omskryf, verder wil uitbou, word die betrokke metafoor gebruik. Dit gebeur wanneer 'n metafoor baie direk en leidinggewend tot 'n kerk se situasie spreek. Meer aspekte word egter dikwels in die model betrek as wat die oorspronklike metafoor gedoen het of selfs bedoel het. Modelle neig dus meer om veralgemenend te wees en het ook 'n wyer draagwydte (Hendriks, 1992:210).

Beide metafoor en model wil verduidelik of verklaar. Deur 'n saak op hierdie wyse te ontbloot, lei dit tot nuwe insigte en veranderde denke oor 'n saak. Die werklikheid word hierdeur in 'n nuwe verband geplaas (vgl. Clowney, 1984:65 ev.). Daar is dus ooreenstemmende kenmerke tussen metafoor en model.

Dieselfde ontoereikendheid wat reeds by die bespreking rondom die metafoor beskryf is, lê ook die gebruik van modelle ten gronde. Indien daar van 'n bepaalde model uitgegaan word, is dit nie altyd moontlik om al die ander waarhede van 'n bepaalde saak binne daardie model te inkorporeer nie. "The effort to construct one model as an archetype from a scriptural metaphor has not succeeded." (Clowney, 1984:82.) Dit is grootliks daaraan te wyte dat die metafore in die Skrif merendeels by geleentheid gebruik word en nie noodwendig sistematies of omvattend aangewend word nie. Dan gebeur dit dat die model se draagwydte dikwels gerek word om aspekte in te sluit wat dit nie normaalweg sou ondervang nie (vgl. Erasmus 1995: 45).

[1] Vgl. verder Van der Watt [2000: 6-24] vir 'n uitgebreide bespreking van die teorie van metafoor en die gebruik daarvan in godsdienstige taal.

Nogtans, so skryf Hendriks (1992:211), is kerkmodelle 'n werklikheid. Binne bepaalde kontekstuele situasies word sekere metafore dikwels gebruik. As diagnostiese instrument kan die identifisering van kerkmodelle by gemeente-analise ook nie geïgnoreer word nie.

Samevattend kan dan gesê word dat die term "metafoor" in hierdie skripsie gebruik word in verwysing na 'n taalverskynsel waarin iets onbekends beskryf word deur dit te benoem na analogie van 'n ander bekende saak. Die term "model" word gebruik in verwysing na beskrywings wat van 'n bekende Bybelse metafoor afgelei en veralgemenend in die kerk aangewend word.

## 1.7 DIE SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die οἶκος Θεοῦ op beide *huis van God* en *huisgesin van God* dui en as kragtige metafoor dien vir gebruik in die ekklesiologiese gesprek binne gereformeerde kerke.

## 1.8 VOORVERONDERSTELLING

Die studie word in sy geheel onderneem vanuit 'n gereformeerde tradisie. Dit beteken dat as vertrekpunt geneem word dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is. Alhoewel die verskillende Bybelboeke deur verskillende skrywers onder verskillende omstandighede geskryf is, deel hulle almal dieselfde Primêre Outeur en vertoon as sulks 'n definitiewe eenheid. As die gesagvolle Woord van God word die Bybel as die uitgangspunt vir die saak ter bespreking in hierdie studie aanvaar. Omdat dit 'n openbaringshistoriese ondersoek is, sal ander gegewens in die Bybel as ter saaklik vir hierdie studie beskou word.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word aanvaar dat die apostel Paulus die skrywer is van die Pastorale Briewe (sien bespreking in Oden,1989:10 e.v.) en dat die brief wat as 1 Timoteus bekend staan, gerig was aan Timoteus, die jong pastor van die kerk in Efese (1:2,3).

## 1.9 METODOLOGIE

- Ten einde die semantiese aanwending van die uitdrukking οἶκος Θεοῦ in 1 Timoteus 3 te omskryf, word 'n semantiese ontleding gedoen met gebruikmaking van onder andere die *Greek-English Lexicon* van Louw en Nida (1988). Die uitdrukking word binne die sosio-historiese konteks van die eerste Timoteusbrief geplaas. Hierdie sosio-historiese studie word gedoen aan die hand van 'n analities-kritiese literatuurstudie.

- Ten einde die voorkoms en aard van οἶκος Θεοῦ en verwante begrippe in die res van die Skrif te bepaal, word van rekenaarsoektogte met behulp van *Bible Works* en teologiese woordeboeke soos Kittel (1968) gebruik gemaak.

- Ten einde die uitdrukking binne die tekstuele konteks (ko-teks) van die eerste Timoteusbrief, in besonder 1 Timoteus 3 te plaas, word hierdie gedeelte ontleed volgens die metode van gedagtestruktuurontleding, soos voorgestel deur Coetzee (1988:19 e.v.).

- Ten einde die Pauliniese ekklesiologie met besondere verwysing na die eerste Timoteus-brief te bepaal, word 'n analities-kritiese literatuurstudie aangepak.

- Vir die oorsig oor en bespreking van die ekklesiologiese gesprekke wat tans binne die gereformeerde kerkverband gevoer word, word insgelyks van 'n analities-kritiese literatuurstudie gebruik gemaak. Om die metafoor οἶκος Θεοῦ te kontektualiseer, word al bogenoemde op die ekklesiologiese gesprek onder gereformeerde kerke toegepas.

## 1.10 HOOFSTUKINDELING

Die studie soos hierbo uiteengesit, word vervolgens aangebied in die volgende hoofstukke:

HOOFSTUK 2 : DIE VOORKOMS EN BETEKENIS VAN οἶκος Θεοῦ AS METAFOOR IN DIE VROEG-CHRISTELIKE SAMELEWING

HOOFSTUK 3 : DIE METAFOOR οἶκος Θεοῦ EN VERWANTE BEGRIPPE IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

HOOFSTUK 4 : DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR BINNE SY TEKSTUELE KONTEKS

HOOFSTUK 5 : DIE EKKLESIOLOGIE VAN DIE TIMOTEUSBRIEF EN DIE ANDER PASTORALE BRIEWE

HOOFSTUK 6 : DIE BETEKENIS VAN DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR VIR DIE EKKLESIOLOGIESE DEBAT BINNE DIE GEREFORMEERDE KERKE

HOOFSTUK 7 : SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

# HOOFSTUK 2

## DIE VOORKOMS EN BETEKENIS VAN οἶκος Θεοῦ AS METAFOOR IN DIE VROEG-CHRISTELIKE SAMELEWING

***Oorsig:***

2.1 'n Semantiese ontleding van die begrip οἶκος Θεοῦ

2.2 Die begrip οἶκος binne die sosio-historiese konteks van die eerste lesers van die 1 Timoteus-brief

2.3 Gevolgtrekking

Met die oog daarop om die betekenis van die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15 te bepaal, moet eers vasgestel word wat die woorde οἶκος en οἶκος Θεοῦ vir die mense van die destydse samelewing sou beteken het. Die gewig wat hierdie woorde by die eerste lesers gedra het, sou waarskynlik medebepalend gewees het tot watter gevoelswaarde οἶκος Θεοῦ as metafoor sou hê. Vir hierdie doel is dit nodig om die volgende te doen:

- 'n Betekenisbepaling van die begrip οἶκος Θεοῦ oor die algemeen moet by wyse van 'n semantiese ontleding gedoen word.

- Die οἶκος Θεοῦ-begrip moet geplaas word binne die sosio-historiese konteks van die eerste lesers van die brief.

## 2.1 'N SEMANTIESE ONTLEDING VAN DIE BEGRIP οἶκος Θεοῦ

Volgens die *Greek-English Lexicon* van Louw en Nida (1988) kan οἶκος twee dinge beteken: "a building consisting of one or more rooms and normally serving as a dwelling place (οἶκος also includes certain public buildings, for example, a temple) - 'house, temple, sanctuary' ". Hier lê dit binne die semantiese veld 7.2-7.25 wat na *geboue* verwys. Dit kan egter ook die volgende beteken: "the family consisting of those related by blood and marriage, as well as slaves and servants, living in the same house or homestead - 'family, household' " In hierdie geval dra die semantiese veld die opskrif: *Groups and Members of Groups of Persons Regarded as Related by Blood but without Special Reference to Successive Generations* (10.1 -10.13).

Hierdie twee betekenismoontlikhede word dan ook na die genitiefkonstruksie οἶκος Θεοῦ oorgedra.

- Indien οἶκος Θεοῦ op die tempel as bouwerk betrekking sou hê, is die funksie van die genitief Θεοῦ waarskynlik om die subjek aan te dui, m.a.w. 'n subjektiewe genitief (vgl. Thom, 1994:44). Dan sou die strekking van οἶκος Θεοῦ wees *om die plek waar God woon,* aan te dui.

- Indien οἶκος Θεοῦ op 'n huisgesin of 'n huishouding betrekking sou hê, lyk dit met die eerste oogopslag of die funksie van die genitief sou wees om besit aan te dui. *Lea en Griffin* (1992:123) dui egter aan dat God nie net besitter is nie, maar ook, en veral, oorsprong van die huis is. Hierdie siening word versterk deur die daaropvolgende beskrywing van God as ζωντος Θεοῦ: Daar is net een lewende God en Hy is die oorsprong van alle lewe (vgl. 1 Timoteus 6:13).

Hierdie dubbelle betekenismoontlikhede het al verskille by verklaarders laat ontstaan (vgl. Marshall, 1999:507). Dui die οἶκος Θεοῦ op die tempel as bouwerk, of dui dit op die huishouding van God? 'n Blote semantiese ontleding buite die konteks om sal nie hierdie vraag bevredigend beantwoord nie.

## 2.2 DIE BEGRIP οἶκος BINNE DIE SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN DIE EERSTE LESERS VAN DIE 1 TIMOTEUS-BRIEF

'n Spesifieke beeld van die sosiale omstandighede van die geloofsgemeenskappe wat in die Pastorale Briewe aangespreek word, is moeilik bepaalbaar (Malherbe, 1983:99). Nogtans kom die volgende gegewens na vore:

### 2.2.1 Die begrip οἶκος binne Efese as Grieks-Romeinse grootstad

Die kerke wat in die Nuwe Testament beskryf word, het ontstaan in die belangrike stede op die hoofhandelsroetes. Die vroeë Christendom was dus redelik stadsgebonde met al die probleme, spanninge en moontlikhede wat 'n stadslewe van destyds behels het (Malherbe, 1983:65). As handelstad was Efese ideaal geleë: Dit het beskik oor 'n natuurlike hawe en uitstekende binnelandse verbindingsweë. "Paul stepped into a city that was well on its way to eclipsing old rivals Miletus, Smyrna and Pergamum as the greatest and first metropolis of Asia." (Bauch, 1995:17.) In hierdie opsig het Efese se samelewing tipiese eienskappe van ander groot Grieks-Romeinse stede gedeel (Verner, 1983: 79).

Hierdie groot stadsamelewing was georden in basiese samelewingseenhede wat as die οἶκος bekend gestaan het (Towner, 1993:417). Die οἶκος het uit lede van die onmiddellike familie bestaan en is dikwels uitgebrei om slawe, diensknegte en medewerkers in die familiebesigheid en huurders in te sluit. Aan die hoof van die οἶκος het die κύριος gestaan. In beginsel het die κύριος alleenheerskappy oor die ander huisgenote gehad. Terselfdertyd moes hy ook sekere verpligtinge en verantwoordelikhede teenoor hulle nakom. Nogtans was die samebindende faktor eerder die lojaliteit wat die huisgenote teenoor gemeenskaplike ekonomiese, sosiale of godsdienstige doelwitte gedeel het. "The household provided members with a sense of security and identity that the larger political and social structures were unable to give." (Towner, 1993:417.)

### 2.2.2 Die οἶκος by die vroeë Christene in Efese

Toe die Christelike kerk in Efese ontstaan het, het die οἶκος as basiese samelewingseenheid blykbaar nie by gelowiges verval nie, maar in aangepaste vorm bly voortbestaan. In watter mate het die vroeë Christelike οἶκος van ander huisgesinne van daardie tyd verskil? Wanneer hierdie vraag gevra word, moet die volgende opmerking van Kidd (1990:195) in gedagte gehou word: "Measuring cultural accommodation is inherently impressionistic." 'n Realistiese geheelbeeld sal uiteraard nie meer moontlik wees nie.

Dit blyk dat verskillende kragte op die funksionering van die vroeë Christelike οἶκος ingewerk het: Die heersende tendense by die Grieks-Romeinse huisgemeenskappe, die gebruike en wette van die diaspora Jode en dan ook die impak van Christenwees.

### 2.2.2.1 Invloed van die Jodedom

Volgens Meeks (1983:32 e.v.) kan die vroeë Christendom nie sonder 'n begrip van die Jodedom in die Diaspora verstaan word nie, hoe moeilik dit ookal mag wees om die Jodedom in hulle onderskeie kontekste te beskryf. Veral in die geval van Efese is dit belangrik omdat die Joodse gemeenskappe juis daar lewenskragtig was (Meeks, 1983:44). Hiervolgens sou verwag kon word dat die vroeë Christelike οἶκος van die gewone huisgemeenskappe in die Grieks-Romeinse samelewings verskil het deurdat dit meer by die leefwyse van die Jode aansluiting gevind het.

Verner (1983:46) is egter van mening dat die Jode, wat huishoudelike aangeleenthede betref, tog maar aangesluit het by die gebruike en wette van die groter samelewing waarvan hulle deel was. In die proses het hulle baie Joodse aspekte van hulle tradisies en gebruike versaak. Meeks daarenteen, meen die saak is nie so eenvoudig nie: "The Jews knew that their very identity depended upon their maintaining some strict boundaries between themselves and 'the nations'." (1983:36.) Dit was juis hierdie andersheid wat daartoe gelei het dat hulle bure van heidense oorsprong so tot hulle aangetrokke gevoel het. Meeks lê dus meer klem op 'n ambivalensie wat by hierdie diaspora gemeenskappe aanwesig was (Meeks, 1983:39): Hulle was Grieks-Romeinse burgers, maar terselfdertyd steeds Jode.

### 2.2.2.2 Invloed van die Grieks-Romeinse οἶκος-opset

Met die Christelike οἶκος in die Pastorale briewe was dit ewe-eens 'n geval van 'n aanpassing by die heersende norm, volgens Verner. "The prevailing domestic ideal in the church of the Pastorals reflected the dominant social values of the larger society." (1983:182.) Verner lê deurgaans groot klem op hierdie

sensitiwiteit wat daar volgens hom in die Pastorale briewe weerspieël word. Die geloofsgemeenskappe het nie noodwendig die heersende waardes van die samelewing gedeel nie, maar het ter wille van "maintaining a favourable public image" die *status quo* gehandhaaf (Verner, 1983:183). Kidd (1990:200) lewer kommentaar op Verner se stellings. Hy sien in die Pastorale briewe eerder 'n tipiese Pauliniese spanning tussen 'n lojaliteit aan die heersende kultuur enersyds en andersyds 'n lojaliteit aan Christus.

Meeks (1983:76) neem die historiese ontwikkeling van die huisgemeentes in ag. Spanning en konflik met die vergaderings in die Joodse sinagoges het gedien as stimulus vir die ontstaan en groei van huisgemeentes (vgl. Hand 18:6,7). Daardeur het die vroeë huisgemeentes 'n aanpassing ondergaan wat ook interne spanning veroorsaak het. Die Christelike huishouding het nie in alle opsigte met tipiese Grieks of Romeinse huishoudings ooreengestem nie. "In purely social terms there are elements that are strange to the household structure." (Meeks, 1983:77.) Vgl. ook Osiek en Balch, 2001:102.

#### 2.2.2.3 'n Eiesoortige οἶκος-opset by die vroeë Christene

Met verwysing na die sosiale praktyke van die Christelike groepe noem Meeks (1994:213) dat dié gemeenskappe hulself onderskei het van ander kultiese verenigings, klubs en filosofiese skole. Onder die spesifieke praktyke wat hy noem, tel hulle inlywingsrituele, nagmaal, gemeenskaplike teregwysings en dissipline, die organisasie vir hulp aan weduwees, weeskinders en ander swakker lede van die groepe. "Such notions set the early churches sharply at odds with the dominant culture of Mediterranean antiquity." (Hellerman, 2001: 20.)

'n Duidelike voorbeeld van die wyse waarop die Christelike οἶκος van die paganistiese eweknie verskil het, is te sien in die etiek van gasvryheid wat in eersgenoemde gegeld het. Alhoewel die gebruik van gasvryheid hoog aangeslaan was in die antieke tyd, wil dit voorkom asof dit reeds vervaag het in die heidense wêreld van die eerste eeu (Malherbe, 1983:94). Daarteenoor was die vroeë Christelike huisgemeenskappe gekenmerk deur die klem wat daar op gasvryheid geplaas is. Hierdie gasvryheid was eerstens gerig op die ontvangs en herberg van rondgaande evangeliste (Malherbe, 1983:92 e.v.), maar sou nie noodwendig net tot diegene beperk gewees het nie. Trouens, deur die navorsing van Winter (1994) is duidelik aangetoon dat die vroeë Christelike gemeenskappe daarop ingestel was om met goeie werke in die samelewing as 'n geheel te skitter.

Winter se werk is toegespits op die vroeë Christene as weldoeners en stadsburgers. Met die oog op hierdie toespitsing het hy onder andere die rol wat huisgemeentes teenoor die weduwees gespeel het, bestudeer deur 1 Timoteus 5:3 - 6 onder die loep te neem. In sy gevolgtrekkings lewer hy kommentaar op Meeks se reeds gemelde *ambivalensie* as kenmerk van die huisgemeentes se gedrag: "The case studies have shown not so much an 'ambivalence' on the part of the Christians, but rather, like the chameleon which can focus its eyes separately in different directions at the same time, Christian instruction aimed to develop a heavenly and an earthy focus." (1994:201.)

Alle aktiewe lede van die huisgemeentes was gerig op die welvaart van ander in hulle stad. Dit het gebeur selfs wanneer hulle as vreemdelinge behandel is. "The Christian social ethic can only be described as an unprecedented social revolution of the ancient beneficent tradition." (Winter:1994:209.)

### 2.2.3 Gevolgtrekking oor sosio-historiese gegewens

Om die gebruike en leefwyse huisgemeentes in 1 Timoteus onder die gemene noemer van "die Grieks-Romeinse samelewing van destyds" te plaas, kan tot growwe veralgemenings lei. Die Christelike οἶκος-opset van destyds het sekere ooreenkomste en verskille met die heersende opset in die samelewing van die tyd getoon. In die opsig is dit belangrik òm op te merk dat Paulus deurgaans in sy briewe 'n posisie *teenoor* die leefwyse van die Grieks-Romeinse samelewing inneem (Rom 1:18 - 32; 1 Kor 5:1; 6:6; Ef 4:17; 1 Tess 4:5; 1 Tim 5:8; Tit 1:12,15). Teenoor hierdie samelewing moes die Christelike οἶκος 'n alternatiewe leefwyse voorhou (Fil 2:15; Tit 2:10b). Hierdie aspek kom duidelik in die navorsing van Winter (1994) na vore.

## 2.3 GEVOLGTREKKING

Uit die semantiese en sosio-historiese oorwegings blyk dit dat die woord οἶκος in die destydse samelewing óf aan 'n bouwerk óf aan 'n huisgesin sou herinner. Dit blyk dat die οἶκος in sy verwysing na die huisgesin die grootste metaforiese potensiaal gehad het. In sowel die Grieks-Romeinse samelewing as in die Joodse gemeenskappe het die οἶκος as huisgesin verwys na 'n eiesoortige en geordende samelewingseenheid met 'n eie gesagstruktuur. Dit lyk ook of gesinstrukture by die vroeë Christene in Efese in hierdie opsigte nie van die Joods-Hellenistiese huisgesinne verskil het nie, maar tog 'n eiesoortige sosiaal etiese ingesteldheid gehad het. Veral ten opsigte van gasvryheid en goeie dade teenoor ander, het die vroeg-Christelike huisgesinne in die destydse samelewing uitgemunt.

Dit blyk dat die uitdrukking οἶκος Θεοῦ nie sy oorsprong by die Grieks-Romeinse samelewing gehad het nie, maar eerder by die Jodedom, spesifiek die Ou Testament. Op die gebruik van die *Huis van God*-metafoor in die Ou Testament word hieronder in hoofstuk 3 in meer besonderhede ingegaan.

# HOOFSTUK 3

## DIE METAFOOR οἶκος Θεου

## EN VERWANTE BEGRIPPE IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

***Oorsig:***

3.1 Die metafoor οἶκος Θεοῦ in die Ou Testament

3.2 Die metafoor οἶκος Θεοῦ in die Nuwe Testament

3.3 'n Oorsig van Nuwe-Testamentiese lig op die οἶκος Θεοῦ-metafoor

3.4 Gevolgtrekking

Die wortels van die uitdrukking *huis van God* moet waarskynlik by die Ou Testament gesoek word. Vandaar is dit deur die Jodedom oorgeneem en is dit ook in die Nuwe Testamentiese geskrifte en in die vroeë Christendom gebruik. Nie net die uitdrukking οἶκος Θεοῦ nie, maar ook talle ander verwante uitdrukkings word in die Ou en Nuwe Testament gebruik om aan die begrip *huis van God* uitdrukking te gee. Enersyds is daar 'n ooglopende verwantskap tussen οἶκος Θεοῦ en die verwysings na die boustrukture van tabernakel en tempel. Andersyds kom die huisgesin en verhoudinge wat daarmee verwant hou, ook onder die soeklig: vader, moeder, kinders. So kom ook God as Vader, sy kinders en hulle onderlinge verhoudinge ter sprake.

Die verwysing na God as die *lewende* God in 1 Timoteus 3:15 beteken dat God nie net die God is wat die lewe onderhou nie, maar dat Hy ook die God is wat lewe gee. As Vader van elke familie op hemel en op aarde is hy ook die Een wat hulle 'n naam gee (Ef 3:15). As Vader behoort die wêreld en die wat daarin woon aan Hom (Ps 24:1). Hy is inderdaad ook die Huishoof, wat alles volgens sy plan bestuur. "God can be considered as the divine orderer of all life in the universe. Consequently, all life in every household is responsible to its maker-builder." (Crosby, 1988:82.)

# 3.1 DIE METAFOOR οἶκος Θεοῦ IN DIE OU TESTAMENT

## 3.1.1 Voor die sondeval

Die uitdrukking οἶκος Θεοῦ (בֵּית יְהוָה) word nie in Genesis 1 en 2 gebruik nie. Tog verskyn die *huis van God*-begrip binne die gesigsveld in verwysings na die mens as beeld van God; ook in die verhouding wat God tussen man en vrou as begin van die huisgesin stel.

### (1) Beeld van God en *huis van God*

Aan die begin stel God 'n besondere verhouding tussen Hom en die mens wat Hy skep. Volgens Genesis 1:26,27 is die mens gemaak na God se beeld.

Deur die mens na sy beeld te maak, stel God 'n besondere lewende band tussen Hom en die mens: Die mens dra die *gelaatstrekke* van God. In die algemene sin is God dus ook die Vader van die mens(dom) (vgl. Otto, 1992:506).

Deel van die beeld-wees is dat die man ook *vader* word en die vrou *moeder*. *Ons beeld* beteken dat God *man en vrou* skape met die opdrag om kinders voort te bring: *wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde*. Man, vrou met kinders is dus ook die weerspieëling van God se beeld, 'n uitdrukking van sy wese.

Die ganse wêreldbevolking het sy oorsprong by 'n paar wat God die generiese naam van *mens* gegee het (Gen 5:2). God se Vaderskap word gerealiseer in die voortplanting van die mens deur die maak van kinders - soos Adam vir Set verwek het *na sy gelykenis, na sy ewebeeld* (Gen 5:3 vgl. 1:26). Sodoende sit die mens die werk voort wat deur God die Vader begin is.

Hierdie beeld het 'n wederkerigheid:

- Om iets van God te verstaan, moet na aardse vaders gekyk word.
- Om iets te verstaan van hoe aardse vaders behoort te wees, moet na God as hemelse Vader gekyk word.

God se beeld is daarom ook 'n gesinsbeeld (vgl. Frame, 1991:230). So word die verborge werking van God se huishouding aan die gelowiges in die Johannes-evangelie voorgehou as gesinswerk: *My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook*, sê die Seun Jesus Christus (Joh 5:17).

Die menslike huisgesin is dus by implikasie reeds ter sprake in Genesis 1:27,28. Hier kom enkele aspekte van die gesin na vore. Daar is geslagtelike onderskeiding tussen man en vrou. Danksy God se seëning het hulle ook die vermoë om die opdrag tot vermeerdering en skeppingsregering uit te voer.

## (2) Man, vrou en huisgesin

In Genesis 2 word die vorming van die eerste menslike gesin en hulle verantwoordelikheid in groter besonderhede en volgorde uiteengesit. Die man word eerste geskape en ook die verantwoordelikheid tot *bewerking* en *bewaking* van die tuin opgedra (15). Aan hom kom ook die opdrag om hom te onthou van die *boom van kennis* (17). Vervolgens word die vrou geskape as *hulp wat by hom pas* (hierdie vertaling van vers 18 word bevestig deur Wenham [1987:68]). Die huwelik tussen man en vrou vind sy begronding in vers 23 (Matt 19:5,6; Ef 5:31).

Wat wil God met die huwelik en huisgesin, hierdie saamwees van man, vrou en kinders? Maleagi 2:15 lees só in die '83-vertaling: *Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar 'n nageslag moet wees, wat Hom eer.*

Daar moet 'n nageslag wees en daardie nageslag moet Hom eer - 'n *Goddelike geslag,* soos die '53-vertaling sê. God wil dat daar 'n nageslag sal wees wat Hom eer ... nie enige nageslag nie, maar 'n Godvererende nageslag. Dit kan eerstens net moontlik wees indien daardie nageslag God ken en weet hoe Hy vereer wil word. Onderrig in God se Woord is dus van groot belang (vgl. Gen 18:19).

Die eerste *onderrig* in God se Woord vind tussen Genesis 2 en 3 plaas. Wanneer die vrou in Genesis 3 deur die slang gekonfronteer word, is sy in staat om die opdrag rondom die boom van kennis getrou weer te gee. Haar man het haar daarin onderrig.

### 3.1.2 Na die sondeval

Ook in Genesis 3 word die metafoor οἶκος Θεοῦ nie gebruik nie. Tog is die saak wel aanwesig in die kwessie van geestelike leierskap.

Geestelike leierskap in die huwelik en gesin kom na die sondeval duideliker na vore. God het die man die verantwoordelikheid tot geestelike leierskap gegee. Wanneer Hy die mensepaar in hulle gevallenheid opsoek, is dit juis die man wat tot verantwoording geroep word (vgl. 2$^{e}$ persoon enkelvoud aanspreekvorme in 3:9,11). Die uitspraak in 3:17 oor die man word dan ook ingelei deur: *Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou* ... As deel van die oordeel wat die mensepaar oor hulself gebring het, sal daar rondom die kwessie van leierskap voortaan wipplank gery word (Gen 3:16c). Volgens Hamilton in sy kommentaar op hierdie vers (1990:202): "the relationship now becomes a fierce dispute, with each party trying to rule the other".

Wanneer die geskiedenisse van Abraham (Gen 16:2), Salomo (1 Kon 11:4), Agab (1 Kon 21:25), die algemene toestand tydens die optrede van Jesaja (Jes 3:12) en die gedrag van die vlugtelinge in Egipte (Jer 44) onder oë geneem word, is dit duidelik dat die manlike geslag ook nie altyd noodwendig die geestelike leiding geneem het nie.

### 3.1.3 Godsvolk as οἶκος Θεοῦ

God is ook die Vader van die huis van Israel, die verbondsvolk, want *is Hy nie jou Vader, wat jou geskape het nie; het Hy jou nie gemaak en jou toeberei nie?* (Deut 32:6). Dit is in die besonderse sin as Oorsprong, die Een wat Israel as 'n volk die lig laat sien het, dat God die Vader is van sy volk (vgl. ook Deut 14:1; Jes 63:16; 64:8; Jer 31:9; Mal 1:6; 2:10). Net so is God 'n Vader vir Dawid, want God het sy koninklike geslag in die lewe geroep deur die Dawidiese verbond (2 Sam 7:14; 1 Kron 17:13; 22:10; 28:6; Ps 89:27).

Daar is heelwat aanduidings dat God binne die konteks van die verbond vaderlike verantwoordelikhede aanvaar het. *Soos 'n man sy seun dra*, het die Here Israel deur die woestyn gedra (Deut 1:31). *Soos 'n man sy seun onderrig* het, so het God die volk onderrig (Deut 8:5). Dawid sê ook met vertroue dat *die Here Hom oor die wat Hom vrees* ontferm *soos 'n vader hom ontferm oor die kinders* (Ps 103:13).

### 3.1.4 God se οἶκος as boustruktuur

Wanneer die begrip οἶκος saam met God se Naam of Name gebruik word, dui dit in die Ou Testament gewoonlik op die heiligdom, d.w.s. die tabernakel of die tempel (Goetzmann, 1971:247).

In Genesis 3:23,24 dryf God die menslike paar die tuin van Eden uit. Daarna word daar gerubs geplaas om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. Volgens Wenham (1987:74) is hier 'n vooruitwysing na die ontwerp van die tabernakel en die bepalings daaromtrent. Soos die tuin van Eden was die tabernakel 'n plek waar God met sy volk verkeer het. Om uit die gemeenskap van Israel of uit die teenwoordigheid verban te word, was om lewend dood te wees. Volgens die psalmdigter kon die gelowige *drink uit die stroom van genietinge* in God se huis (Ps 36:9). Die fisiese dood wat die mensepaar ervaar het, was inderdaad die finale beseëling van die geestelike dood wat hulle reeds ervaar het nadat hulle van die verbode boom geëet het.

Die begrip οἶκος Θεοῦ kom die eerste maal in die Ou Testament ter sprake in Genesis 28:17 waar dit in dieselfde asem as *die poort van die hemel* genoem word. Alhoewel *die poort van die hemel* dui op 'n plek waar die hemel vir die mens toeganklik is, dui *poort* tog ook op 'n versperring van toegang. "All these notions centre around the locale, the holy place, house of God, stairway, door; they are in the context of the dividing line between the divine and the human, the line where awe begins" (Westermann, 1985:457).

Na die uittog uit Egipte gee God noukeurige voorskrifte oor die bou van 'n sentrale heiligdom, omdat Hy onder sy volk wil woon (Eks 25:8; 29:45,46). "Hy vereenselwig Hom so met sy volk dat Sy woning ook soos hulle s'n is, naamlik 'n tent." (Helberg, 1976:246.) Die tabernakel het bestaan uit die voorhof, die Heilige en die Allerheiligste. In die voorhof het die brandofferaltaar gestaan. In die Heilige was daar onder meer die reukofferaltaar - simbool van die gelowiges se gebede. Die verbondsark staan in die Allerheiligste, slegs toeganklik vir die Hoëpriester. Die versoendeksel was bo-op die ark. Op die Groot versoendag is dit met bloed besprinkel - simbolies vir die versoening (Lev 16:15,16).

Die οἶκος Θεοῦ as woonplek van God in die Ou Testament simboliseer dus terselfdertyd Goddelike afstand en teenwoordigheid. Omdat daar 'n onoorbrugbare afstand tussen God en mens is vanweë die sonde, pas dit die mens om God se teenwoordigheid met diepe vrees en eerbied te betree. Tog woon God onder sy volk. Deur bemiddeling van die priesters bewerk Hy versoening vir hulle en word hulle gebede ontvang. In die οἶκος Θεου het die volk en inderdaad alle volke *'n huis van gebed* (Jes 56:7 vgl. 1 Kon 8:41-43).

As οἶκος Κυρίου is die tempel 'n meer gevestigde en permanente woonplek as die tabernakel. Tog vra Salomo in sy gebed by die inwyding of dit werklik moontlik is om God in die omvang van die tempel te beperk (1 Kon 8:27). Hierdie gedagte het reeds vroeër posgevat met die aanduiding in 2 Samuel 7 dat God uiteindelik vir Hom 'n huis van 'n heeltemal ander aard beoog. Hier blyk dit dat die Here se inwoning nie op 'n gebou afgestem is nie, maar op die huis van Dawid, 'n koningsgeslag en uiteindelik by implikasie die huis van Israel self (vgl. Helberg 1976:341).

### 3.1.5 Huishouding in Israel

Vanuit die eerste huwelik en gesin het die οἶκος τοῦ πατρός ontwikkel. Hierdie gesin het nie net die vader, sy vrou of vrouens ingesluit nie. Ongetroude en getroude kinders met hulle vroue en hulle kinders, asook hulle diensknegte, was ook deel van die οἶκος τοῦ πατρός (De Vaux, 1961:25). Hierdie vader was dan ook die een wat ter sprake was met die opdrag tot verbondsonderrig in Deuteronomium 6:1,2.

Wanneer 'n groep gesinne 'n stam gevorm het, het die leiding ook oorgegaan in die γερουσίας, πρεσβύτεροι en die ἄρχοντες τῶν πατριῶν (De Vaux, 1961:25). Dit was waarskynlik in laasgenoemde hoedanigheid dat Josua die volgende stelling gemaak het: ...
*ek en my huis ons sal die Here dien* (Jos 24:15 vgl. 22:14). Dit is onduidelik of die *bekwame manne* (Eks 18:21) en *wyse en verstandige en bekwame manne* (Deut 1:13,15) wat vir die leiding van die verbondsvolk gebruik is, uit hierdie geledere gekom het. Nogtans is dit in verskeie tekste vanaf Deuteronomium 19 - 29 duidelik dat die γερουσίας soos die *bekwame manne* wel met die regspraak gemoeid was.

In Genesis 17:23 kom dit na vore dat die begrip οἶκος binne die verbondgemeenskap breër strek as net ouers met kinders. Die οἶκος in die sin van huisgenote bestaan dus uit mense wat deur bloedverwantskap en gemeenskaplike behuising verbonde is. Huisstigting word ook *huisbou* genoem (Neh 7:4). Diensknegte, inwonende vreemdelinge, weduwees en wese is almal huisgenote onder beskerming van die οἶκος τοῦ πατρός (De Vaux, 1961:49).

Met bogenoemde in gedagte, is dit duidelik dat God se vaderskap hierby aansluit. Hy wil dat sy *heilige woning* ook gevul word met die wese, weduwees en eensames. Daar moet ook plek wees vir die wat soms in die aardse huisgesin geen plek het nie (Ps 68:6,7).

## 3.2 DIE METAFOOR οἶκος Θεοῦ IN DIE NUWE TESTAMENT

Die huisgesin-metafoor in terme van *Vader* en *kinders* wat in die Ou Testament sy beslag gekry het (vgl. 3.1.1 hierbo), word in die Nuwe Testament sterk uitgebou.

Uit die Nuwe Testament leer ons eerstens om God as *ons Vader* aan te spreek (Matt 6:9). Diegene wat deur Jesus Christus verlos is, word kinders van God genoem (bv. Gal 4:1-7). Hierdie is twee van die basiese stellings waardeur die Nuwe Testament 'n analogie skep tussen die gesin en die kerk. Deur hierdie gesinsanalogie maak God besonderse beloftes aangaande sy liefde, die gelowige se toekomstige erfenis en intieme omgang met Hom (vgl. Rom 8:12 - 17; Heb 12:5 - 11; Op 21:7).

## 3.2.1 Οἶκος Θεοῦ in die Evangelies

In die Evangelies is die implikasies en die gebruik van die huis-metafoor veelvoudig. "It is one of the significant images used by Jesus in his teachings concerning the kingdom and discipleship, especially the parables. The household functions both as social reality and as a social metaphor." (Love, 1993:27.)

Dit blyk dat die metafoor uitgebou word rondom God as Vader, wat op sigself 'n basiese Nuwe Testamentiese leerstelling is. Dat na God as *Vader* verwys word, neem 'n aanvang met die bergrede (vgl. Matt 6:9) en word die Goddelike benaming by uitstek in die Evangelies. Op hierdie kern-leerstelling berus die hele huis-metafoor.

### 3.2.1.1 Matteus en Markus

Crosby (1988:11) sien οἶκος as die "assumed primary metaphor" van die Matteus-evangelie. Sonder die begrip οἶκος kan die eerste evangelie nie behoorlik verstaan word nie. Die οἶκος was immers die sentrum van die politieke, ekonomiese, godsdienstige en kerklike lewe van die tyd.

Tog is daar 'n uitbreiding in die Matteus- en Markus-evangelies op die οἶκος as sosiale instelling van die tyd. Jesus noem God sy *Vader*. Die οἶκος word ook gebruik ter aanduiding van die verhouding tussen Jesus en God. Hierdie stelling is nie afhanklik van 'n biologiese verhouding nie, maar is gegrond op 'n besonderse openbaring waarin God die onvergelykbare status van Jesus as sy Seun bekendmaak (Matt 11:25 - 27).

Verder brei die Matteus- en Markus-evangelies die οἶκος uit om ook Jesus se dissipels in te sluit. Dit blyk uit die feit dat Jesus net in sy woorde aan sy dissipels die uitdrukking *julle Vader* gebruik. Jesus het dus nie geleer dat God die Vader van die mensdom is nie. Inteendeel, God se Vaderskap was direk gekoppel aan die mens se verhouding met Jesus self. God betoon Homself as Vader van die dissipels in sy goedheid (Matt 5:45), sy vergewende liefde (Mark 11:25) en versorging (Matt 6:8). Die dissipels ontvang ook van die Vader die gawes van die koninkryk (Matt 7:11).

Hierdie besonderse ervaring van God se Vaderliefde plaas die dissipels onder die verpligting om sy mede-dissipels as broers en susters aan te neem (Matt 12:46 e.v.; Mark 3:31 e.v.). So word die οἶκος Θεοῦ uitgebrei om 'n nuwe gesinsverband te vorm.

Verbondenheid aan hierdie nuwe gesinsverband kan selfs verdeling in die biologiese gesinsverbande tot gevolg hê. Vader kan teenoor seun, moeder kan teenoor dogter en huishoof kan teenoor huisgenote te staan kom (Matt 10:21,35; Mark 13:12). Die prysgawe van die natuurlike gesinsverbande ten einde die nuwe gesinsverband van die οἶκος Θεοῦ gestand te doen, is nie sonder vergoeding nie (vgl. Mark 10:29,30).

Die οἶκος-metafoor word nie net met verwysings na die koninkryk van die hemele gebruik nie; ook na Satan se koninkryk word as 'n οἶκος verwys. Beëlsebul word die *heer van die huis* genoem en diegene wat hom dien, is sy huisgenote (Matt 10:25; Mark 3:22 e.v. Vgl. ook Matt 12:25-29).

### 3.2.1.2 Lukas

Volgens Elliott (1991:117) dien οἶκος Θεοῦ ewe-eens as die hoof metafoor in die Lukas-evangelie om die nuwe lewe en leefwyse in die koninkryk van God uit te beeld. Dit val veral by Lukas op dat die grense van die οἶκος Θεοῦ uitgebrei word om die verstotenes, uitgeworpenes, Samaritane en heidene in te sluit. Dié wat die woorde van Jesus gehoorsaam is, word lede van die nuwe gesin (Luk 8:19 - 21). In hierdie huis is Jesus die barmhartige οἰκοδεσπότης (12:35 - 40; 12:22 - 30; 7 - 11,12 - 14,15 - 24; 19:11 - 27). Die etes waarvan Jesus spreek (14:6 - 24; 15:3 - 32), waarmee Hy ook leiding gee (22:7 - 38; 24:28 - 31,36 - 49) en waar Hy ook bedien 12:37; 22:27), gee aanduidings van die omvattendheid, gemeenskap, wedersydse diens en vreugde so kenmerkend van οἶκος Θεοῦ. In die οἶκος Θεοῦ is daar rentmeesters (οἰκονομοι, 12:42; 16:1 - 9) en bediendes (οἰκεται, 16:13) wat verantwoording doen ten opsigte van dit wat aan hulle toevertrou is. Die Huisheer se nederige diens in die οἶκος dien as voorbeeld vir hulle eie diens.

### 3.2.1.3 Johannes

Van der Watt (2000:397 e.v.) kom tot die gevolgtrekking dat die *Familie van die Koning* die hoof metafoor is wat die evangelie volgens Johannes betref. Hy skryf dit na aanleiding van die dominante rol wat die familiale beeldspraak in die betrokke evangelie speel. Familiale beeldspraak bestaan uit 'n verweefde netwerk van verskillende metafore wat meestal onder twee hoofgroepe sorteer: Geboorte / lewe en Vader / Seun. In beide hierdie en in ander gevalle is *familie* die onderliggende metafoor wat funksioneel aanwesig is. Die *familie* bestaan uit die Vader, die Seun en die ander kinders wat uit God gebore is.

Dit is duidelik dat Johannes die woord *Vader* feitlik as 'n sinoniem vir *God* gebruik. Hierdeur word Jesus se unieke verhouding met God uitgedruk (Joh 6:57; 10:30; 14:10 e.v.). As die Seun aan Wie 'n volledige kennis van God toegewys is (3:35; 10:15a; 16:15a), openbaar Jesus die Vader (1:18; 8:26 - 29; 12:49 e.v.; 14:7,9). Daarmee skenk Hy aan diegene wat aan Hom behoort die status om kinders van God te wees - 'n status wat slegs deur die Seun bereik kan word (14:6; 17:25 e.v.).

### 3.2.2 Οἶκος Θεου in die Handelinge van die Apostels

Elliott (1991:90) meld dat een van die kenmerke van die boek Handelinge die spanning tussen tempel en huishouding is. Die Christelike οἶκος neem gaandeweg in Handelinge in belangrikheid toe ten koste van die tempel as historiese instelling. In die verband dien die οἶκος as beide 'n historiese en metaforiese werklikheid. "The church which grows through Household conversions becomes at the same time a worldwide Household of faith " (Elliott 1991:107.) In die proses beweeg die Gees van God en sy heiligmakende krag van die tempel na die Christelike οἶκος." The household thus serves in Luke-Acts as both a historical and metaphorical reality." (Elliott 1991:107.)

Om die buitestanders, die Samaritane en die heidene in te sluit, word die grense van God se huishouding deur die boek Handelinge verbreed. Dit is die eerste opdrag wat die dissipels kry in die eerste hoofstuk (Hand 1:8). By hierdie geleentheid word hulle ook herinner aan die genade en alwetendheid van God as Vader (Hand 1:4,7). Die uitstorting van die Heilige Gees wat hierop volg, word ook beskrywe as 'n genadige handeling van die Vader (Hand 2:33). Hierop volg dat Jesus as die *Seun van God* erken word (Hand 8:37; 9:20). Gelowiges wat deel word van hierdie nuwe huishouding word broers en susters vir mekaar en spreek mekaar dan ook as sodanig aan (Hand 1:15,16; 2:29,37; 6:3; 9:17,30; 10:23; 11:1,12,29; 12:17; 14:2; 15:1,3,7,12,22,23,32,33,36,40; 16:2, 40; 17:6,10,14; 18:18,27; 21:7,17,20,22; 22:13; 28:14,15).

### 3.2.3 Οἶκος Θεοῦ by Paulus en die Algemene briewe

In sy omvattende werk oor die teologie van Paulus word die begrip οἶκος Θεοῦ nie deur Ridderbos (1966) bespreek nie. 'n Moontlike verklaring hiervan kan wees dat hy die begrip as 'n "assumed primary metaphor" aanvaar het en dit daarom buite rekening gelaat het. Wat Banks (1980:54) betref, is *familie* egter 'n "key image" by Paulus. Die grondslag van Paulus se familie-terminologie word gevind in die verhouding wat daar tussen Christus (en deur Hom ook alle gelowiges) en God bestaan. Gelowiges moet hulself dus as deel van die goddelike familie sien. Reeds in sy vroegste briewe gee Paulus aanduiding dat God die Vader van hierdie *familie* is. Om God as Vader te hê, impliseer 'n intieme familieverhouding met Hom. Op grond van die werk van Christus word die gelowiges tot kinders van God aangeneem en kan daarom deur die Gees uitroep *Abba, Vader* (Rom 8:15). Dit het uiteraard implikasies vir die lewe in die plaaslike gemeentes: Die gelowiges daarin moet hulself eerstens sien as lede van dieselfde familie (Rom 9:8).

Towner (1993:418) verwys selfs na "the dominance of the household concept in Paul's thought". Paulus het ook die bediening en Woordbedienaar op hierdie wyse beskryf. Hy beskou die bediening as 'n kategorie van *huishouding* (οἰκονομία 1 Kor 9:17; Kol 1:25), 'n plig wat deur die Huisheer aan 'n lid van die huishouding opgedra is. Die een wat hierdie vertroue ontvang het, word die *rentmeester* (οἰκονόμος 1 Kor 4:1,2; Tit 1:7) genoem. Sodoende word die noodsaak tot die getroue uitvoering van pligte en verantwoordelikheid aan die Huisheer beklemtoon.

Paulus sien ook die Christelike gemeenskap as plaasvervangend vir die tempel, die *huis van God* (Ladd, 1974:540). Omdat die Gees van God in hom woon, het die individuele gelowige die tempel van God geword (1 Kor 6:19). As die tempel van God is die gelowige heilig. Daarom het hy nie die reg om te beskik oor sy liggaam soos hy wil nie.

Dit is egter nie net die individuele gelowige wat die tempel van God is nie: Die Gees leef ook in die geloofsgemeenskap as 'n geheel (1 Kor 3:9 - 23). In hierdie geval is Christus die fondament van die gebou en die apostels die boumeesters wat daarop bou.

As woonplek van God het die geloofsgemeenskap ook die verantwoordelikheid om heilig te lewe. *Watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode*? vra Paulus in 1 Korintiërs 6:16. Met hierdie vraag word die heiligheid van die gelowiges beklemtoon en word die geloofsgemeenskap teenoor die afgodiese gebruike van die heidene gestel.

In Efesiërs 2:19 - 22 word dieselfde metafoor op die universele kerk van toepassing gemaak. Gelowiges uit die heidendom is nie meer vervreem van God se volk nie. Hulle is nou huisgenote van God, maar ook 'n tempel gebou op die hoeksteen wat Christus is en die fondament wat die profete en die apostels gelê het. God se teenwoordigheid het dus verskuif van die Jerusalemse tempel na 'n nuwe huis, die Christelike kerk. In hierdie Skrifgedeelte word albei gestaltes van die *huis van God*-metafoor in een asem gebruik: Die *huis van God* is terselfdertyd geestelike bouwerk en geestelike huisgesin. Hierdie tweesydige aanwending van die metafoor kan dan ook toeligting gee op die skynbaar problematiese gebruik van die metafoor in 1 Timoteus 3:15.

Beide hierdie gebruike van die metafoor kom ook in die res van die Nuwe Testament voor.

- As *kinders van God* staan die gelowiges in kontras met diegene buite God se gesin (1 Joh 5:1 - 5).

- Om *kind van God* genoem te word beteken ook om Jesus Christus as ouer broer te hê (Rom 8:29; Heb 2:11).

- Die gelowige is wettig aangeneem vanuit 'n slawestand (Gal 4:1 - 7).

- As sodanig word hy 'n mede-erfgenaam (Rom 8:17).

- As 'n gehoorsame kind moet hy die goeie karakter van die Vader navolg (Ef 5:1; 1 Pet 1:14 - 17).

Die verdere implikasies van die metafoor *οἶκος Θεοῦ* is die gemeenskap van die gelowiges, geborge in die nuutgevonde gesinskring wat ook op wedersydse diensbaarheid, die aanvaarding van plig en verantwoordelikheid dui.

## 3.3 'N OORSIG VAN NUWE TESTAMENTIESE LIG OP DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR

### 3.3.1 'n Hemelse Vader met 'n aardse huisgesin

Met verwysing na Efesiërs 3:15 skryf Bavinck (1976:274) dat die Vadersnaam van God nie daar is as gevolg van 'n oordragtelike spreekwyse van mense na God nie. Die verhouding is eerder omgekeerd. "Het vaderschap op aarde is eene verre, zwakke gelijkenis van het Vaderschap Gods. God is Vader in waarachtigen en volkomenen zin " Onder mense is vaderskap tydelik en in 'n sekere sin toevallig. Dit begin eers laat en hou met die dood weer op. In God is dit gans anders. Hy is enkel en geheel Vader; Hy is alleen Vader; Hy is Vader vir ewig, sonder begin of einde.

Dieselfde gevolgtrekking kan ten opsigte van die οἶκος Θεοῦ gemaak word. Die liefde, offervaardigheid en pligsbesef van die Goddelike οἶκος verskaf die bloudruk vir die aardse οἶκος. Die *familia Dei* van die Vader, die Seun en die Heilige Gees kan dan ook in 'n sekere sin gesien word as die argetipe van die wat ons as die *beeld van God* verstaan. Net soos

die Vader nie sal wees wat Hy is, sonder die Seun nie, so kan die Heilige Gees nie ingedink word sonder die Vader en die Seun nie. Die mensdom is 'n familie wat van 'n gemeenskaplike vader (Adam) afstam en deel aan sy natuur het. "The *familitas* of humanity, then, is God's image on the earth." (Otto, 1992:511.)

Die Seun deur Wie God die wêreld geskape het, reflekteer ook God se heerlikheid waar Hy aan God se regterhand sit. Deur sy Gees trek Hy die mens na die Vader (Rom 8:15; Gal 4:6) en na die ander *huisgenote van die geloof* (Gal 6:10). In Christus deel hulle in die voorregte en verantwoordelikhede van God se huisgesin. In Christus *is julle nie nou meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God* (Ef 2:19). As die verloste familie van God is die kerk 'n plek van troos, hoop en genesing vir diegene wat afgedwaal het of nooit liefde van God geken het nie.

Sodoende is die kerk 'n afskynsel van die heerlikheid van Christus. Dit verskaf 'n huis vir die vreemdeling, 'n plek waar hy aanvaar word, 'n plek waar 'n ware gemeenskapslewe ervaar word. "Women and men are directed towards one another, and only together are they the whole image of God on earth. Human community is to be like God, and it is to be made like God by women and men, parents and children." (Otto, 1992:513.)

### 3.3.2 'n Inklusiewe en eksklusiewe huisgesin

Οἶκος Θεοῦ is dus inklusief. Dit brei deur die toevoeging van verbondskinders uit, maar ook deur die missiologiese opdrag van die huisgenote. God wil 'n geslag hê wat Hom dien en eer (Mal 2:15); Hy wil dat sy huis vol sal word (Luk 14:23).

Terselfdertyd behou die οἶκος Θεοῦ sy heiligheid en afgegrensdheid van 'n sondige wêreld, *die tente van goddeloosheid* (Ps 84:10). Die tempel van God, die geloofsgemeenskap het immers volgens 2 Kor 6:16 geen ooreenkoms met die afgode nie. Om God as Vader te hê en deel

van sy huisgesin te wees, beteken dat jy nie gemeenskap met die ongeloof sal hê nie (2 Kor 6:17,18). In daardie sin funksioneer οἶκος Θεοῦ eksklusief. God se huis moet nie net bestuur word nie, maar sy voorhowe moet ook bewaak word (Sag 3:7).

### 3.3.3 Teëbeeld van die Goddelike ekonomie

In gesinsverhoudings word verskillende ander verantwoordelikhede toegeken en aanvaar. Die menslike gesinsekonomie vind sy teëbeeld in die Goddelike ekonomie. Hierdie pligverdeling en verantwoordelikheids-aanvaarding hef nie die gelykwaardigheid van die gesinsgenote op nie (Gal 3:28). Die huisgenote is gelykwaardig, maar nie gelykpligtig nie (1 Kor 12:12-31; Ef 5:22,25; 6:1,4 ens.).

So aanvaar die gereformeerde leer ook geen subordinansie van die Seun aan die Vader nie. Die Skrif beklemtoon die volkome gelykheid van Christus met die Vader, maar terselfdertyd word ook die Seun se volkome gehoorsaamheid en onderdanigheid aan die Vader beklemtoon (vgl. bv. Joh 1:1; 8:58; 17:5 met Joh 5:19 e.v., 30 e.v.; 8:50; 6:38 ens.). As Middelaar het die Seun Homself aan die Vader onderwerp, het Hy met gehoorsaamheid die menslike situasie ingegaan. "What is said about Christ's subordination to the Father is to be understood within the context of the plan of redemption in which the Son submitted Himself to the authority of the Father. The equality of Father and Son was in no way infringed by the economic subordination of Son to Father." (Bordwine, 2001:27,28.) Hierdie gehoorsaamheid word dan ook aan die huisgenote van die geloof voorgehou as navolgingswaardig (Fil 2:5-8).

## 3.4 GEVOLGTREKKING

- Die metafoor οἶκος Θεοῦ en wat alles daarmee saamgaan (vaderskap, gemeenskap, huishouding, verantwoordelikheid, gehoorsaamheid, ens.), kom in beide die Ou Testament en die Nuwe Testament voor. Die metafoor is grondliggend aan die Skrif se spreke oor die gemeenskap met God en God se gemeenskap.

- Die dominante rol wat die tabernakel/tempel gemeenskap met die gepaardgaande seremoniële wette as οἶκος Θεοῦ in die Ou Testament het, word algaande in die Nuwe Testament met die koms van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees vervang met die realisering van οἶκος Θεοῦ as huisgenote in die geloof.

- Die heiligheid van God die Vader en die daaruit afgeleide heiligheid as verpligting van die geloofsgemeenskap word deurgaans in beide Testamente gehandhaaf.

- Οἶκος Θεοῦ is enersyds afgegrens teen die afgodery en dwalinge van heidendom, maar andersyds ook op die heil en redding van mense uit die heidendom gerig. Die *huis van God* is afgegrens, maar word ook terselfdertyd uitgebou.

- Die huwelik en die gesin is die basiese boustene van οἶκος Θεοῦ. God se huishouding en die gelowiges se huishouding is op mekaar afgestem. In beide geld Vaderlike liefde en gesag. In beide is daar 'n spesiale plek vir die vreemdeling, weduwee en wees. In beide vind 'n weerspieëling van die Goddelike ekonomie plaas deurdat die huisgenote gelykwaardig, maar nie gelykpligtig gestel word.

# HOOFSTUK 4

## DIE οἶκος Θεοῦ–METAFOOR

## BINNE SY TEKSTUELE KONTEKS

***Oorsig:***

4.1 Die strukturele opset van 1 Timoteus

4.2 'n Gedagtestruktuurontleding van 1 Timoteus 2:1 - 1 Timoteus 3:16

4.3 Gevolgtrekkings vanuit gedagtestruktuurontleding

4.4 'n Struktuurfondament vir 2:1 – 3:16

4.5 Afleidings uit die gedagte-opbou van 2:1 - 3:16

4.6 'n Sintese en samevattende gevolgtrekking van bogenoemde

Uit Hoofstuk 2 hierbo het dit geblyk dat die οἶκος-begrip by die vroeë Christene naas 'n ooreenstemming met die destydse Joods-Hellenistiese samelewing ook 'n eiesoortige aanwending gehad het. Uit hoofstuk 3 het dit duidelik geword dat die wortels van die οἶκος Θεοῦ-begrip in die Ou Testament lê en ook in die geskrifte van die Nuwe Testament oorgeneem is. Ten einde vas te stel tot watter mate die οἶκος Θεοῦ-begrip in die eerste Timoteusbrief by bestaande gebruike aangesluit het, moet οἶκος Θεοῦ waar dit in 1 Timoteus gebruik word, binne sy tekstuele konteks geplaas word. Die kontekstuele plasing word gedoen deur:

- die strukturele opset van die hele Timoteus-brief te beskryf;
- 'n gedagtestruktuurontleding van die perikoop waarbinne die οἶκος Θεοῦ-metafoor gebruik word (1 Tim 2:1 - 3:16).

## 4.1 DIE STRUKTURELE OPSET VAN 1 TIMOTEUS

Die meeste eksegete en navorsers vind weinig of geen planmatige, logiese struktuur in 1 Timoteus nie. Die invloedryke kommentaar van Dibelius en Gonzelmann (1972:5) kom tot die gevolgtrekking: "All these observations justify the hypothesis that the regulations in 1 Timothy are not a uniform piece but rather represent a collection of various materials."

Sedertdien is hierdie aanname egter bevraagteken. Beide Bush (1990) en Gibson (1996) sien elk op eie wyse 'n welomlynde struktuur. Beide lê klem op die onderliggende chiastiese strukture in die brief.

Die vraag na 'n gestruktureerde gedagtelyn in die brief bly dus steeds legitiem. In die soeke na 'n antwoord moet die literêre aard, doel en sentrale motief van die brief ondersoek word.

### 4.1.1 Die literêre aard

As daar na die 1 Timoteus en die tipiese briefkenmerke van die tyd en ook meer spesifiek die ander Pauliniese briewe gekyk word, is daar heelwat ooreenkomste maar tog ook 'n paar merkbare verskille. Die aanhef en slot van die brief is standaard, maar tog met betekenisvolle uitsonderings.

Soos by ander briewe in die tyd (vgl. Aune, 1987:184) stel die sender homself voor met die soort van titels en benamings wat sy gesag en amptelikheid beklemtoon. Dit is opvallend dat Paulus sy gesag in die briefliggaam self telkens herbevestig (1:12,16,20; 2:7; 6:13). Wanneer Paulus hom daarop beroep dat hy 'n apostel is, doen hy dit nie om daarop te roem nie maar om sy gesag, sy opdrag en die plig tot gehoorsaamheid na vore te bring.

In die meeste briewe verklaar hy dat hy apostel is *deur die wil van God* (1 Kor. 1:1; 2 Kor. 1:1; Ef. 1:1; Kol. 1:1; 2 Tim. 1:1), maar hier: *volgens die bevel van God.* Daarmee gebruik hy 'n militêre term; van God het hy 'n bevel, 'n opdrag ontvang en nou moet hy met verantwoordelikheid daaraan gehoorsaam bly. Dus moet sy uitsprake in die brief ook aanvaar en eerbiedig word as uitvoering van die bevel van God.

Soos by die ander Pastorale briewe ontbreek die tipiese seëngroet wat gebruiklik in die briewe van die tyd was. Daar kom wel 'n danksegging in 1 Timoteus voor, maar eers later in die brief (1:12-17) en dan ook in 'n ongewone idioom. Danksegging word opgevolg deur persoonlike stellings wat ewe-eens dien om die apostel se gesag te bevestig. "Such statements are often understood as attempts by Paul to defend himself and his gospel from the accusations of his opponents." (Aune, 1987:190.) Alles dui daarop dat die brief onder krisisomstandighede geskryf is: Die apostel se gesag en die evangelie self was in die gedrang.

### 4.1.2 'n Welomlynde doel?

Dit ly min twyfel dat die Paulus self in 1 Timoteus 3:15 vir die leser in die welomskrewe doelstelling 'n pertinente strukturele merker gegee het: *Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid.* Rondom hierdie spilpunt word die apostoliese opdragte en vermanings aan Timoteus gerangskik (Quinn & Wacker, 2000:49).

Die doel lui: ... *dat kan jy weet* ... Die doel is dus: die oordrag van geloofskennis. En die inhoud van die geloofkennis is: ... *hoe iemand hom moet gedra in die huis van God ...*

Saamgevat: Paulus wil met hierdie brief mense wat reeds in God se huis woon, inlig aangaande die gedrag wat van hulle aldaar vereis word. So 'n pertinente doel sal dus grootliks bepalend wees by die gedagteopbou van die brief.

### 4.1.3 'n Kerugmatiese sentraalmotief ?

Met die oog op 'n metodologiese benadering ter bepaling van die sentrale motief (motiewe) en tema(s) word die volgende aspekte ondersoek: die voorkoms van kernbegrippe; die voorkoms van struktuurpatrone; die struktuurfondament van 1 Timoteus; die vraag na 'n sentraalmotief:

#### 4.1.3.1. Die voorkoms van kernberippe

(1) Redding en Verlosser

*Om te red* en σωτῆρος kom saam sewe maal in 1 Timoteus voor (1:1,15, 2:3,4,15; 4:10,16). Die woord σωτῆρος word dikwels in die Pastorale Briewe gebruik - meer dikwels as in die res van die Nuwe Testament tesame:

- Die menslike gemeenskap, die wêreld het redding nodig (1:15).
- Juis vanweë die verhouding wat Jesus met die Vader het, kan Jesus ook die subjek van σῶσαι wees (1:15).
- Die daad van redding het sy oorsprong in God die Vader (2:3-4).

Ooreenstemmend met die universele aard van die menslike sondetoestand staan die universele aard van die God se reddingsdaad ter wille van die mensdom (2:3-4). Agter die eenmalige handelinge van Jesus Christus vind ons die durende wil van ons Verlosser *wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.* Dit is onmoontlik om die Verlosser apart te sien van die gemeenskap wat Hy verlos het. Daarom is Hy *ons Verlosser* (1:1; 2:3; sien ook die ander twee Pastorale Briewe). Hierdeur kom die gevraagde menslike reaksie weer in fokus.

## (2) Lewe

Terminologie wat betrekking het op *lewe* kom agt maal voor (1:16; 3:15; 4:8,10; 5:6; 6:12,13,19). Die beskrywing van God as *lewend* (3:15; 4:10) is veral belangrik. Hy is ook die Een wat *lewe gee* (6:13), wat *onsterflikheid* besit (6:16). Diegene wat in sy Seun glo, doen dit *tot die ewige lewe* (1:16). Die onderlinge verband met εὐσεβεία word duidelik in 4:8 - 10. Laasgenoemde bevat *die belofte tot die teenwoordige en die toekomende lewe*.

Die apostel en Timoteus hoop ook op *die lewende God wat 'n behouder is van alle mense* ... (4:10). Die hoop op die opstanding en lewe is dus uiteindelik begrond in 'n God wat lewe. Wat is die betekenis en draagwydte van die begrip *lewende God* in 1 Timoteus?

In 4:8-10 word die hoop op die opstanding begrond in die *lewende God wat 'n behouder* (σωτῆρ) *is van alle mense* ... Paulus se gebruik van die term *lewende God* sluit hier aan by sy gebruik daarvan in Romeine 9:26 waar hy Hosea 2:1 (LXX) aanhaal: Gelowiges uit beide die Jode en heidene is bestem om *seuns van die lewende God* te word.

So ook is die tempel die *die huis van die lewende God* in Daniël 4:22; 5:23 (LXX). In 1 Timoteus 3:15 word beide hierdie betekenisse gehandhaaf.

Die gesinslewe van die opsiener moet 'n weerspieëling wees van die kerklewe waarin hy 'n rentmeester is (vgl. Tit 1:5 - 7; 1 Tim 3:2 - 5) en waarvan God self die Vader van die huis is. Wat in die Septuagint die *huis van die lewende God* genoem word, is in 3:15 die gemeente, wat nou God se gesin is. God is *lewend* as die Vader wat lewe gee aan sy huisgesin, wat Hy deur sy liefde in die lewe geroep het en wat deur Hom onderhou word.

In 6:13 word God weer beskryf as die Een *wat aan alle dinge die lewe gee*. Hier word die werkwoord ζῳογονεω gebruik. Volgens Quinn (1990:303) dra hierdie werkwoord altyd twee betekenisse: om lewe te gee én om dit te onderhou. Hy skryf: "All these lines lead out from a radical conviction that life in every sense, in its origin and in its continuance, depends on one who is alive without qualification, the one God of Israel." (Quinn, 1990:303.)

In 3:15 het die lesers dus te doen met die lewende God wat alle lewe skenk en wat sy eie eindelose lewe deel met diegene wat in Hom glo en Hom aanbid. In daardie geloof en aanbidding het die gelowiges begin leef as God se kinders.

Dit is dus duidelik dat die *huis van God* sy oorsprong en bestaan te danke het aan die lewende God. As Vader van die huis verwag God dat sy kinders kennis moet hê van die wyse waarop hulle hul moet gedra. Sodoende vervul hierdie huisgesin hulle roeping: om as *pilaar en grondslag* van God se waarheid te dien. "The church is thus depicted as being entrusted with the task of supporting, carrying and serving the truth." (Marshall, 1999:511.)

## (3) Waarheid en leuen

Die ἀληθείας-begrip kom vyf maal in 1 Timoteus voor (2:4,7; 3:15; 4:3; 6:5). *God wil hê dat alle mense tot kennis van die waarheid kom*, skryf die apostel in 2:4. In 2:7 verdedig Paulus sy apostoliese gesag: Op grond van Paulus en die gemeente se gemeenskaplike geloof in Christus maak hy aanspraak om as bedienaar van die waarheid aanvaar te word. In 3:15 verwys die waarheid weereens na Christus: Hy is die verborgenheid van die geloof (sien 3:9) wat in 3:16 besing word. Diegene wat aan hierdie waarheid vashou is inderdaad 'n *pilaar en grondslag* daarvan.

Wat staan teenoor die waarheid? In 4:1 - 5 word die leuenaars en die afvalliges van die geloof duidelik aangewys. Hulle gedrag wys dat hulle teenoor die waarheid staan. Die gelowiges wat die waarheid ken, leef nie so nie (4:3). In 6:5 is die oes van onregsinnigheid te sien in die nuttelose stryery van mense wat van die waarheid beroof is. "Thus the Pastoral Epistles usually speaks of the truth as opposed to both intellectual and moral error, with (mis-)conduct in a symbiotic relationship with (mis-)understanding. (Quinn, 1990:279.)

## (4) Geloof

Πίστις-terminologie in 1 Timoteus kom vyf-en-dertig maal voor in vorme soos: ἀπιστία, ἐπιστεύθην, πίστει, πίστεως, πιστεύειν. Die huisgenote in die *huis van God* word ἐν πίστει saamgesnoer. Die implikasie hiervan is duidelik in die brief waar ἐν πίστει gebind word aan ander begrippe soos ἀληθεία (2:7) en ἀγάπη (2:15;4:12). Met ἐν πίστει word die dimensie waarin beide die apostoliese bediening en die gemeentelike lewe hulle bevind, aangedui (Quinn, 1990:274). Geloof in wat? Dit blyk in 1 Timoteus dat ἐν πίστει onlosmaaklik verbonde is aan ἐν Χριστῷ (1 Tim 1:2,14;3:13).

## (5) Kennisoordrag

Deurgaans lê die apostel ook klem op kennisoordrag: ταῦτα moet beveel en geleer word (3:14,15; 4:6,11,15; 5:7; 6:2). Elders word ταῦτα nader gedefinieer as die gesonde leer (1:10) en die gedrag van die huisgenote van God (3:14,15). Blykens 4:15,16 is die leer en gedrag onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

"Die leer is gesond omdat dit die waarheid van die evangelie tot inhoud het en daarom ook gesondmakend is. Dit bevat die boodskap van verlossing en die lewensreëls vir die verloste, omdat dit die verkondiging is van die Christus van die Skrifte." (Groenewald, 1977:24.) Hierdie kennisoordrag is 'n noodsaaklike plig binne die konteks van God se huisgesin(ne) (1:3; 2:11,12; 3:2; 5:4; 5:13; 5:17).

## (6) Toewyding aan God

Εὐσέβεια en stamverwante woorde kom elf maal in die brief voor. Dit is veral in die sonde - en sedelyste (vgl. 1:9-10; 2:1-3:13; 6:11-16) Die gelowige se vernaamste plig was teenoor God en hierdie plig word eerstens nagekom deur toegewyde aanbidding. Die bekende ordening vir die kerk in 2:1, veronderstel dat die publieke gebed die aangewese wyse is waardeur εὐσέβεια nagekom word. Daarby sal die God wat algehele toewyding teenoor Homself verwag ook, as deel van sy aanbidding, korrekte etiese optrede teenoor ander verwag. Volgens Quinn (1990:290) is die betrokke terminologie en die lewenswyse waarop dit dui, 'n aanduiding van die missionêre oortuigings van die betrokke geloofsgemeenskappe. Εὐσεβεία kan dan ook gesien word as 'n samevatting wat alle gedrag in die *huis van God* omvat.

## (7) Huisgesin/Huishouding

Οἶκος Θεοῦ funksioneer as 'n oorkoepelende begrip in die brief. As sulks kom dit net in 3:15 voor, maar dit word deurgaans in die brief veronderstel en lê onderliggend aan die aard en funksionering van die verloste gemeenskap. Soos God die Vader deur Jesus Christus verantwoordelik was om Paulus tot voorbeeld vir ander te maak (1:16), so tree Paulus weer as vader vir Timoteus, sy *kind* (1:2,18) op.

Op sy beurt moet Timoteus as *man van God* (6:11) weer 'n leermeester en 'n voorbeeld wees vir die huisgesin(ne) van God (4:16). Die gesagvolle vaders in hulle eie huisgesinne (3:4) wat bekwaam is om sy gesin te onderrig (2:11; 3:2), kan as opsieners funksioneer. Hierdie werk kan ook as *huishouding* beskryf word (1:4[2] vgl. ook Tit 1:7). 'n Goeie kinder- en huisregering van die man word ook as voorvereiste gestel om as diaken te dien (2:12).

Binne die huisgesin(ne) is daar broers (4:6), wat as sulks mekaar eerbiedig ongeag maatskaplike stand (6:2). Vermanings en versorging geskied met die wedersydse respek wat aanwesig behoort te wees tussen broers en susters en tussen kinders en hulle vaders en moeders (5:1 - 3). In 'n eggo van 3:5 word die geloof in 5:8 direk gekoppel aan die versorging van die huisgesin en in besonder die weduwees. Weduwees wat nie in hulle onmiddellike huisverband tereg kom nie, word die verantwoordelikheid van die huisgesin in die breë (5:16). In hierdie opsig het die rykes in hierdie groter huisgesin ook 'n besonderse taak (6:17,18).

### 4.1.3.2 Huisgesin/huishouding se verband met ander kernbegrippe

Die huisgesin(ne) moet 'n oog hê vir die wêreld sonder die waarheid (2:1-8). Uit hierdie geledere word mense steeds verlos (1:15) en teenoor hulle moet 'n goeie voorbeeld gestel word. Daarom is die goeie getuienis van buitestanders (3:7) en kwaliteite soos gasvryheid, ens. (3:2,3) 'n noodsaaklikheid vir die opsiener. Daarom moet die vroue deur hulle voorkoms (2:9) en gedrag (2:10 - 12; 3:11;5:10) hierdie huisgesin van God in 'n goeie lig stel.

[2] Die beter tekslesing praat van die *bestuur van die huishouding van God* of *die rentmeesterskap in die huishouding van God*. Vgl. Marshall, 1999:367.

Dit geskied nie om die wêreld of owerhede ter wille te wees nie (kontra Van Rensburg, 1993:1881), maar omdat beide die redding van die mensdom en die aangewese gedrag van die huisgenote *aangenaam voor God* is (2:3; 5:4). Marshall (1999:424) verbind dan ook laasgenoemde uitdrukking met Deuteronomium 12:25,28; 21:9: "The use here connects the church with the OT people of God to whom God gave instructions that their behaviour might be unique, unlike the nations around them."

Deur verkondiging van die waarheid en die godvrugtige gedrag van die geloofsgemeenskap word die ongelowiges aangetrek en uiteindelik deel van God se huis. God se huis behoort ook groter te word deur natuurlike aanwas (2:15;5:14). Daarom is geloofsoordrag binne die konteks van die huisgesin-in-die-kleine net so belangrik (5:4).

### 4.1.3.3 Die voorkoms van struktuurpatrone

Bush (1990) sien 'n *inclusio* raak wat die brief omraam. Die gedeeltes 1:12-20 en 6:11 - 16,20,21 vertoon merkwaardige ooreenkomste. Soos Gibson (1996) egter tereg aandui, slaag Bush nie daarin om die voorkoms van 6:17 - 19 in sy uiteensettings van die briefpatroon te verklaar nie. Nogtans bly die ooreenkomste tussen die begin en die einde van die brief die aandag trek. Volgens Gibson (1996:62) is daar tussen hoofstukke 1 en 6 'n goeie voorbeeld van 'n omgekeerde parallelisme te vind. Die buiteraam van die brief sal dan soos volg lyk:

Timoteus en die valse leraars

A 1:1,2 Openingsgroet

B 1:3 - 7 Pasop vir diegene wat leraars van die wet wil wees

C 1:8 - 11 Die wet kan die salig maak nie

D 1:12 - 17 Christus, Saligmaker; doksologie

E 1:18 Stry die goeie stryd

F 1:19,20 'n Waarskuwing

Timoteus en die valse leraars

F 6:3 - 10 Pasop vir diegene wat ryk wil wees

E 6:11,12 Stry die goeie stryd

D 6:12 - 16 Christus; doksologie

C 6:17 - 19 Rykdom kan nie die toekoms verseker nie

B 6:20 - 21a 'n Waarskuwing

A 6:21:b Seëngroet en afsluiting

Verskeie liturgiese formules kom in die brief voor. Die opvallendstes is:

- die reeds genoemde doksologieë (1:12 - 17; 6:12 - 16);
- 'n liedfragment of belydenis (3:16).

Volgens Aune (1987:193) word die doksologieë dikwels by die wentelpunte in 'n brief gevind. Ridderbos (1967:64) beskou die eerste doksologie (1:12 - 17) en die daaropvolgende vers as die eerste wentelpunt in 1 Timoteus. "Hiermee is dan tevens een afsluiting verkregen van de algemeen inleidende aanspraak die het gehele eerste hoofstuk omvat." In 2:1 sou die meer besonderse aanwysings begin. So blyk dit dat ook die ander twee liturgiese formules (die liedfragment van 3:16 en die doksologie van 6:12 - 16) bepaalde wentelpunte in die brief aanmerk.

Die liedfragment van 3:16 is ten nouste verbonde aan 3:14,15 wat op sigself 'n samevatting van die voorafgaande huisreëls is (Marshall, 1999:522). Die verband tussen leer (3:16) en lewe (3:14,15) is onlosmaaklik. "It is this great mystery of godliness that the church confesses, that the church, as the pillar and support of the truth, holds aloft, and that shapes the church's conduct before the living God." (Knight III, 1992:186.) Die samevattende aard van 3:14-16, die strategiese binding van leer en lewe wat dit bied, asook die sentrale posisie wat dit in die brief inneem, dui daarop dat hierdie verse meer as net 'n wentelpunt is. Dit word die spil waarom die hele brief draai ("hoogtepunt" volgens Ridderbos [1967:100] vgl. Quinn & Wacker [2000:49]).

Aan weerskante van hierdie as en tussen die twee doksologieë is daar twee afgebakende teksgedeeltes (2:1 - 3:13 en 5:1 - 6:2 ) wat Miller (1997:66,83) "community regulations" en "community rules" noem. In breë trekke stem Aune (1987:196) met hom saam: "household codes" word in hierdie gedeeltes afgewissel met "ecclesiastical station codes". Skematies voorgestel word die briefliggaam dan soos volg ingedeel:

| | |
|---|---|
| 1:12 - 17 | Eerste doksologie |
| 2:1 - 3:13 | Huis en kerklike tafels |
| 3:14 - 16 | Christus belydenis |
| 5:1 - 6:2 | Huis en kerklike tafels |
| 6:12 - 16 | Tweede doksologie |

Volgens Aune (1987:196) is die huis- en kerktafels niks anders as aangepaste "household models" nie. Hy beskou die Pauliniese "household codes" dan ook as 'n blote napraat van bestaande huistafels soos in die heidendom te vinde was. Aune se standpunt gaan egter mank aan wetenskaplike begronding. Eksakte formele parallelle tussen die Nuwe Testamentiese huistafels en die sekulêre huistafels bly immers nog uitstaande (Towner, 1993:418; Marshall, 1999:234).

Uit die betrokke teksgedeeltes se sentrale plasing in die brief en hulle onderlinge samehang met 3:15 is dit wel duidelik dat die huislike gedrag van die gelowiges in beide woonhuis en *kerkhuis* vir die apostel van groot belang was.

#### 4.1.3.4 Struktuurfondament

Die eerste brief aan Timoteus is eerstens 'n persoonlike brief en die sentrale besorgdheid is gerig op die ontvanger. Die persoon van Timoteus is die draad wat die brief as geheel saamvoeg (Gibson, 1996:64). Daarom word hy ook telkens gevind by die reeds gemelde wentelpunte en sentrale spil van die brief.

- Na die doksologie in 1:17 volg *hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe* in 1:18.
- Insgelyks staan die opdrag *ek gebied jou ... dat jy die gebod ... bewaar* (6:13,14) teenaan die doksologie wat daarop volg (6:15,16).
- Die himne van 3:16 word voorafgegaan deur *ek skryf jou hierdie dinge ... dan kan jy weet ...*

Verder is dit opvallend dat bg. liturgiese formules in 1:18; 3:16; 6:15,16 asook die gepaardgaande opdragte aan Timoteus geklee is in apostoliese gesagstaal wat ook in die res van die brief voorkom. Rondom die doksologieë kom uitdrukkings voor soos: *... ek dank Hom ... dat Hy my ... in die bediening gestel het* (1:12); *hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind, ...* (1:18). Waar Paulus vir Timoteus as sy geestelike opvolger en erfgenaam beskou, vertrou hy *hierdie boodskap* aan hom toe. Hy gebruik hier 'n stamverwante woord (παραγγελίας) wat reeds in 1:5 voorgekom het, en ook daar as 'n bevel of opdrag vertolk kan word.

Hierdie gesagvolle woorde word opgevolg deur: *sommige (het) ek aan die Satan oorgegee* ... (1:19,20). Ewe-eens gesagvol is *ek gebied jou ... bewaar ...* in 6:13,14. Langs die himne in 3:16 is daar : *ek skryf ... dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra ...*

Soos die apostel sy brief begin het, so begrond hy telkens die gesag waarmee hy skryf in die gesag van God die Vader en sy Seun, Jesus Christus. Waar die gemeenskaplike geloof van Paulus, Timoteus en die gemeentes ter sprake is en uitdrukking gevind het in reeds gemelde liturgiese formules, so word die gesag van die apostel ook aan hierdie formules veranker. Met die eerbied en ontsag waarmee die geloof God en Christus besing en bely, so moet die gesag van God en Christus se apostel aanvaar word.

Aan die hand van bogenoemde kan die struktuurfondament vir die brief soos volg aangedui word:

→ Timoteus en die valse leraars (1:1 - 1:20)
Begronding: 1:12 - 17 Christus, Saligmaker (doksologie)
Opdrag: 1:18 Stry die goeie stryd, bewaar die boodskap

→ Huisreëls (2:1 - 3:14)

Timoteus en die *huis van God* teenoor die valse leraars (3:14 - 4:16)
Opdrag: 3:14,15 Ontvang die reëls vir die huisgesin(ne) van God
Begronding: 3:16 Christus himne

→ Huisreëls (5:1 - 6:2)

→ Timoteus en die valse leraars (6:3 - 21)
Opdrag: 6:11 - 14 Stry die goeie stryd, bewaar die gebod
Begronding: 6:12 - 16 Christus (doksologie)

Uit bogenoemde kom die sentrale plasing van die kernvers (3:15) duidelik na vore.

#### 4.1.3.5 Die vraag na 'n sentraalmotief

Die sentraalmotief van 1 Timoteus kan dus soos volg aangedui word:

*Timoteus ontvang 'n bevel van Christus se apostel om teenoor die afval van die tyd die gesonde leer en godvrugtige gedrag aan die huisgenote van die reddende God te onderrig deur woord en voorbeeld.*

## 4.2 'N GEDAGTESTRUKTUURONTLEDING VAN 1 TIMOTEUS 2:1 - 1 TIMOTEUS 3:16

Soos reeds aangedui is 1:12-20 en 3:14-16 bepaalde wentelpunte in die brief. Vanaf 2:1 tot 3:13 is daar 'n reeks opdragte vervat wat aaneensluit en slegs by geleentheid deur bepaalde motiverings onderbreek word. Dit is duidelik dat die ταῦτα van 3:14 ten minste op die voorafgaande wys. Daarom word 2.1 - 3:16 as 'n afgebakende perikoop geneem.

Volgens Marshall (1999:416) is die bedoeling van 2.1 - 3:16 onseker. Gaan dit hier eerstens oor die gedrag binne die kerkvergadering of is die verhouding tussen die gemeente en die owerhede die hooffokus? Dit kan moontlik selfs die rol van die kerk in die uitdra van die evangelie wees.

Met die oog daarop om vrae soos hierdie te beantwoord, is dit nodig om die gedagte-opbou van 1 Timoteus 2:1 - 3:16 te ontleed.

### 4.2.1. Ontleding

1 Timoteus 2:1 - 3:16 word op die volgende bladsy volgens die metode van Coetzee (1988) reël-vir-reël uiteengesit met een-werkwoordstuk-per-reël as uitgangspunt (Coetzee 1988:27). Samehangende struktuurpatrone word met blou pyle aangedui. Woordgroepe en begrippe binne dieselfde semantiese velde word in onderskeidende kleure en die gesagsuitdrukkings met 'n buitelyn-pyl gemerk.

**2**:1 Παρακαλῶ ουν πρῶτον πάντων ποιεῖσθαι δεήσεις προσευχὰς
ἐντεύξεις εὐχαριστίας ὑπὲρ πάντων ἀνθρώπων,[2]ὑπὲρ βασιλέων
καὶ ὑπὲρ πάντων τῶν ἐν ὑπεροχῇ ὄντων,
ἵνα ἤρεμον καὶ ἡσύχιον βίον ... πάσῃ εὐσεβείᾳ καὶ σεμνότητι.
[3]τοῦτο καλὸν καὶ ἀπόδεκτον ἐνώπιον τοῦ σωτῆρος ἡμῶν θεοῦ,
[4]ὃς πάντας ἀνθρώπους θέλει σωθῆναι
και (θέλει) εἰς ἐπίγνωσιν ἀληθείας ἐλθεῖν.
[5]εἷς γὰρ θεός,
εἷς καὶ μεσίτης θεοῦ καὶ ἀνθρώπων,
ἄνθρωπος Χριστὸς ᾿Ιησοῦς,
[6]ὁ δοὺς ἑαυτὸν ἀντίλυτρον ὑπὲρ πάντων (ἀνθρώπων),
τὸ μαρτύριον καιροῖς ἰδίοις.
[7]εἰς ὃ ἐτέθην ἐγὼ κῆρυξ καὶ ἀπόστολος,
ἀλήθειαν λέγω
οὐ ψεύδομαι,
(εἰς ὃ ἐτέθην ἐγω ) διδάσκαλος ἐθνῶν ἐν πίστει καὶ ἀληθείᾳ.
[8] Βούλομαι ουν
προσεύχεσθαι τοὺς ἄνδρας ἐν παντὶ τόπῳ
ἐπαίροντας ὁσίους χεῖρας χωρὶς ὀργῆς καὶ διαλογισμοῦ.
[9] (Βούλομαι)῾Ωσαύτως
[καὶ] γυναῖκας ἐν καταστολῇ κοσμίῳ μετὰ αἰδοῦς καὶ σωφροσύνης
κοσμεῖν ἑαυτάς,
μὴ (κοσμεῖν ἑαυτάς) ἐν πλέγμασιν καὶ χρυσίῳ ἢ μαργαρίταις ἢ ἱματισμῷ πολυτελεῖ,
[10]ἀλλ'(κοσμεῖν ἑαυτάς) ὃ πρέπει γυναιξὶν ἐπαγγελλομέναις θεοσέβειαν,
δι' ἔργων ἀγαθῶν.

[11]Γυνὴ ἐν ἡσυχίᾳ μανθανέτω ἐν πάσῃ ὑποταγῃ

[12]διδάσκειν δὲ γυναικὶ οὐκ ἐπιτρέπω

οὐδὲ (ἐπιτρέπω) αὐθεντεῖν ἀνδρός,

ἀλλ'(βούλομαι αὐτάς) ειναι ἐν ἡσυχίᾳ .

[13]Ἀδὰμ γὰρ πρῶτος ἐπλάσθη,

ειτα Εὕα (ἐπλάσθη).

[14]καὶ Ἀδὰμ οὐκ ἠπατήθη,

ἡ δὲ γυνὴ ἐξαπατηθεῖσα

ἐν παραβάσει γέγονεν·

[15]σωθήσεται δὲ διὰ τῆς τεκνογονίας,

ἐὰν μείνωσιν ἐν πίστει

καὶ (ἐὰν μείνωσιν) ἀγάπῃ καὶ ἁγιασμῷ μετὰ σωφροσύνης·

**3** Πιστὸς ὁ λόγος .

Εἴ τις ἐπισκοπῆς ὀρέγεται,

καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ.

[2]δεῖ ουν τὸν ἐπίσκοπον

ἀνεπίλημπτον ειναι,

μιᾶς γυναικὸς ἄνδρα (ειναι),

νηφάλιον (ειναι)

σώφρονα (ειναι)

κόσμιον (ειναι)

φιλόξενον (ειναι)

διδακτικόν (ειναι),

[3]μὴ πάροινον (ειναι)

μὴ πλήκτην (ειναι),

ἀλλὰ ἐπιεικη (ειναι)

ἄμαχον (ειναι)

ἀφιλάργυρον (ειναι),

4 τοῦ ἰδίου οἴκου καλῶς προϊστάμενον,
τέκνα ἔχοντα ἐν ὑποταγῇ,
μετὰ πάσης σεμνότητος
5 εἰ δέ τις τοῦ ἰδίου οἴκου προστῆναι οὐκ οιδεν,
πῶς ἐκκλησίας θεοῦ ἐπιμελήσεται;),
6 μὴ νεόφυτον (ειναι),
ἵνα μὴ τυφωθεὶς εἰς κρίμα ἐμπέσῃ τοῦ διαβόλου.
7 δεῖ δὲ καὶ μαρτυρίαν καλὴν ἔχειν ἀπὸ τῶν ἔξωθεν,
ἵνα μὴ εἰς ὀνειδισμὸν ἐμπέσῃ
καὶ παγίδα τοῦ διαβόλου (ἐμπέσῃ).

8 (δεῖ ουν) Διακόνους ὡσαύτως
σεμνούς (ειναι),
μὴ διλόγους (ειναι),
μὴ οἴνῳ πολλῷ προσέχοντας (ειναι),
μὴ αἰσχροκερδεῖς (ειναι),
9 ἔχοντας τὸ μυστήριον τῆς πίστεως ἐν καθαρᾷ συνειδήσει.
10 καὶ οὗτοι δὲ δοκιμαζέσθωσαν πρῶτον,
ειτα διακονείτωσαν
ἀνέγκλητοι ὄντες.

11 (δεῖ ουν) Γυναῖκας ὡσαύτως
σεμνάς (ειναι),
μὴ διαβόλους (ειναι),
νηφαλίους (ειναι),
πιστὰς ἐν πᾶσιν (ειναι).

12 διάκονοι ἔστωσαν μιᾶς γυναικὸς ἄνδρες,
τέκνων καλῶς προϊστάμενοι
καὶ τῶν ἰδίων οἴκων (προϊστάμενοι).
13 οἱ γὰρ καλῶς διακονήσαντες βαθμὸν ἑαυτοῖς καλὸν περιποιοῦνται
καὶ πολλὴν παρρησίαν ἐν πίστει τῇ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ
(περιποιοῦνται).

14 **Ταῦτα** σοι γράφω
ἐλπίζων ἐλθεῖν πρὸς σὲ ἐν τάχει·
15 ἐὰν δὲ βραδύνω,
(γράφω)
ἵνα εἰδῇς
πῶς δεῖ ἐν οἴκῳ θεοῦ ἀναστρέφεσθαι,
ἥτις ἐστὶν ἐκκλησία θεοῦ ζῶντος,
( ἥτις ἐστὶν ) στῦλος καὶ ἑδραίωμα τῆς ἀληθείας.

16 καὶ ὁμολογουμένως μέγα ἐστὶν τὸ τῆς εὐσεβείας μυστήριον·

ὃς

| | |
|---|---|
| ἐφανερώθη ἐν σαρκί, | aarde |
| ἐδικαιώθη ἐν πνεύματι, | hemel |
| ὤφθη ἀγγέλοις, | hemel |
| ἐκηρύχθη ἐν ἔθνεσιν, | aarde |
| ἐπιστεύθη ἐν κόσμῳ, | aarde |
| ἀνελήμφθη ἐν δόξῃ. | hemel |

'n Verdeling van die woorde en begrippe wat in 2:1 - 3:16 voorkom in semantiese velde, kan nie waterdig geskied nie. Die blote voorkoms of herhaling van 'n begrip of 'n groep begrippe is ook nie noodwendig 'n aanduiding van hulle belangrikheid nie. Woorde en begrippe moet nie getel word nie, maar ook geweeg word.

Die meeste woorde in 2:1 - 3:6 kom binne die volgende semantiese velde (vgl. Louw & Nida, 1988) voor:

88 Moral and Ethical: 21 woorde
33 Communication: 17 woorde
10 Kinship Terms: 14 woorde
53 Religious Activities: 10 woorde

Die name van God (vyf maal) en Jesus Christus (drie maal) is veral prominent. So ook die waarheid- en verlossingsverwante begrippe.

Woorde en begrippe wat betrekking het op etiese optrede (88 Moral and Ethical) kom die meeste voor. Bordwine (2001:172) is korrek wanneer hy ook hierdie begrippe met geloof in verband bring. Die Christelike godsdiens bring vanselfsprekend die beginsels van die Christendom in sy gedrag na vore. Die manne se voorkoms (*heilige hande ophef*) en karakter (*sonder toorn en twis*) in vers 8 is verbind aan die geloof wat hulle bely. Dieselfde gedagte word in vers 9 en 10 voortgesit: die vroue se voorkoms en gedrag is aanduidings van die mate waarin sy *godsvrug* in haar lewe beleef en bely.

Hiernaas is woorde en begrippe binne die semantiese veld van kommunikasie (33) net so prominent. Die oordra en uitdra van 'n bepaalde boodskap ontvang soos in die res van die brief baie aandag.

Die etiese en kommunikatiewe woorde en begrippe vind binne 'n konteks plaas. Hierdie konteks word veral vanaf 2:8 met huisbegrippe (10 Kinship Terms) beskryf. Die leer en die lewe van die gelowiges word vanuit die *huis* bepaal en beheers. Tot vers 15 dui die *huis*-woorde op die gewone gesin. In vers 15 word dit gelaai met teologiese betekenis: die *huis van God*.

Binne die *huis van God* sal daar uiteraard ook godsdienstige handelinge wees. Die perikoop 2:1 - 3:16 het dan ook sowat tien woorde wat in die semantiese veld van *Religious Activities* (10) val.

## 4.2.2 Struktuurmerkers

- Stylfigure wat opval, word gevind in 2:1 waar die gebed deur vier woorde aangedui word "which may be synonyms, repeated to give emphasis to the request." (Knight III, 1992:114.)

- Marshall (1999:428) verwys na die moontlikheid dat 2:5,6 'n "traditional formulation" (= min of meer oorgelewerde formule of selfs liturgiese formule) kan wees om die teologiese begronding vir 2:1-7 te gee. Dat hierdie 'n bekende gesegde kan wees, word beaam deur Knight III (1992:123). Indien dit die geval is, is dit opmerklik dat daar weereens 'n stelling rondom apostoliese gesag (2:7) daaraan gekoppel is (vgl. 1:17,18; 3:14 - 16; 6:13 - 16).

- 'n Chiastiese struktuur in die vorm van 'n omgekeerde parallelisme kom in 2:11,12 voor. Volgens Longman III (1997:120) dui 'n parallelisme eerder op 'n gedagte-ontwikkeling as 'n gedagte-herhaling. Gedagte-ontwikkeling vind wel plaas in die uitbreiding van *onderrig* om ook *heers* in te sluit in vers 12. Nogtans is daar ook 'n element van herhaling wat op beklemtoning dui. Die verantwoordelikheid tot manlike gesag en vroulike onderdanigheid word onlosmaaklik gekoppel aan die onderrig wat in die huis van God beklemtoon word (vgl 1:3; 10,15,20; 2:4,7; 3:2,15; 4:1,6,11,13,16; 5:4,7,13,17; 6:2,3,14).

- Soos elders in die Pastorale briewe (1 Tim 1:15; 4:9; 2 Tim 2:11; en Tit 3:8), bevat ook hierdie perikoop 'n *betroubare woord*-uitspraak voor (3:1). Dui dit op die voorafgaande of die daaropvolgende? Johnson (1996:133) kies vir eersgenoemde en Marshall (1999:475) vir laasgenoemde. Watter keuse ook al gemaak word, is dit duidelik dat die betrokke uitdrukking soos in die geval van die ander liturgiese formules (1:17; 3:16; 6:15,16), ter begronding van die apostel se gesag gebruik word. In 'n vroeëre werk lewer Knight III (1968:150) uitgebreide kommentaar op die *betroubare woord*-gesegdes. Dit is volgens hom nie sonder betekenis dat dié gesegdes slegs voorkom in die briewe aan Paulus se medewerkers nie. "It may well be that Paul is using the weight of well known faithful sayings to aid Timothy and Titus in carrying out their instructions."

- Indien τοῦ διαβόλου in 3:6 as 'n subjektiewe genitief verstaan word (vgl. Marshall, 1999:483), is daar 'n parallelle uitspraak in 3:7 te vinde (παγίδα τοῦ διαβόλου). Hierdeur word die verband met die valse leer en lewe (die strik van die duiwel soos in 2 Tim 2:26), waarteenoor 1 Timoteus so sterk standpunt inneem, weereens gelê.

- Die lied in 3:16 is 'n triomfantlike samevatting van die kern van die Christelike belydenis. Dit vorm die hoogtepunt van hierdie brief, die waarheid self. Deur inleiding tot die gemeenskaplike himne word die lesers gedwing om die verband te trek tussen dit wat tot dusver geskryf is rondom huis-gedrag en die Christus-gebeure self. "The connection between life and faith is emphasised." (Marshall, 1999:523.) So word die verband tussen die hemelse heerlikheid en die aardse werklikheid in die himne self uitgebeeld. Dit is opvallend in die hemel/aarde patroon soos aangedui.

## 4.3 Gevolgtrekkings vanuit gedagtestruktuurontleding

- Die apostel lê besondere klem op die apostoliese gesag waarmee hy skryf.
- Hierdie gesag is begrond in die oorgelewerde tradisie van die gemeente.
- Dit word van die manlike huishoofde verwag om hierdie tradisie te bewaar en gesag wat daarmee gepaard gaan, te handhaaf.
- Die geloofsleer en die geloofslewe is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

## 4.4 'n Struktuurfondament vir 2:1 - 3:16

'n Opvallende onderliggende patroon in 2:1 - 3:16 is die neutedop-weergawes van die evangelie van verlossing wat in beide 2:3 - 6 en 3:16 voorkom. Hierdie twee samevattings van die evangelie vorm 'n *inclusio*, oftewel ringskomposisie, waarbinne die geheel saamgevat is. Binne hierdie raamwerk van die evangelie van verlossing word die lewe van die gelowiges gestel, enersyds in 2:2,3 as *'n rustige en stil lewe ... in alle godsvrug en waardigheid,* andersyds in 3:14,15 as gedrag *in die huis van God, wat die gemeente van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid* is. Die gedeelte tussen 2:2,3 en 3:14,15 vorm dan 'n uitbreiding op hoe die lewe van verlostes in Jesus Christus is of moet wees.

Skematies saamgevat, sien die fundamentele struktuur van 2:1 - 3:16 dan soos volg daar uit:

**God die Verlosser in Jesus Christus** (2:3,4,5,6)

**wil hê dat ons 'n rustige en stil lewe in godsvrug en waardigheid moet lei** (2:2,3)

uitbreiding op bogenoemde en ondergenoemde (2:8-3:13)

- huisreëls tot godsvrug (2:8 - 15)
- vanuit huislike gesag na kerklike gesag (ouderlinge en diakens) (3:1 - 13)

**die gedrag in die huisgesin van God as pilaar en grondslag van die waarheid** (3:14,15)

**God die Verlosser in Jesus Christus** (3:16)

## 4.5 AFLEIDINGS UIT DIE GEDAGTE-OPBOU VAN 2:1 - 3:16

Die waarheid (3:16) word bewaar en oorgedra deur 'n dinamiese struktuur: die *huis van God* - 'n pilaar en grondslag van die waarheid. Die gemeente in die kleiner (huisgesin) en in die wyer verband (huisgesinne in byeenkomste) het betrekking op mekaar (3:5 sien ook 5:1,2). Binne hierdie huis-strukture moet die gelowige se gedrag voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in 2:1 - 2:13 (asook 5:1 - 6:2).

Onder die eerste stel huisreëls (2:1 - 3:13) is gebed vir alle soorte mense en die owerheid die belangrikste. 'n Doel wat al die huisreëls omvat, word hierin gestel: *'n rustige en stil lewe ... in alle godsvrug en waardigheid* (2:2). Daardeur word God behaag (2:3 vgl. ook 5:4) en kan ander mense ook tot kennis van die waarheid kom en self gered word (2:4).

Die praktiese implikasies van 'n geordende lewe binne 'n rustige en stil klimaat van gereddes-in-Christus wees, is die volgende: die geordende samekoms van vrome manne met die oog op gebed (2:8).

Die vroue in die huisgesin(ne) van God se voorkoms en optrede moet ook getuig van godsvrug (2:9,10). Die man moet in staat wees om sy vrou te onderrig (2:11,12). Die vrou moet haar laat onderrig en kinders vir die *huis van God* in die wêreld bring (2:15).

Uit die geledere van die kleiner huisgesinne moet huisvaders kom dien as ouderlinge in die gemeente. Hulle gedrag moet besonder voorbeeldig wees (3:2,3,6,7). Vaardigheid om te onderrig en te regeer wat die ouderlinge binne die konteks van hul eie huise beoefen het, moet binne die konteks van die gemeente aangewend word (3:2,4,5).

Die vereistes vir die diaken stem grootliks ooreen: Waardigheid, huwelikstrou en regeervermoë word weereens in hulle geval genoem. Sou 3:11 op vrouediakens dui (vgl. 5:9,10) moet hulle net so waardig wees, maar hier is regeervermoë nie ter sprake nie.

## 4.6 'N SINTESE EN SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING VAN BOGENOEMDE

Uit bogenoemde oorwegings blyk dit dat die volgende sake onderliggend aan die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15 is:

- Die lewende God, ons Vader gee lewe en Hy onderhou dit. Hierdie waarheid word in sy Seun Jesus Christus geopenbaar - deur Hom het daar redding vir die wêreld gekom. Om hierdie Nuwe Testamentiese waarheid teenoor die afvallige wêreld te bewaar, enersyds, maar dit ook andersyds deur woord en daad aan die ongeredde wêreld uit te dra, het God 'n struktuur in die lewe geroep: die *huis van God.* Teenoor die Ou Testamentiese *huis van God* wat 'n statiese struktuur was, is hierdie struktuur dinamies.

- Die *huis van God* bestaan uit kleiner huisgesinne van God wat onder leiding van die huishoofde byeenkom om te bid. So vorm hulle die groter huisgesin van God, of te wel, die gemeente. Die gemeente self bestaan dus uit gelowige broers en susters.

- Binne die *huis van God* is daar goddelike gesag. Hierdie gesag word deur God se apostel opgedra aan die leraar Timoteus en deur hom weer aan die ouderlinge wat uit die geledere van die manlike huishoofde kom. Net die mans wat verantwoordelikheid in die kleiner huisgesin van God aanvaar het, kan as ouderling dien in die gemeente.

- Onder hierdie gesag word daar in die *huis van God* gebid, geloofskennis oorgedra en 'n lewe van godsvrug aangemoedig. Die godvrugtige lewe word telkens in terme van goeie en slegte optrede beskryf. Selfbeheptheid, bv. staan teenoor diensbaarheid by vroue. Teenoor skoorsoekery en inhaligheid by mans staan daar gasvryheid en vriendelikheid.

- Om die ouderlinge by te staan in die *huis van God* is daar helpers. By die manlike helpers gaan dit hier moontlik oor medeneregering met die verantwoordelikheid tot kennisoordrag uitgesluit. Sou 3:11 dui op vroulike helpers, is die verantwoordelikheid tot medeneregering uitgesluit en kom die take soos in 5:10 uiteengesit, waarskynlik in die gesigsveld.

- Besondere klem word gelê op plig van die vroue in die *huis van God* om goeie werke na te streef. Hierdie goeie werke word veral geopenbaar in haar bereidwilligheid om gasvry te wees en haar te ontferm oor diegene binne die geloofsgemeenskap wat versorging nodig het. Haar hooftaak is egter om die huisgesin van God te laat uitbrei deur self gelowige kinders voort te bring.

- Deur gebed, onderrig en 'n godvrugtige lewe word die *huis van God* 'n vesting teen afval. Terselfdertyd word dit deur dieselfde gedrag uitgebou tot redding van die wêreld.

# HOOFSTUK 5

## DIE EKKLESIOLOGIE VAN DIE TIMOTEUSBRIEF EN DIE ANDER PASTORALE BRIEWE

***Oorsig:***

5.1 Oorsprong en aard van die kerk, die *huis van God*
5.2 Verskyningsvorme van die kerk, die *huis van God*
5.3 Gesag in die kerk
5.4 Die gemeente kom bymekaar in erediens
5.5 Die kerk geroep tot diensbaarheid
5.6 Dienste in die kerk
5.7 Samevatting

Die Pastorale briewe word deur die meeste verklaarders as 'n eenheid behandel en saam gelees (vgl. Quinn & Wacker, 2000:1; Johnson, 1996:7). Dit blyk dat al drie hierdie briewe geskryf is in antwoord op die aanslae van valse leraars en die gepaardgaande afvalligheid. In 'n poging om die afval teen te werk, beklemtoon hulle aspekte van die orde in die kerk, die bediening en verwante aangeleenthede (Ellis, 1993:658). Daarmee word nie gesê dat die Pastorale briewe 'n kerkorde skep nie. Klaarblyklik was daar reeds 'n onderliggende kerkorde in die gemeentes aanwesig, waarby die apostel aansluit en waarop hy uitbrei (Ellis, 1993:660). Die ekklesiologie wat in die Pastorale briewe aangetref word, en veral in die eerste Timoteusbrief, het in hoofsaak te doen met die oorsprong en aard van die kerk, die verskyningsvorme van die kerk, kerklike gesag, roeping, ampte en erediens (vgl. 5.1 - 4.6 hieronder).

## 5.1 OORSPRONG EN AARD VAN DIE KERK, DIE *HUIS VAN GOD*

Johnson (1996:15) se beskouing dat die ekklesiologie van die Pastorale Briewe teologies onbegrond is, kan nie onderskryf word nie. In hierdie briewe vind die kerk immers sy begronding in die liturgiese uitroep en belydenis betreffende die *lewende God* wat sy Seun Jesus Christus na die wêreld gestuur het *om sondaars te red* (vgl. Quinn & Wacker, 2000:12). Geen naam kom dan ook so dikwels voor in die Pastorale briewe as juis die Naam van Jesus Christus nie (32 maal). Terselfdertyd word die kerklike lewe in hierdie briewe begrond in 'n spesifieke teologiese lewens- en wêreldbeskouing. Laasgenoemde vereis die aanvaarding van 'n skeppingsorde en samelewingsorde soos deur God vasgestel (Young, 1994:75).

Volgens die Pastorale briewe het God 'n unieke en dinamiese struktuur geskep waarbinne hierdie belydenis en wêreldbeskouing beslag kry en uitgebou word; 'n struktuur wat in 1 Timoteus 3:15 die *huis van God* genoem word:

- Deur die *huis van God* bewaar Hy die waarheid aangaande Jesus Christus se verlossingswerk van dwaling (vgl. 4.6 en die voorafgaande beredenering).
- Deur die *huis van God* dra Hy dieselfde waarheid uit aan 'n ongeredde wêreld (vgl. 4.6 en die voorafgaande beredenering).

Hierdie twee hooffunksies van die *huis van God* mag nie uit die oog verloor word nie. Die huisgesin van God is enersyds, pandbewaarders (1 Tim 6:20; 2 Tim 1:12,14; 3:14), beskermers van die gesonde leer en godvrugtige lewe wat daaruit voortvloei (1 Tim 1:10; 6:3; 2 Tim 1:13; 4:3; Tit 1:9; 2:1) en andersyds, uitdraers van dieselfde gesonde leer (1 Tim 1:17; 2:4,7; 3;16; 4:10; 2 Tim 1:11; 2:1; 4:2, 5, 17; Tit 1:3,9). Hierdie twee hooffunksies word in 1 Tim 3:16 saamgevat deur die gemeente die *pilaar en grondslag van die waarheid* te noem. Daarmee word die kerk ook aangedui as 'n dinamiese struktuur. Met *huis van God* word die kerk dus getipeer nie as 'n statiese gebou nie, maar as 'n dinamiese struktuur (d.w.s. die huis as hulle wat as huisgenote bestaan en lewe).

Teenoor die *verleidende geeste* van die tyd (1 Tim 4:1) is die huis se mure afgrensend en staan hulle, by wyse van spreke, onbeweeglik in beton gegiet. Teenoor die *strik van die duiwel* (1 Tim 3:7; 2 Tim 2:26) bied die *huis van God* veiligheid en sekuriteit. In hierdie opsig kan die *huis van God* gesien word as 'n heilige en goedbewaakte tempel. Huise waarvan die waarheidsgrondslag en fondament (2 Tim 2:19) nie vas staan nie, word binnegedring (2 Tim 3:6) en selfs omgekeer (Tit 1:11). Dit beteken weereens nie dat die *huis van God* iets staties is nie. Die *huis van God* is aktief in 'n stryd gewikkel (1 Tim 1:18; 6:12; 2 Tim 2:3,4; 3:12; 4:7) teen die duiwel en sy leringe.

Ten opsigte van 'n wêreld wat smag na redding is daar die opdrag om die omvang van die huis te vergroot om pas gereddes ook in te sluit. Om ook ander in die huis te vergader, was immers die werk van Christus en die boodskap van die kerk. Christus het *in die wêreld gekom ... om sondaars te red* (1 Tim 1:15 vgl. ook 2:5,6; 3:16; 2 Tim 1:10; Tit 2:11,13,14; 3:6,7). In hierdie opsig kan die *huis van God* gesien word as 'n groeiende huisgesin.

Die lewende God is die *Vader* van die groeiende huisgesin (1 Tim 1:2, Tit 1:4). Die kerk is *sy eiendom* (Tit 2:14) en Hy ken *die wat syne is* (2 Tim 2:19). As Vader skenk Hy lewe (1 Tim 6:13) en is Hy ook *die behouder van alle mense* (1 Tim 4:10). Deur Jesus Christus word die geredde gelowiges *erfgename* in sy huis (Tit 3:7). God se huisgesin moet ook groei deur natuurlike aanwas. Die toevoeging daartoe deur die vermeerdering van verbondskinders is 'n opdrag van God die Vader. Volgens 1 Timoteus 2:15 sal die getroude vrou daardeur haar redding vind (vgl. ook 5:10,14; Tit 1:6).

Ook diegene wat weerspannig geword het teenoor die gesonde leer en *afgewyk het agter die Satan aan* (1 Tim 5:15), moet vermaan word sodat hulle tot die *huis van God* kan terugkeer (2 Tim 2:24 - 26). Hierdie vermaning geskied slegs twee maal (Tit 3:10). Daarna word die betrokkenes *aan die Satan oorgegee* (1 Tim 1:20) om te keer dat *hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker* (2 Tim 2:17). Groot nadruk word gelê op die vermyding van *nuttelose stryery* (1 Tim 6:3 - 5,20; 2 Tim 2:14,16,23,24; Tit 3:9).

*Huis* as heilige en bewaakte tempel en *huis* as groeiende huisgesin staan dus nie teenoor mekaar nie, maar word albei deur die οἶκος Θεοῦ-metafoor vir die kerk omvat.

## 5.2 VERSKYNINGSVORME VAN DIE KERK, DIE *HUIS VAN GOD*

'n Studie van die Pastorale Briewe lewer baie moeilik 'n onderskeid tussen die kerk, die *huis van God* in die vorm van gewone huisgesin en die kerk as gemeente. Tog gee die Briewe blyke van twee verskyningsvorme van die *huis van God*, naamlik die huisgesin en die gemeente. Die gewone huisgesin blyk ter sprake te wees in 1 Timoteus 3:4,5,12; 5:4, 5:13,14; 2 Timoteus 3:6; 4:19 en Titus 1:11. Die kerk as gemeente word in 1 Timoteus 3:15 en 2 Timoteus 2:20 as 'n *huis* voorgestel.

Beide die kerk in die vorm van 'n gewone huisgesin en die kerk as gemeente het *vaders* wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir geestelike leierskap en onderrig. Volgens 1 Timoteus 1:18 sien Paulus homself as Timoteus se vader en daarom onderrig hy hom. Vaderlike leiding en onderrig is ook in die volgende Skrifgedeeltes ter sprake: 1 Timoteus 2:8,11,12; 3:2,4,5; 5:17; 2 Timoteus 2:1,2; Titus 1:3,6,7,9. Soos God die Vader sorg (1 Tim 4:10) so moet die vader in die gewone huisgesin sorg (5:8), so moet die kerk as gemeente onder leiding van die geestelike vaders *hulp verleen* aan diegene wat nie deur hulle huisgesinne versorg kan word nie (5:16).

Volgens 1 Timoteus 5:5 speel die persoonlike gebed 'n belangrike rol in die gelowige se lewe. Hierdie gebede is dikwels deur voorouers deur die geslagte in gesinne aangeleer (2 Tim 1:3). Die persoonlike en gesinsgebed word binne die konteks van die gemeente voortgesit (1 Tim 2:8). Kerklike belydenisse, doksologieë en himnes soos dit in 1 Timoteus 1:15,17; 2:5,6; 3:16; 6:15,16 en 2 Timoteus 1:9,10; 2:19 gevind word, funksioneer binne albei kontekste van die *huis van God.*

Soos die Godsgehoorsame huisgesin gelowige kinders voortbring en opvoed (vgl. 1 Tim 2:15; 3:4; 5:10; 2 Tim 2:3 -5; Tit 1:6; 2:4) so moet die gemeente gelowige *kinders* voortbring en opvoed (vgl. 1 Tim 2:3,4; 4:6,16; 2 Tim 1:8 - 11; 2:24 - 26; Tit 3:7). Die woonhuis bring kinders deur huwelike in die lewe. Die kerkhuis bring geestelike kinders die huis in deur die gebede wat gerig is op die uitbreiding van die evangelie soos dit in 1 Timoteus 2:1 gevind word. Uitbreiding van die kerkhuis geskied ook deur die verkondiging *onder die heidene* (1 Tim 3:16).

Die liturgiese handeling van onderrig vloei spanningloos vanuit die huisgesin na die gemeente (1 Tim 2:11,12; 3:2; 5:4; Tit 1:9; 2:3) en andersom van die gemeente na die huisgesinne (1 Tim 5:17; 2 Tim 2:2; 4:2; Tit 2:4). Die vaders wat goed onderrig gee in hulle eie huise, kom in aanmerking om geestelike vaders te word in die gemeente. Die geestelike vaders in die gemeente word op hulle beurt weer onderrig deur die apostel se gedelegeerde (2 Tim 2:2; Tit 2:1). Op sy beurt is die gedelegeerde 'n geestelike kind van die apostel (1 Tim 1:2,18; 2 Tim 1:2, 2:1; Tit 1:3) Die apostel verwys weer na die God wat hom deur Jesus Christus tot kennis en waarheid gebring het (1 Tim 12,13) as *onse Vader* en *die Vader* (1 Tim 1:2; 2 Tim 1:2; Tit 1:4).

Die onderdanigheid wat in die huisgesin ter sprake is (1 Tim 2:11; 3:4,12; 6:1; Tit 2:5,9), is ook ter sprake in die gemeente (1 Tim 3:5; 4:12; 5:17,20).

Hoe nou die twee verskyningsvorme van die *huis van God* inmekaar geweef is, is ook duidelik uit teksgedeeltes soos 1 Timoteus 3:4,5; 5:1,2; Titus 1:6,7. Die gedrag in die woonhuis en die gedrag in die kerkhuis moet hiervolgens ooreenstem. Indien daar 'n onderskeid getref moet word, kan dus gesê word dat dienswerk in die huisgesin dien as oefenskool vir dienswerk in die gemeente (1 Tim 3:4,5; 5:4,9,10; Tit 1:6,7). In 'n groot mate kom dit ook voor dat die huisgesin as toegangspoort dien tot die gemeente. Buitekerklikes leer die gemeente ken en waardeer deur hulle kontak met die huisgesin (1 Tim 9,10; 3:2,3,7; 5:8-10,14; 6:1; Tit 3:1,2). Hier moet die deugde van gasvryheid en mededeelsaamheid in besonder genoem word (1 Tim 3:3; 5:10; 6:17,18; 2 Tim 1:16; Tit 1:8). In 'n sekere sin dien die huisgesin dan ook as 'n advertensiebord na buite (Tit 2:10,11).

## 5.3 GESAG IN DIE KERK

Die Pastorale briewe het 'n opmerklike toespitsing op gesag in die *huis van God.* Bevelsterme, opdragte en gesagstrukture kom meer dikwels voor as in enige van die ander briewe van die apostel. In die verband is die *betroubare woord*-tekste (1 Tim 1:15; 3:1; 4:9; 2 Tim 2:11; Tit 1:9; 3:8) besonder kenmerkend van die Pastorale briewe. Gesag kom in drie vorme voor: apostoliese gesag, Skrifgesag en huisgesag. Die drie vorme is onderskeibaar, maar nie skeibaar nie. Weereens is hierdie gesag begrond in die gesag van God die Vader (1 Tim 1:1; Tit 1:3) en die gemeenskaplike belydenisse (1 Tim 1:17; 2:5,6; 3:16; 6:14 - 16; 2 Tim 1:8 - 10; 4:1; Tit 2:11 - 15; 3: 4 - 7).

### 5.3.1 Die gesag van die apostel en sy gedelegeerdes

Deurgaans in die Pastorale briewe lê die apostel klem op sy gesag en die gesag wat hy daarmee ook aan sy gedelegeerdes toebedeel (1 Tim 1:1,18 - 20; 2:7,8; 4:11,12; 5:7; 6:13; 2 Tim 1:11; Tit 1:1 - 5). Hierdie apostoliese gesag berus in die persone van die apostel en sy gedelegeerdes en is duidelik gerig op 'n oorgangsfase in die vroeë kerk. Die apostel sien 'n einde aan sy werksaamhede (2 Tim 4:6.7). Ridderbos (1967:34) vind ook dat Timoteus en Titus self as sy gedelegeerdes "een bemiddelende, incidentele functie tussen de apostel en de gemeente het". Hierdie funksie is tydelik. Die skrywes het nie ten doel om Paulus se gedelegeerdes 'n permanente plek in die gemeente te verseker nie. Die gedelegeerdes word eerder aangemoedig om die *depositum fidei* ongeskonde te bewaar en aan betroubare persone oor te dra.

### 5.3.2 Die gesag van die heilige Skrifte

In die tweede brief aan Timoteus verwys Paulus na die heilige Skrifte, d.i. die Ou Testamentiese geskrifte (Ridderbos 1967:228). Die bestaande versameling van die boeke van Moses, die profete en die wysheidsliteratuur getuig van die saligheid wat Christus sou bring en is verder geskik om die mens *vir elke goeie werk* volkome toe te rus (3:15 - 17). Hierdie beginsel pas die apostel self toe deur van talle aanhalings en verwysings na die Ou Testament in die pastorale briewe gebruik te maak om sy opdragte te begrond (vgl. 1 Tim 2:13,14; 4:4; 5:18; 2 Tim 3:8; Tit 2:14 waar Eks 19:5 ter sprake is).

### 5.3.3 Die gesag in die woon- en kerkhuis

Van 'n huisvader word verwag om *sy eie huis goed te regeer* (προϊστήμι) *en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid te hou* (1 Tim 3:4,12, vgl. Tit 1:6). Die mate waarin hy daarin slaag, bepaal sy bekwaamheid om as ouderling in die gemeente te dien (1 Tim 3:5). Dat hierdie gesag nou verwant is aan die huisvader se plig tot huisonderrig is duidelik in 1 Timoteus 2:12 waar *onderrig* en *heers* in dieselfde asem genoem word. Geestelike verantwoordelikheid en leiding is duidelik hier ter sprake.

Terselfdertyd veronderstel gesag onderdanigheid. As ampsdraers van die gemeente is die manne eerstens in diens van Jesus Christus (1 Tim 4:6). Die van hulle wat goed regeer is *dubbele eer* waardig (1 Tim 5:17). Teenoor die owerheid word onderdanigheid vereis (Tit 3:1). Teenoor die geestelike gesag van haar man moet die vrou *haar stil hou* (1 Tim 2:12). Waar sy op haar beurt aan die kinders (2 Tim 3:14,15, vgl. 2 Tim 1:5) of aan jonger vroue (Tit 2:3) onderrig gee, word gehoorsaamheid teenoor hulle ook vereis. Die jong weduwees moet immers hulle huis kan *regeer* (1 Tim 5:14). Diensknegte *moet hulle eie here alle eer waardig ag* (1 Tim 6:1) en aan hulle onderdanig wees (Tit 2:9). Van die kinders word verwag om teenoor hulle *eie huis eerbied te betoon* (1 Tim 5:4).

## 5.4 DIE GEMEENTE KOM BYMEKAAR IN EREDIENS

Soos reeds aangedui, is die twee verskyningsvorme van die *huis van God*, nl. die woonhuis en *die kerkhuis* nie waterdig skeibaar nie. Die duidelikste aanduiding dat die onderskeie woonhuise in 'n erediens bymekaar gekom het, word gevind in 1 Timoteus 2:8. Die gebede wat gerig is op 'n *rustige en stil lewe* en die redding van alle mense moes ook plaasvind tydens samekomste van die manne[3].

Dat daar by die samekomste ook Woordonderrig plaasgevind het, kan met redelike sekerheid afgelei word. Die ouderlinge moes immers in staat gewees het om te onderrig (1 Tim 3:2; 5:17; Tit 1:9). Timoteus self moes by elke moontlike geleentheid - *tydig en ontydig* (2 Tim 4:2) - die Woord verkondig. Dat hierdie verkondiging ook in 'n erediens plaasgevind en 'n amptelike karakter gedra het, kan afgelei word uit die feit dat sy genadegawe met die *handoplegging van die ouderlinge* gepaard gegaan het (1 Tim 4:14).

Enkele liturgiese fragmente kom ook in die Pastorale briewe voor. Volgens Bouma is daar ook 'n liedfragment te vind in 2 Timoteus 2:11-13, behalwe die reeds genoemde 1 Timoteus 3:16. Paulus gee geen nadere aanduiding van hierdie fragmente nie. Hieruit kan daar afgelei word dat hierdie liedere in die gemeente bekend was.

[3] Volgens Knight III [1992:128] word mans hier gespesifiseer vanweë hulle besonderse verantwoordelikheid om leiding te gee in die huis van God.

"Waarschijnlik zijn ze gebruik in de openbaren eredienst en hebben we hier een beginstuk van de 'Geestelijke Liederen uit den schat van de kerk der Eeuwen'." (1942:11.)

## 5.5 DIE KERK GEROEP TOT DIENSBAARHEID

Besonderse klem word in die Pastorale briewe gelê op diensbaarheid (1 Tim 1:12; 3:8; 10,12,13; 4:6; 2 Tim 4:5,11) en goeie werke (1 Tim 2:10; 3:1; 5:10,25; 6:18; 2 Tim 2:21; 3:17; Tit 1:16; 2:7,14; 3:1,8,14). By meer as een geleentheid word dit duidelik gestel dat God se reddende genade nie van die gelowiges se goeie werke afhang nie (2 Tim 1:9; Tit 3:5). Nogtans word beloning en vergelding wel in dieselfde asem as werke genoem (1 Tim 3:13; 2 Tim 4:14, vgl. 1 Tim 5:18).

Alhoewel dit nie in soveel woorde in die Pastorale Briewe gestel word nie, is diensbaarheid in die kerk waarskynlik begrond in die diensbaarheid van Christus *wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal* (1 Tim 2:6 vgl. 1:15, 2 Tim 1:10; Tit 2:14). Om hierdie boodskap te verkondig en uit te leef, het God diensknegte geroep:

- Paulus wat as apostel eerste uitgegaan het (1 Tim 1:11,12; 2 Tim 1:11).
- Timoteus en Titus word deur Paulus in die bediening gestel om die werk van die apostel voort te sit, te bestendig (1 Tim 1:18; 4:6,13; 2 Tim 1:8,9; 4:2) ouderlinge aan te stel (Tit 1:5) en op te lei (2 Tim 2:2).
- Die ouderlinge moet die gemeente regeer (1 Tim 3:4,5; Tit 1:7). In besonder moet hulle voorgaan in 'n studie van die Skrifte (1 Tim 5:17) en die onderrig daarvan (1 Tim 3:2) Die *betroubare woord wat volgens die leer is*, is dan ook die middel waardeur die ouderling sy regeertaak moet uitoefen (Tit 1:9-11).
- Van die huisvaders word verwag om self ook hulle huise te regeer (1 Tim 2:12, 3:4,12; Tit 1:6), onderrig te gee (1 Tim 2:11) en vir hulle gesinne se welsyn te sorg (1 Tim 5:8).
- Uit die geledere van die huisvaders het die gemeente diakens gebruik (1 Tim 3:8-10; 12,13). Hulle het moontlik ook in sommige gevalle die regeerdiens met die ouderlinge gedeel (1 Tim 3:12) en was waarskynlik ook behulpsaam met die versorging van die weduwees (1 Tim 5:3,16).

- Die getroude vroue het God vereer deur verbondskinders voort te bring (1 Tim 3:15, 5:10,14), hulle mans en kinders lief te hê (Tit 2:4), hulle huise te versorg (1 Tim 5:14; Tit 2:5) en saam met hulle eggenotes gasvryheid te betoon (1 Tim 5:10; 2 Tim 1:16). Saam met die ander vroue word *goeie werke* van haar verwag (1 Tim 2:10; 5:10).
- Wanneer 'n weduwee[4] 'n sekere ouderdom bereik het, kon sy in aanmerking kom om in 'n spesiale diens aangewend te word. Uit die onmiddellike konteks kan afgelei word dat haar diens met die versorging van die ander weduwees verband gehou het.
- Die ouer vroue het die opdrag om *leraresse van wat goed is* te wees. Van hulle word verwag om die jonger vroue in huisetiket[5] te onderrig (Tit 2:3-5).
- Kinders en kleinkinders moet hulle ouers versorg wanneer dié nie meer in staat is om vir hulself te sorg nie (1 Tim 5:4).

## 5.6 DIENSTE IN DIE KERK

In watter mate daar in die Pastorale briewe 'n verskil is in die funksionering en instelling van die amp van die gelowige en die besondere ampte, is nie duidelik nie. Die volgende kan wel aangetoon word:

- Paulus vervul die amp van apostel *volgens die bevel van God* (1 Tim 1:1) en is deur Christus Jesus *in die bediening gestel*' (1 Tim 1:12 vgl. 2:7 en Tit 1:3).
- Timoteus moet *die werk van 'n evangelis* doen en sy *bediening* vervul (2 Tim 4:5). Hierdie bediening is 'n *genadegawe* wat Timoteus ontvang het en bevestig is deur *die handoplegging van die ouderlinge* (1 Tim 4:14).
- Die amp van ouderling is ter sprake in 1 Timoteus 3:1: Dit is *voortreflike werk* waarna *verlang* moet word. Ouderlinge kom nie outomaties in die gemeente voor nie, maar moet *aangestel* word (Tit 1:7). Die ouderlinge wat goed regeer, moet *dubbele eer waardig geag word* (1 Tim 5:17). Hulle is immers *rentmeesters van God* (Tit 1:7). Spesiale maatreëls geld waar 'n ouderling moontlik oortree het (1 Tim 5:19,20).

[4] Of hierdie weduwees moontlik volgens sommige interpretasies verbind kan word aan die vroue genoem in 1 Timoteus 3:11, is moeilik bepaalbaar.

[5] Hou hierdie huisetiket verband met die kultuurnorme van die tyd of was dit 'n spesifiek Christelike norme? Volgens die laaste deel van Titus 2:5 is die lewenswyse van die geloofsgemeenskap direk gekoppel aan die *Woord van God*.

- Die diakens moet ewe eens *waardig* (1 Tim 3:8) wees en *'n proeftyd deurmaak* (1 Tim 3:10). Deur goed te dien kan hulle *'n eervolle plek* verkry (1 Tim 3:13).
- In 1 Timoteus 5:9 is daar 'n verwysing van 'n weduwee wat aan sekere vereistes voldoen wat *gekies word.* Haar diens het moontlik verband gehou met die versorging van ander weduwees (1 Tim 5:16) en die onderrig van jonger vroue (Tit 2:3-5).

## 5.7 SAMEVATTING

Die *huis van God* het sy oorsprong in die belydenis aangaande die lewende God wat sy Seun Jesus Christus na die wêreld gestuur het om sondaars te red. Hierdie belydenis kry sy beslag en word uitgedra deur 'n unieke en dinamiese struktuur: die *huis van God.*

- Die *huis van God* is eerstens beskermers van die belydenis. In hierdie opsig kan dit beskryf word as 'n heilige en bewaakte tempel.
- Terselfdertyd is die *huis van God* uitdraers van die belydenis. In hierdie opsig kan dit weer gesien word as 'n groeiende huisgesin.

Die *huis van God* kom voor in die vorm van die gewone huisgesin en die kerk as gemeente.

- In beide hierdie huise moet die vaders geestelike verantwoordelikheid aanvaar.
- Gebede, belydenisse en doksologieë funksioneer binne albei kontekste van die *huis van God.*
- Van beide huise word verwag om gelowige *kinders* voort te bring en op te voed.
- Daar is wel 'n onderskeid tussen die kerk as *huis van God* en die gewone huisgesin as *huis van God:* Dienswerk in die gesin dien as oefenskool vir dienswerk in die gemeente.

Die Pastorale briewe het 'n opmerklike toespitsing op gesag in die *huis van God.*

- Die gesag van die heilige Skrifte
- Gesinsgesag in beide woon- en kerkhuis

Die gemeente as *huis van God* moet bymekaarkom in die erediens. By die geleenthede vind daar gebede, Woordverkondiging, liedere en belydenisse plaas.

Die *huis van God* is ook geroep tot onderlinge diensbaarheid. Dit neem die vorm aan van onderrig, opvoeding en materiële versorging.

Om gesag te handhaaf en diensbaarheid te betoon, funksioneer die besondere dienste. Hieronder ontvang die ouderlinge en diakens die meeste aandag. Daar is 'n aanduiding dat van die ouer vroue moontlik in een of ander dienslewerende hoedanigheid aangewend is.

# Hoofstuk 6

## DIE BETEKENIS VAN DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR VIR DIE EKKLESIOLOGIESE DEBAT BINNE DIE GEREFORMEERDE KERKE

***Oorsig:***

6.1 Inleiding
6.2 'n Oorsig oor metafoor-modelle binne die ekklesiologiese debat.
6.3 Die betekenis van die Οἶκος Θεοῦ-metafoor vir die ekklesiologiese debat
6.4 Enkele besondere konsekwensies van die Οἶκος Θεοῦ-metafoor vir die ekklesiologiese debat
6.5 Gevolgtrekking

### 6.1 INLEIDING

'n Metafoor kan gesien word as 'n poging om na analogie van die bekende, iets oor die onbekende te sê. Die analogie sal uiteraard nie die onbekende volledig verklaar of verduidelik nie. Elke metafoor sal slegs 'n bepaalde faset van die onbekende verlig (Van Aarde 1995:43). Skep die metafoor 'n werklikheid of beskryf hy dit net? Dit is die vraag wat Van der Watt (2000:438) vra. Die familie-metafoor in die Johannes-evangelie is volgens hom eerder daar om die werklikheid te beskryf en nie om die geloofgemeenskap in een of ander vorm te giet nie.

In 'n poging om kerk-wees Bybels te begrond, gebruik die kerk nogtans sekere metafore in die Bybel. Sekere Skrifgedeeltes word dan herhaaldelik gepreek, omdat daardie metafoor in die betrokke situasie van toepassing is. So word die gemeente se kerkbegrip in terme van die metafoor gevorm. Wanneer so 'n metafoor dan verder as wat die Bybel dit self gebruik, uitgebrei en ontwikkel word, dan word so 'n beeld 'n model. " 'n Model veralgemeen dus en orden in die proses die kerkbegrip binne die raamwerk van 'n Bybelse beeld." (Hendriks 1992:13.)

In 'n poging om sin en rigting te vind in 'n vinnig veranderende wêreld is daar " 'n byna krampagtige soeke na die daarstelling van gemeentelike modelle" (Dreyer 1995:792). In die proses raak modelle vinnig uitgedien en oudmodies terwyl ander weer op die voorgrond gebring word. Volgens Burger (1995:1) is daar " 'n ontstellende tekort" aan goeie, nuwe idees vir kerk-wees en word die 21ste eeu daarsonder ingegaan.

## 6.2 'N OORSIG OOR METAFOOR-MODELLE BINNE DIE EKKLESIOLOGIESE DEBAT.

Die Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke het in die ekklesiologiese gesprek oor die afgelope vyf-en-twintig jaar van die volgende metafoor-modelle gebruik gemaak (vgl. Dreyer 1995:799):

### 6.2.1 Die Herdermetafoor as kerkmodel

Die begrip *pastoraal* is wesenlik ingebed in die Bybelse verstaan van die Christelike bediening (Adams, 1979:5). As uitgangspunt word God as die *Herder van Israel* (Ps 80:1) gesien. Sy liefde vir die skape het uiteindelike uitdrukking gevind toe Hy sy lewe vir die kudde afgelê het (Joh 10:11). Die herder verskaf die algehele versorging wat die skape benodig (Ps 23:1). Aan hulself oorgelaat, is die kudde hulpeloos (Jes 53:7) en geneig om weg te dwaal en te verdwaal (Jes 53:6).

Die herder-kudde-model sentreer dus rondom die predikant as die pastor-leraar in die kerk. Hiernaas kom diegene in die opsienersamp as mede-herders op die voorgrond (Adams, 1979:364). Bedieningsaktiwiteite soos prediking, huisbesoek, siekebesoek, kategese, toerusting en die kerklike tug kom almal tereg deur die herder-kudde-model.

Nogtans voel baie dat die tyd van die herder-kudde-model verby is (Erasmus, 1995:42). Dit was hierdie model wat gelei het tot die siening dat Afrikaanse gereformeerde kerke in 'n "domineeskerk" ontaard het (Hendriks, 1992:24). Dit is, volgens Dreyer (1995:800) 'n model wat vergestalt het in " 'n outoritêre styl, magsmisbruik, eenrigting-asimmetriese kommunikasie en 'n diktatoriale houding".

Of hierdie siening geregverdig is, moet egter betwyfel word (vgl. bv. Brown, 1993:414) Die betrokke metafoor hoef nie noodwendig te beteken dat daar eenrigting-kommunikasie, gesagsmisbruik of onbetrokke lidmate hoef te wees nie. Hierdie model wil immers juis die pastorale sorg as liefdevolle barmhartigheid verbind met Jesus Christus se opofferende liefde. Volgens Dreyer (1995:802) "is dit duidelik dat die herdermetafoor in 'n nuwe konteks verwring is".

Sonder om die belangrikheid of die geldigheid van die herder-kudde-model te bevraagteken, moet wel gevra word hoe omvattend hierdie metafoor in die Skrif voorkom in vergelyking met ander metafore. Hierdie vraag word onder meer deur hierdie studie oor die (tot dusver onderskatte) *huis van God*-metafoor ondersteun.

### 6.2.2 Die liggaam-metafoor as kerkmodel

In Paulus se briewe vorm die liggaam-metafoor die uitgangspunt van die Hoof-liggaam-kerkmodel. Christus is die Hoof van sy kerk. Op sy beurt is die kerk een. Dit is immers een Here en een Gees wat in almal is. Voor God is almal gelyk. Deur die benutting van almal se gawes word die kerk opgebou. Die gemeenskap van die gelowiges is dus die wesenlike kenmerk van die kerk. Dit is veral die "mekaar-tekste" wat 'n groot rol in die gelowiges se verhouding tot mekaar speel. Daarby is 'n lewende verhouding met Christus van deurslaggewende belang. Elkeen moet kan getuig dat hulle wedergebore en bekeer is (Hendriks, 1992:26).

Die amp van die gelowige kom in die model tot sy reg. Elke lid van die liggaam het 'n bediening. Sodoende gaan daar 'n baie sterker persoonlike getuienis van die kerk uit (vgl. Noordegraaf, 1990:123 - 145). Dreyer (1995:793) wys met die aanhaling van verskeie teoloë daarop dat die liggaam-metafoor klaarblyklik uitnemend geskik is vir 'n gemeentelike model.

Nogtans het die kritiek ook nie uitgebly nie. Dit gebeur dat hierdie model maklik die rol van die amp misken. Omdat die klem val op die gelykheid van alle gelowiges voor God en omdat alle lidmate gawes ontvang het, word die leidinggewende dienste onderbeklemtoon. Daar is dus dikwels 'n gebrek aan leiding en onderrig (Hendriks, 1992:29). Die klem op wedergeboorte en bekering lei dikwels tot die totstandkoming van 'n "heilige" binnekring en die gevolglike verwaarlosing en wegdryf van afgedwaalde skape (Noordegraaf, 1990:145).

Erasmus (1995:43) ondervind ook probleme met dié model wat hy as die "Sola Ecclesia"-model tipeer. Hy vra of die hele saak wel so vanselfsprekend Skriftuurlik is. Kom dit na vore uit 'n breë eksegetiese basis waarin die Skrif onverbloemd aan die woord kom? God se Openbaring sal telkens te veel en te omvattend wees om deur middel van die liggaam-model begrens te word. "Vanuit die gereformeerde belydenis van die Sola Scriptura en die Solus Christus kan die kenmerkende 'sola ecclesia'-inslag van die liggaam-model nie sonder ernstige teologiese kritiek bejeën word nie." (Erasmus, 1995:49.)

### 6.2.3 Die Bou-metafoor as kerkmodel

Hendriks (1992:78) is van mening dat die begrip gemeentebou sy oorsprong en ontwikkeling te danke het aan die omstandighede rondom die ballingskap. Met die ballingskap is alles in Israel afgebreek. Die herbou van die tempel en die verbondsvolk word die sentrale temas wat die Nuwe Testament inlei. In die Nuwe Testament word die bou-beeldspraak in die lewe en werk van Christus vervul.

God is die subjek van die bou-metafoor in beide Testamente (Hendriks, 1992:80). Slegs die Here kan die bouer van sy tempel, van die nuwe Jerusalem en van sy gemeente wees. Nogtans gebruik God menslike instrumente met hulle spesifieke hoedanighede in sy bouwerk (Hendriks, 1992:82). In die proses beklee God hulle met gesag wat nie in hulle persoon geleë is nie en ook nie aan hulle enige meerdere status geen nie. Elke gelowige het egter ook die verantwoordelikheid om sy gawes in diens van die gemeente te gebruik.

Wat is God se doel met die bouwerk? Volgens Hendriks (1992:82) is die volgende doelstellings ter sprake:

- Die eer van God. Die herbou en herstelwerk aan sy kerk doen God ter wille van die eer van sy Naam.
- Die opbou van God se volk het 'n missionêre aspek. "Gemeentebou het 'n inwendige, kwalitatiewe opbou-aspek asook 'n uitwendige, kwantitatiewe missionêre aspek. Dit is twee kante van een saak. As die een stol, sal die ander een ook kwyn." (Hendriks, 1992:83.)
- Weerstand teen dwaalleer. Pastorale opbou van die gemeente is die enigste waarborg teen die voorkoms van dwaalleer. Dit is net geestelike volwasse gelowiges wat die dinge waarop dit regtig aankom, kan onderskei.

Deur sy ontginning van die bou-metafoor in die Skrif lewer Hendriks 'n waardevolle bydrae tot 'n gesprek oor die *huis van God*. Wat Hendriks van die gesin sê (1992:95), is byvoorbeeld ook ter sake vir hierdie studie. Sonder gesinsbou kan gemeentebou nie plaasvind nie. In hierdie opsig funksioneer die gesin as *mikrogemeente*. Daar waar die *mikrogemeente* nie meer funksioneer nie, kan die *makrogemeente* ook nie tereg kom nie. "Alles wat in die erediens gebeur waar die gemeente bymekaarkom, moet in die gesin se erediens (huisgodsdiens) en leefwyse geleer en gedemonstreer word."

Wanneer Hendriks (1992:93 e.v.) by die praktykmaking kom, laat vaar hy egter die boumetafoor in ruil vir 'n wiel-metafoor. Die individuele gelowige word dan die as, die wiellaers is die huwelik en die gesin, die naaf is die kleingroep, die speke van die wiel is die bedienings in groot groepe en die band van die wiel is die erediens.

Die verwisseling van metafore is egter die grootste swakheid in Hendriks se model. Nadat soveel moeite gedoen is om die bou-metafoor as grondliggend aan die Skrif aan te dui, is dit jammer dat Hendriks hierdie metafoor laat vaar wanneer dit by die praktyk kom. Daardeur word sy model onnodig kompleks.

Die Skriftuurlike onderbou van die Kleingroep bly ook agterweë en word slegs gedeeltelik begrond deur 'n verwysing na die *koinonia*-begrip. Kleingroepe in die kerk word eerder sosiologies as organies vanuit die Skrif verduidelik en gemotiveer (Hendriks, 1992:96 e.v.). Net so arm aan Bybelse motivering is die voorkoms van Grootgroepe in die wielmodel. Volgens Hendriks is die groterige wyk en die kerkraad self saam met verskillende "belangegroepe" voorbeelde van die Grootgroep in die gemeente. "Al hierdie groepe funksioneer op 'n sosiologiese en teologiese vlak as die infrastruktuur van intermenslike verhoudinge wat belangrik is vir die sinvolle belewing van die erediens (ibid. 99). In sy kritiek op Hendriks vra Brown (1993:414) dan ook tereg of die wyse waarop gemeentemodelle kom en gaan altyd krities en Skriftuurlik geskied?

### 6.2.4 Die Familie-metafoor as kerkmodel

Burger (1995:2) vra dat die geloofsgemeenskap na die metafoor van die familie of huishouding moet kyk as een van die primêre maniere van dink oor die kerk. Twee jaar later gee hy self beslag aan die voorstel in 'n populêre publikasie: *Familie van God! 'n Ander manier van dink oor God, oor geloof en oor die kerk* (Burger, 1997). Alhoewel Burger sterk op die uitgebreide familiale beeldspraak in die Skrif leun, lê hy tog klem daarop dat Jesus volgens hom gekom het om 'n nuwe, alternatiewe "familie" met 'n nuwe Familiehoof en nuwe familiereëls te stig (1997:132).

'n Sterker leun op die familie-metafoor sal vir Burger (1995:7 e.v.) die volgende winspunte inhou:

- Die koinonale basis van die geloofsgemeenskap sal beklemtoon word.
- Daardeur kan die kerk leer om 'n lotsverbondenheid en lojaliteit aan 'n groter saak te verstaan. Die familiekring is van die min plekke waar 'n mens nog soms iets van hierdie lojaliteit sien en ervaar.
- Deur die kerk as 'n alternatiewe familie te sien, word die radikaliteit van 'n keuse vir Christus beklemtoon. Sodoende sal die probleem van verbonds-outomatisme in die gereformeerde kerk besweer word.

- Die familie-metafoor bring die genade- en die eiskant van die evangelie na vore. Deur familietaal as huisreëls te verstaan, sal die *dissipline- en gebodkant van die lewe saam met God en met mekaar* ook beter verstaan word.

- Daar lê ook voordele in vir die ekumene. Die kerke wêreldwyd is tog immers binne dieselfde familieverband.

Crosby (1988:1) se bydrae oor die Matteus-evangelie waarin hy die kerk sien as 'n alternatiewe "house-based community", is vir Burger (1995:4) rigtinggewend in sy siening van die kerk. Hiervolgens moet die kerk nie gesien word as 'n patriargale huishouding waarbinne families geleef het nie. Dit moet eerder verstaan word in die lyn van die "kollegiale huishouding" waarbinne die gildes en ander vrywillige organisasies van destyds hulself georganiseer het. "Verhoudings binne die familie van God móés anders werk as binne die gewone families omdat mense voor God gelyk en gelykwaardig is" (Burger, 1997:145).

Dit is jammer dat Burger nie ook kennis geneem het van Love (1993) se kritiek op Crosby nie. Alhoewel Love (1993:27) met Crosby saamstem oor die belang van die huisgesin as sosiale werklikheid en metafoor, stem hy nie saam dat Christus eerder 'n tipe "kollegiale huishouding" kom bevorder het nie. Matteus se kerk bly ferm gebed "in an advanced agrarian society" (Love, 1993:29). In hierdie opsig stem Van Eck (1991:667) met Love saam.

Dit is duidelik dat Burger van *amp*telikheid en kerk*orde*likheid wegskram. Sy model het 'n siening van die gesin en familie as 'n verband waar "strenge korrektheid en geordenheid" plek moet maak vir "warmte en spontaneïteit". "Baie lidmate is net moeg vir 'n kerk waarin daar 'n kerkreël en 'n -orde vir elke ding is." (1997:133.) Dit is daarom te verstane dat die Pastorale briewe wat, soos reeds aangetoon, van gesagsuitdrukkings, kerk- en huisordelike voorskrifte wemel (vgl. 4.3 hierbo) skaars deur Burger vermeld word.

Nogtans kan die vele pluspunte van Burger se uitlig van die Familiale-metafoor nie misken word nie.

### 6.2.5 Gevolgtrekking ten opsigte van die metafoormodelle

Vir 'n ekklesiologiese benadering om gebalanseerd te wees, moet probeer word om soveel as moontlik van "die aksente van al die metaforiese spreke oor die kerk as geloofgemeenskap te laat meespreek" (Dreyer, 1995:793). Die vraag ontstaan dus of dit verantwoordelik is om 'n Bybelse metafoor in isolasie as model van die kerk te gebruik. Burger (1995:800) se waarskuwing dat Bybelse metafore komplimentêr tot mekaar gesien en liefs nie teen mekaar afgespeel moet word nie, verdien aandag. In hierdie opsig verdien ook Erasmus (1995:48) vermelding: "Die kerk van Christus leef van die veelkleurige geskakeerdheid van die Openbaring van God en sy genadige heilshandelinge met die mens. Hierdie Openbaring sal telkens te veel en te omvattend wees om deur middel van 'n konseptuele 'kerkteologie', kerkbegrip of liggaamsmodel begrens te word."

Aan die hand van bogenoemde bespreking kan afgelei word dat die onderskeie metafoor-modelle wat tot dusver in gebruik was, beide positiewe en negatiewe eienskappe vertoon. Die sterkste kritiek wat deurgaans teen die gebruik van hierdie metafore ingebring kan word, is dat hulle baie sê, maar nie alles sê nie.

- Die herder-kudde-metafoor wat in die verlede as model vir die funksionering van die gemeente gegeld het, kon daartoe aanleiding gee dat die rol en die taak van die ampsdraers oorbeklemtoon is ten koste van die lidmate.
- Omdat die postmoderne era daarom vra, word die plek en die funksie van die individuele lidmaat weer in die liggaamsmodel verabsoluteer. Die vraag is tot watter mate die tydsgees die ekklesiologie moet bepaal.
- Hendriks (1992) se gemeentebou-model openbaar 'n stewiger eksegetiese en openbaringshistoriese onderbou, maar raak die bouplan byster waar dit by die praktyk kom. Die gevolg is dat die model uiteindelik lomp en kompleks voorkom.
- Die kerk as "Familie van God" toon baie belofte, maar vra 'n meer diepgaande Skrifstudie as wat Burger (1995, 1997) tot dusver mee vorendag gekom het.

Van der Watt (2000) het met sy bydrae oor die Familie-metafoor in die Johannes evangelie (meer as 500 bladsye) juis aangetoon hoe ryk en betekenisvol hierdie metafoor kan wees.

'n Punt van kritiek teen die eerste twee metafoor-modelle is die feit dat beide swaar leun op enkele Skrifplaatse. Daar is 'n gebrek aan omvattenheid en min erkenning van openbaringshistoriese ontwikkeling. In die geval van Hendriks (1992) is dit 'n minder geldige beswaar. Tog kan gevra word of die bou-metafoor en -motief nie ook vroeër as die ballingskapsperiode in die Skrif voorkom nie. Soos reeds aangedui, is daar by Burger (1995,1997) se metafoor-model ook heelwat meer ontginningsmoontlikhede.

'n Moontlikheid wat uit hierdie studie voortspruit, is dat die Bou-metafoor en die Familie-metafoor ingesluit word in die omvattender metafoor vir die kerk as *die huis van God*. Sodoende sal daar nader beweeg word aan Dreyer (1995:793) se ideaal om "die aksente van al die metaforiese spreke oor die kerk as geloofgemeenskap te laat meespreek".

## 6.3 DIE BETEKENIS VAN DIE οἶκος Θεοῦ-METAFOOR VIR DIE EKKLESIOLOGIESE DEBAT

"Hoewel ons nie die fout moet maak om te dink dat dit al manier is waarop ons oor die kerk kan dink nie, oordeel ons tog dat Westerse kerke 'n stadium bereik het waar hierdie metafoor ons kan help om aspekte van ons kerkwees wat iewers langs die pad verlore gegaan het, te herwin." So sien Burger (1997:132) die belangrikheid van die Bybelse metafoor: die Familie van God. In die lig van die vyf voorafgaande hoofstukke van hierdie studie moet daar in hierdie opsig met Burger saamgestem word.

By wyse van samevatting van die voorafgaande studieresultate word die volgende aangetoon:

### 6.3.1 Die *huis van God*-metafoor bring na vore dat daar 'n noue verband tussen die missiologiese en bewarende funksies van die kerk bestaan

Die *huis van God* staan tegelyk op die offensief en die defensief.

Aan die defensiewe kant moet daar na die materiële nood van die randfigure van die gemeente, na die weduwees en die wees omgesien word, die gesonde leer moet onder die geloofsgemeenskap bekend wees, die tug moet in woon- en kerkhuis toegepas word en hoë morele en etiese waardes moet sigbaar gehandhaaf word.

Aan die offensiewe kant moet die reddende genade van God in Jesus Christus aan die wêreld uitgedra word deur Woord en voorbeeld. Die gelowiges is deel van dieselfde *huis* ter wille van diegene wat nog lede van die Goddelike huishouding moet word. Om hierdie rede word die huis *'n pilaar en 'n bolwerk van die waarheid* genoem. Hulle moet immers "God se reddende waarheidsgeheim onwrikbaar tot eie heil vashou en onverskrokke tot heil van ander aan die wêreld voorhou." (Du Preez, 1987:192.)

Die *huis van God* is dus gedurigdeur besig om enersyds sigself te ommuur, maar terselfdertyd is dit ook andersyds besig om die buitemure uit te brei. Die huis van God groei by wyse van spreke op tweërlei wyse: deur die aanbou van kinderkamers en deur die aanbou van gastekamers.

### 6.3.2 Daar is ook 'n noue verband tussen die gemeente en die gesin.

Die Bybelse huisgesin is die basiese bousteen van die kerk. In die Bybelse gesin het die gemeente die oefenskool vir al die funksies en deugde wat dit benodig: gesagsuitoefening, offervaardigheid, gasvryheid, gehoorsaamheid, onderdanigheid, Woordonderrig, gebede, lofsange en uitreiking na die wêreld. "Unless true Christian culture is re-established in countless homes, it will never be re-established anywhere else." (Wilson, 1997a:11.)

Wat die Christelike uitreiking betref, kan ook gesê word dat die gesin dikwels die poort tot die gemeente is. Min evangelisasie pogings sal ooit so geslaagd wees soos die eenvoudige woord en voorbeeld van die gasvrye Bybelse huisgesin. Kerkgroei is dus onlosmaaklik van huis-tot-huis-evangelisasie. "Household evangelism respects the integrity of the home, moving with and not against the social unit created by God." (Hulbert, 1978:175.)

### 6.3.3 Die huis van God vereis die handhawing van Bybelse gesagstrukture

Die *huis van God* kan nie omskep word in 'n gemoedelike samesyn van huisgenote waarin elkeen hom/haarself laat geld, soos dikwels in Amerikaanse TV gesinskomedies voorgestel word nie. Ook is dit nie 'n kollegiale gemeenskap wat op demokratiese wyse funksioneer nie.

Die *huis van God* in albei sy gestaltes – gemeente én huisgesin – funksioneer immers binne die gesagstrukture wat in die Bybel daarvoor gegee word. Die rede hiervoor gee Wilson (1997a:9) soos volg aan: "The biblical family is an instituted government, established by God at the very beginning of human history. The institution for this government was written by Him and revealed to us in His Word." Volgens die apostel Paulus was sy gesag begrond volgens *die bevel van God* (1 Tim 1:1). Timoteus moes die gedragskode van die huis van God *beveel en leer* (1 Tim 4:11).

- Die kerklike tug sou hiervolgens 'n logiese uitvloeisel wees. "Since discipline is a primary means available for drawing a line between the church and the world, one of the chief ways of identifying God's people, and a pivotal element in distinguishing a true church from a false one, it is of utmost importance to re-establish good discipline in this period in which there has been much confusion in determining the true churches of Christ." (Adams 1986:10.)

Volgens die gedragskode van die Pastorale briewe moet die *huis van God* regeer word deur opsieners wat hulle as huishoofde onderskei het. Volgens Van Bruggen (1984:166) is die opdragte rondom die ouderlinge so duidelik en primêr "dat elke verdere structuur daaraan dienstbaar moet zijn en zichzelf veroordeelt wanneer zij in de praktijk het ambt van de oudsten verdringt of uitholt".

Die ouderlinge word bygestaan deur diakens wat ook in staat moet wees om hulle eie huise te regeer.

- Van kinders word ook onderdanigheid teenoor hulle ouers verwag. As kinders nie die teenwoordigheid van die almagtige God in elke aspek van hulle lewens ervaar nie, het hulle vaders gewoonlik geabdikeer (Schlect, 1995:17).

  Volgens God se skeppingsorde regeer vroue nie oor mans nie. Wanneer moeders hulle Godgegewe roeping in die huis vervul, wanneer vroue hulself toewy aan hulle mans, kinders en die opbou van hulle huisgesin, word die kerk as geheel versterk. "This is actually their 'ministry' to the Church: being obedient wives who are raising godly children. Obviously, when a church is full of healthy families, the church will be healthy and stable." (Wilson 2000:14.)

### 6.3.4 Vroulike dienaresse lewer dienswerk in die *huis van God*

Binne die geledere van die vroue is daar aangewese weduwees wat spesiale dienswerk lewer. Of daar in die 1 Timoteus of in die ander Pauliniese briewe na die *amp* van 'n diakones verwys word, is egter moeilik aanwysbaar.

Schwertley (1998:155) meen dat die vraag rondom vroulike diakonesse gewoonlik verkeerd geformuleer word. Die vraag is nie of die Kerk diakonesse behoort te hê nie, maar watter soort diakonesse die Skrif vra. Vroulike diakonesse het ander vereistes en 'n ander bedieningsveld as manlike diakens.

Daarom, ten einde verwarring te voorkom, kan miskien eerder na "dienaresse" as na "diakonesse" verwys word. Onder die leiding van die Heilige Gees het Paulus gevra dat godvrugtige weduwees op 'n lys geplaas moet word. In die lig van die disintegrasie van gesinne is hierdie dienende weduwees vandag nog net so nodig as wat hulle destyds was (Schwertley, ibid.). Daar is ook volgens Wilson (1997b:21) 'n groot behoefte in die kerk aan "godly teaching for younger women" afkomstig van die ouer vroue (vgl. Tit 2:3.4).

Sou hierdie vroue saam met die manlike diakens op die kerkraad 'n regeerfunksie verrig, sal dit in stryd met die Skrif wees.

## 6.4 Enkele besonderse konsekwensies van die οἶκος Θεοῦ-metafoor vir die ekklesiologiese debat

**(1) Indien daar met die kerk as die *huis van God*-model gewerk word, moet die die konteks van die vervalle huisgesin binne die een-en-twintigste-eeuse samelewing in ag geneem word.**

Volgens Jordaan (2002:6) is die huisgesin "vervang deur 'n aantal enkelinge wat as't ware toevallig binne die dieselfde leefruimte bestaan". Vaders gee nie meer leiding en rigting op geestelike en stoflike gebied nie. Moeders is nie meer die punt waaraan die gesin op geestelike en materiële wyse veranker is nie. Die huwelik het in talle omstandighede in 'n vennootskap ontaard waarin elke party dikwels sy eie agenda het. In baie gesinne is daar nog bitter min van kinderdissipline ter sprake.

Indien die kerk sou streef om *familie* of *huis van God* te wees, sal daar eerstens aan die Christelike gesin gewerk moet word om *huis van God* te wees volgens die vereistes van God se Woord.

**(2) Aan die sosiale en maatskaplike implikasies van οἶκος Θεοῦ-wees moet gestalte gegee word**

Van Eck (1991) toon byvoorbeeld eksegeties aan dat die "amp' van die ouderling nie los gesien kan word van die familiehoof van die eerste eeu nie. Hy sien egter nie kans vir die implikasie dat familiehoofde vandag daardie funksie moet vervul nie (Van Eck, 1991:682). "Die kerk se bedieningstruktuur moet funksioneel in terme van die eise van die dag wees. Of dit Bybels is of nie, behoort nie die vraag te wees nie." (Van Eck, 1991:681.)

Wanneer egter aanvaar word dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is (soos in hierdie studie aanvaar word, vgl. 1.7), behoort die vraag eerder te wees: Is die bedieningstruktuur werklik funksioneel **in terme van die Bybel**? (vgl. ook Bordwine, 2001:34).

Daarby moet ingedagte gehou word dat sekere implikasies van die οἶκος Θεοῦ-metafoor waarskynlik ongemaklik binne die huidige (post?-)moderne konteks sal inpas. Begrippe en gedragsvereistes wat baie duidelik volgens die Pastorale Briewe en in besonder 1 Timoteus by die οἶκος Θεοῦ tuishoort, is onder meer die volgende: vaderlike en manlike gesag in woon- én kerkhuis, ouderlinge wat nie net kan regeer nie, maar ook bekwaam is om te leer, vroulike onderdanigheid, kuisheid en huislikheid, gehoorsame kinders en so meer. Die geldigheid en houdbaarheid van hierdie begrippe en gedragsvereistes vir die huisgesin hang egter nie van die samelewing of die tydsgees af nie, maar van die gesag waarmee God se Woord oor hierdie dinge met ons spreek.

**(3) Veral twee huidige bedieningspraktyke van die kerk moet in heroorweging geneem word: kleingroepbediening en jeugbediening.**

- Kleingroepbediening

Hendriks (1992:96) onderskei tussen vyf soorte kleingroepe: 1) die huwelik en die gesin 2) die geestelike kleingroep, 3) die pastorale ondersteuningsgroep en 4) die bedieningsgerigte kleingroep en 5) die wyk as kleingroep.

Van hierdie groepe moet onder andere "plaasvervangend dien vir die groeiproses wat in die gesin moes plaasgevind het".

Kleingroepe kan baie voordele hê: Die gemeente kan vernuwe word tot 'n ware liefdesgemeenskap, ware *koinonia* kan plaasvind, ruimte kan vir skaam lidmate geskep word, mense kan die Bybel leer ken, lewens kan verander en vernuwe word (vgl. Oostenbrink 1995:8). As Bybelse fundering vir die kleingroep werk Oostenbrink ook met die οἶκος-begrip. Die vroeë kerk het immers deur middel van kleingroepe (huise) met rasse skrede gegroei.

Die kleingroep soos voorgestel deur Oostenbrink en Hendriks laat egter nie die ampte tot hulle reg kom nie en dien uiteindelik ook nie om die werklike huisgesin (teenoor die kunsmatige kleingroephuisgesin) op te bou nie.

Die enigste kleingroep wat die *huis van God* ken, is die huisgesin of uitgebreide huisgesin onder die gesag van 'n manlike hoof wat moontlik ook 'n ouderling is.

- Jeugbediening

In 1 Timoteus 5:16 gee Paulus aan Timoteus opdrag dat huisgesinne self aan hulle weduwees moet hulp verleen en dat die gemeente nie met die sorg van sulke weduwees belas moet word nie. Hiermee word 'n belangrike konsekwensie van die *huis van God*-metafoor aangedui: Die gemeente moet nie belas word met dit wat binne die kring van die huisgesin tuishoort en daar hanteer behoort te word nie. Hoewel beide die gemeente en die huisgesin aan die οἶκος Θεοῦ–metafoor gestalte gee en nou aan mekaar verbonde is, mag die een nie in die ander opgaan nie. Die gesagsordening van die οἶκος Θεοῦ vereis juis dat beide huisgesin en gemeente elkeen sy eie verantwoordelikhede sal nakom.

Schlect (1995:3) bring bostaande beginsel soos volg in verband met jeugbediening: "The Church today does not expect what it ought to from children and their parents, and this can be attributed in a large part to a flawed concept of youth ministry." Wanneer die gemeente, die leraar en die ampsdraers se kragte gebruik word om die gemeente se kinders te bedien, moet die eintlike bedieningswerk onder die weduwees, die wees en die vreemdelinge skade lei.

Daar is geen Skrifgefundeerde plek vir die jeugbediening in die kerk nie. Binne die οἶκος Θεοῦ moet die vaders weer tot verantwoordelikheid opgeroep word om self hulle kinders te bedien. Waar die vaders hulle plig versaak het, sal daardie betrokke kinders saam met *die wees* versorg moet word. In dié geval moet daar dus eerstens 'n *vaderbediening* wees - toegespits om die vaders na hulle huislike pligte terug te roep.

Om op te som: Indien die kerk οἶκος Θεοῦ as bedieningsmodel kies, "sal die kerk (om Van Eck [1991:682] se woorde te gebruik) die volle konsekwensies daarvan in gedagte moet hou".

## 6.5 Gevolgtrekking

Die οἶκος Θεοῦ–metafoor bring dus die volgende belangrike aangeleenthede binne die gesigsveld van die ekklesiologiese debat binne gereformeerde kerke:

6.5.1 Die *huis van God*-metafoor bring na vore dat daar 'n noue verband tussen die missiologiese en bewarende funksies van die kerk bestaan.

6.5.2 Daar is ook 'n noue verband tussen die gemeente en die gesin.

6.5.3 Die *huis van God* vereis die handhawing van Bybelse gesagstrukture..

6.5.4 Vroulike dienaresse lewer dienswerk in die *huis van God*.

### 6.5.5 Enkele besonderse konsekwensies van die οἶκος Θεοῦ-metafoor vir die ekklesiologiese debat

(1) Indien daar met die kerk as die *huis van God*-model gewerk word, moet die konteks van die vervalle huisgesin binne die een-en-twintigste-eeuse samelewing in ag geneem word.

(2) Aan die sosiale en maatskaplike implikasies van οἶκος Θεοῦ-wees, moet gestalte gegee word.

(3) Veral twee huidige bedieningspraktyke van die kerk moet in heroorweging geneem word: kleingroepbediening en jeugbediening.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

*Oorsig:*

7.1 Oorsprong en metaforiese aanwending van die οἶκος Θεοῦ-begrip

Uit die bostaande ses hoofstukke blyk dit dat die οἶκος Θεοῦ-metafoor grondliggend aan die Skrif se spreke oor die gemeenskap met God en die gemeenskap van God is. Dit blyk verder dat hierdie metafoor ook in 1 Timoteus 3:15 van grondliggende betekenis is en belangrike kerkordelike implikasies het. Die eksegetiese ondersoek van die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus wat in hierdie studie gedoen is, het dan die volgende aan die lig gebring:

### 7.1 OORSPRONG EN METAFORIESE AANWENDING VAN DIE οἶκος Θεοῦ-BEGRIP

(1) Uit 'n semantiese en sosio-historiese analise van die uitdrukking οἶκος Θεοῦ soos dit in die Nuwe Testament gebruik word (vgl. Hoofstuk 2), blyk dit dat die uitdrukking nie sy oorsprong by die Grieks-Romeinse samelewing het nie, maar eerder by die Jodedom, spesifiek die Ou Testament. Daarom het ook die metaforiese aanwending van οἶκος Θεοῦ sy wortels in die Ou Testament.

(2) Die studie van die οἶκος Θεοῦ-begrip elders in die Ou en die Nuwe Testament (vgl. Hoofstuk 3) het die volgende na vore gebring:

- Die dominante rol wat die tabernakel/tempel gemeenskap met die gepaardgaande seremoniële wette as *huis van God* in die Ou Testament het, word algaande in die Nuwe Testament met die koms van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees vervang met die realisering van die *huis van God* as huisgenote in die geloof. Teenoor die Ou Testamentiese *huis van God* wat 'n statiese struktuur was, is hierdie struktuur dus dinamies.

- Die heiligheid van God die Vader en die daaruit afgeleide heiligheid as verpligting van die geloofsgemeenskap word deurgaans in beide Testamente gehandhaaf.

- Die *huis van God* is enersyds afgegrens teen die afgodery en dwalinge van heidendom, maar ook andersyds gerig op die heil en redding van mense uit die heidendom. Die *huis van God* is afgegrens, maar word ook terselfdertyd uitgebou.

- Die huwelik en die gesin is die basiese boustene van die *huis van God*. God se huishouding en die gelowiges se huishouding is op mekaar afgestem. In beide geld Vaderlike liefde en gesag. In beide is daar 'n spesiale plek vir die vreemdeling, weduwee en wees. In beide vind 'n weerspieëling van die Goddelike ekonomie plaas deurdat die huisgenote gelykwaardig maar nie gelykpligtig nie gestel word.

(3) Wanneer die οἶκος Θεοῦ van 1 Timoteus 3:15 binne die geheelstruktuur van die brief beskou word (vgl. Hoofstuk 4), kom die volgende fasette van die metafoor na vore:

- Die *huis van God* bestaan uit kleiner huisgesinne van God wat onder leiding van die huishoofde byeenkom om te bid. So vorm die kleiner gesinne saam die groter huisgesin van God, of te wel, die gemeente. Die gemeente self bestaan dus uit gelowige broers en susters.

- Binne die *huis van God* is daar goddelike gesag. Hierdie gesag word deur God se apostel opgedra aan die leraar Timoteus en deur hom weer aan die ouderlinge wat uit die geledere van die manlike huishoofde kom. Net die mans wat verantwoordelikheid in die kleiner huisgesin van God aanvaar het, kan as ouderling dien in die gemeente.

- Onder hierdie gesag word daar in die *huis van God* gebid, geloofskennis oorgedra en tot 'n lewe van godsvrug aangemoedig. Die godvrugtige lewe word telkens in terme van goeie en slegte optrede beskryf.

- Om die ouderlinge in die *huis van God* by te staan, is daar helpers. By die manlike helpers gaan dit hier moontlik oor mederegering met die verantwoordelikheid tot kennisoordrag uitgesluit. Sou 1 Timoteus 3:11 dui op vroulike helpers, is die verantwoordelikheid tot mederegering uitgesluit en kom die take soos in 1 Timoteus 5:10 uiteengesit word, waarskynlik in die gesigsveld.

- Besondere klem word gelê op die plig van die vroue in die *huis van God* om goeie werke na te streef. Hierdie goeie werke word veral geopenbaar in vroue se bereidwilligheid om gasvry te wees en hulle te ontferm oor diegene binne die geloofsgemeenskap wat versorging nodig het. Die vroue se hooftaak is egter om die huisgesin van God te laat uitbrei deur self gelowige kinders voort te bring.

(4) Geweeg aan die ekklesiologiese agtergrond van die Pastorale briewe (vgl. Hoofstuk 5), dra die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15 die volgende gewig:

- Die Nuwe-Testamentiese gemeente het sy oorsprong in die belydenis aangaande die lewende God wat sy Seun Jesus Christus na die wêreld gestuur het om sondaars te red. Hierdie belydenis kry sy beslag en word uitgedra deur 'n unieke en dinamiese struktuur: die *huis van God*.

- Die *huis van God* is eerstens beskermers van die belydenis. In hierdie opsig kan dit beskryf word as 'n heilige en bewaakte tempel.

- Terselfdertyd is die *huis van God* uitdraers van die belydenis. In hierdie opsig kan dit weer gesien word as 'n groeiende huisgesin.

- Die *huis van God* kom voor in die vorm van die gewone huisgesin en die kerk as gemeente. In beide hierdie huise moet die vaders geestelike verantwoordelikheid aanvaar. Gebede, belydenisse en doksologieë funksioneer binne albei kontekste van die *huis van God*. Van beide huise word verwag om gelowige *kinders* voort te bring en op te voed. Daar is wel 'n onderskeid tussen die kerk as *huis van God* en die gewone huisgesin as *huis van God*: dienswerk in die gesin dien as oefenskool vir dienswerk in die gemeente.

- Die Pastorale briewe het 'n opmerklike toespitsing op gesag in die *huis van God*:
  Die gesag van die heilige Skrifte
  Gesinsgesag in beide woon- en kerkhuis

- Die gemeente as *huis van God* moet bymekaarkom in die erediens. By die eredienste vind daar gebede, Woordverkondiging, liedere en belydenisse plaas.

- Die *huis van God* is ook geroep tot onderlinge diensbaarheid in die vorm van onderrig, opvoeding en materiële versorging.

- Om gesag te handhaaf en diensbaarheid te betoon, funksioneer die besondere dienste. Hieronder ontvang die ouderlinge en diakens die meeste aandag. Daar is 'n aanduiding dat van die ouer vroue moontlik in een of ander dienslewerende hoedanigheid aangewend is.

(5) Al die bostaande aksente wat deur die οἶκος Θεοῦ-metafoor in 1 Timoteus 3:15 gelê word, het die volgende implikasies vir die ekklesiologiese debat binne die gereformeerde kerke in Suid-Afrika (vgl. Hoofstuk 6):

- Benewens kerkmodelle wat op die herder-metafoor, die liggaam-metafoor, die bou-metafoor en die familie-metafoor gebou is, moet daar ernstig aandag geskenk word aan die *huis van God*-model as metafoor. So 'n kerkmodel stel die volgende op die voorgrond:

- Daar is ook 'n noue verband tussen die gemeente en die gesin. Beide gemeente en huisgesin funksioneer as *huis van God.*

- Die *huis van God* vereis die handhawing van Bybelse gesagstrukture in beide gemeente en huisgesin.

- Indien daar met die kerk as die *huis van God*-model gewerk word, moet die konteks van die vervalle huisgesin binne die een-en-twintigste-eeuse samelewing in ag geneem word. Daar sal ook nie van die sosiale en maatskaplike implikasies van die gebruik van die οἶκος Θεοῦ teruggedeins kan word nie.

- Veral twee huidige bedieningspraktyke van die kerk moet in die lig van hierdie studie in heroorweging geneem word: kleingroepbediening en jeugbediening

- Volgens die Skrifgedeeltes wat behandel is, is daar 'n noue verband tussen die missiologiese en bewarende funksies van die kerk. God het die *huis van God* in die lewe geroep om die Nuwe Testamentiese evangeliese waarheid teenoor die afvallige wêreld te bewaar, enersyds, maar andersyds om dit ook deur woord en daad aan die ongeredde wêreld uit te dra. Die *huis van God* is daarom afgegrens teen die afgodery en dwalinge van heidendom, maar terselfdertyd ook gerig op die heil en redding van mense uit die heidendom. Die *huis van God* word tegelyk afgegrens en uitgebou.

# SLEUTELBEGRIPPE

AMPTE

DIAKENS

EKKLESIOLOGIE

GESAG

HUIS

HUISGESIN

KERKORDE

KERKREGERING

MISSIOLOGIE

ONDERRIG

OUDERLINGE

PASTORALE BRIEWE

SOSIO-HISTORIESE KONTEKS

VADER

VROUE

# ABSTRACT


The central theoretical argument of this study demonstrates that the οἶκος Θεοῦ as used in 1 Timothy 3:15 points towards both the *house of God* and the *family of God*. It further serves as a powerful metaphor to be employed within reformed churches. The exegetical examination of the use of the οἶκος Θεοῦ metaphor in 1 Timothy 3:15 as undertaken in this study, has led to the following conclusions:

(1) A semantical and socio historical analysis of the expression οἶκος Θεου as used in the New Testament (consult Chapter 2) indicates that the expression does not have its roots in the Greek Roman society, but rather in Judaism, specifically the Old Testament.

(2) The study of the use of οἶκος Θεου elsewhere in the Old and New Testament (consult Chapter 3) has brought the following to light:

- The dominant role of the tabernacle/temple community with its accompanying ceremonial stipulations as the *house of God* in the Old Testament is gradually displaced in the New Testament with the coming of Christ and subsequent Pentecost. House members in the faith have since Pentacost become the *house of God*. In contrast to a static Old Testament *house of God* the new structure can therefore be seen as dynamic.

- Both Testaments portrays God the Father as holy. It follows logically that in both instances the community of faith is consistently required to be holy, too.

- On the one hand the *house of God* is set against the idolatry and errors of heathenism, but on the other hand it is also set on the salvation of heathens. Paradoxically therefore, the *house of God* has walls like a fortress while the very same walls are continually expanded outward.

- The institutions of marriage and family are the basic building blocks of the *house of God*. God's economy and the economy of the believers are interrelated. In both you will find Fatherly love and authority. In both provision has been made for the foreigner, widow and orphan. In both the Godly economy is reflected in the sense that members of the household are equal in worth but not in duty.

(3) When the οἶκος Θεου of 1 Timothy 3:15 is viewed within the macro structure of the letter (consult Chapter 4) the following aspects of the metaphor are prominent:

- The *house of God* consists of smaller households of God who gather to pray under the leadership of their heads. In this manner the combined smaller households form the larger household of God, also called the congregation. The congregation therefore consists of believing brothers and sisters.

- There is godly authority within the *house of God*. God delegates this authority to the minister of the Word, Timothy. In turn, he delegates this authority to the elders from the ranks of the male heads of households. Only men, who have accepted responsibility in the smaller household of God, can qualify as elders to serve in the congregation.

- Under this Godly authority worship takes place in the *house of God*, knowledge of the faith is transferred, and a Godly way of life is encouraged.

- Helpers in the *house of God* assist the elders. In the case of male helpers this help may be interpreted as assistance in ruling, but not in teaching. If 1 Timothy 3:11 points towards woman helpers, the responsibility of co-rule is excluded. In such a case the responsibilities mentioned in 1 Timothy 5:10 are probably indicated.

- Women in the *house of God* are especially encouraged to perform good works. These good works manifest in hospitality and care for those within the faith community that require it. The main task of women however, is to expand the *house of God* by giving birth and raising children.

(4) Considering the ecclesiastical background of the Pastoral Epistles (consult Chapter 5) the οἶκος Θεοῦ metaphor in 1 Timothy has the following implications:

- The New Testament congregation has its roots in the confession concerning the living God who sent his Son Jesus Christ to the world to save sinners. A unique and dynamic structure, the *house of God*, admits this confession and carries it forth.

- The *house of God* is first and foremost guardian of the confession. In this regard it can be seen as a holy and well-guarded temple.

- Simultaneously the *house of God* is a carrier of the confession. In this regard it manifests itself as a growing household.

- The *house of God* reveals itself in the form of the ordinary household and the church as congregation. In both these houses the fathers have to accept spiritual responsibility. Prayers, confessions and doxologies function within both contexts of the *house of God*. Both houses are expected to bring forth and educate believing children. The *house of God* in the form of church and the *house of God* as ordinary household can be distinguished as follows: service in the household serves as practice for service in the congregation.

- The Pastoral Epistles has a remarkable focus on the twofold authority in the *house of God*:

  the authority of the Holy Scriptures;
  house authority in both the household and the church house.

- The congregation as *house of God* are expected to gather in worship. Worship consists of prayers, Word service, song and confessions.

- The *house of God* is also called to mutual service in the form of education and welfare.

- Service groups maintain authority and facilitate mutual service. In this regard the elders and deacons receive most attention. There are indications that the elder widows were employed in some service capacity.

(6) Above mentioned accents placed by the οἶκος Θεοῦ metaphor in 1 Timothy 3:15, have the following implications for the ecclesiastical debate within the reformed churches in South Africa (consult Chapter 6).

- Over and above the church models leaning on the Shepherd metaphor, the Body metaphor, the Build metaphor and the Family metaphor, serious attention should be given to the *House of God* metaphor as model. Such a model brings the following to the fore:

- There exists a close correlation between congregation and the ordinary household. Both congregation and household functions as *house of God.*

- The *house of God* requires the maintenance of Biblical structures of authority in both congregation and household.

- If the *House of God* model is utilised in the church, the context of the ruined family in the contemporary society must be kept in mind. Embracing the concept of the οἶκος Θεοῦ will have social implications. These cannot be side stepped.

- In the light of this study it is essential that two current practices of the church, namely small groups and youth service, have to be re-evaluated.

According to the passages of Scripture analysed, there is a correlation between the missiological and preservational functions of the church. On the one hand God called forth the *house of God* to preserve the New Testament evangelical truth against an apostate world. On the other hand, the very same evangelical truth must be brought to the world by word and deed. Therefore the *house of God* stands isolated from the idolatry and errors of heathenism, but it also has the salvation of heathens as a calling.

# BRONNELYS


ADAMS, J.E. 1979. Shepherding God's Flock. Grand Rapids : Baker Book House.

ADAMS, J.E. 1986. Handbook of Church Discipline. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

AUNE, D.E. 1987. The New Testament in Its Literary Environment. Cambridge : James Clarke & Company.

BALOIAN, B.E. 1996. Anthropomorphisms. (*In* New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis, General *editor*. W.A. vanGemeren, Zondervan Publishing House : Grand Rapids, bll. 486 - 487).

BANKS, R. 1980. Paul's Idea of Community. Exeter : The Paternoster Press.

BAUCH, S.M. 1995. A Foreign World : Ephesus in the First Century. (*In* Women in the Church. A Fresh Analysis of 1 Timothy 2:9 - 15. *eds.* A.J. Köstenberger, T. Schreiner, and H.S. Baldwin. Grand Rapids : Baker Books [13 - 52]).

BAVINCK, H. 1976. Gereformeerde Dogmatiek. Tweede Deel. Kampen : J.H. Kok.

BORDWINE, J.E. 2001. The Pauline Doctrine of Male Headship. The Apostle versus Biblical Feminists. Vancouver : Westminster Institute.

BOUMA, C. 1942. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus. Amsterdam : H.A. van Bottenburg.

BRETTLER, M.Z. 1989. God is King. Understanding an Israelite Metaphor. Worcester : Sheffield Academic Press.

BROWN, E. 1993. Opmerkings en Vraagstelling aan die Beoefenaars van Gemeentebou. (*In* Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif. 34/3 [414 - 416]).

BURGER, C.W. 1995. Die Kerk as Familie van God - 'n Verwaarloosde Metafoor? *Praktiese teologie in S.A.* 10/2:1 - 12.

BURGER, C.W. 1997. Familie van God ... waar gelowiges tuiskom in 'n koue harde wêreld. Kaapstad : Lux Verbi.

BUSH, P.G. 1990. A Note on the Structure of 1 Timothy. *New Testament Studies*, 36/1:152 - 156.

BYBEL. 1971. Die Bybel : Hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans, 1954. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CLOWNEY, E.P. 1984. Interpreting the Biblical Models of the Church. (*In* Biblical Interpretation and the Church, Text and Context. D.A. Carson *ed.* Exeter : Paternoster, bll. 233 - 234).

COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrifte. (*In* Koninkryk, Gees en Woord. J.C. Coetzee *red.* Pretoria : NG Kerkboekhandel).

CROSBY, M.H. 1988. House of Disciples. Church, Economics, and Justice in Matthew. Maryknoll : Orbis Books.

DE VAUX, R. 1961. Hoe de oude Israël leefde. Roermond-Maaseik : J.J. Romen & Zonen-Uitgevers.

DIBELIUS, M. & CONZELMANN, H. 1972. The Pastoral Epistles. Philedelphia : Fortress Press.

DREYER, J.G.M. 1987. Evaluasie van verskillende gemeenteboumodelle. (*In* Gemeentebou - Praktiese Teologie in Suid-Afrika 2. *red.* Smuts, A.J. Pretoria : NG Kerkboekhandel).

DREYER, T.F.J. 1995. Kommunikatiewe handelingsteorie en die ekklesiologie. *Hervormde Teologiese Studies*, 51/3:792 - 805.

DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband, 'n Gereformeerd-Kerkregtelike studie. Proefskrif voorgelê ter verkryging van die graad Theologiae Doctor aan die PU vir CHO.

DU PREEZ, J. 1987. Preekhulp oor 1 Timoteus 3:15 - 16. Die Gemeente van die lewende God dra sy heilsgeheim lofsingend die wêreld in. (*In* Bediening en Bedienaar. 'n Huldigingsbundel opgedra aan Prof JL de Villiers. Saamgestel deur HJB Combrink, BC Lategan en BA Müller. [181-194] Kaapstad : Lux Verbi).

ELLIOTT, J.H. 1991. Temple versus Household in Luke-Acts: A contrast in social institutions. (*In* Hervormde Teologiese Studies, 47/1 [88 - 120]).

ELLIS, E.E. 1993. Pastoral Letters. (*In* Dictionary of Paul and his Letters. *eds.* G.F. Hawthorne, R.P. Martin. Leicester : Intervarsity Press [658 - 660]).

ENGELSMA, D.J. 1994. Trinity and Covenant. MTh-verhandeling: Calvin Theological Seminary.

ERASMUS, L.M. 1995. "Sola Ecclesia?"- 'n Kritiese Vraagstelling na aanleiding van die Kerkbegrip van die Gemeentebouteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 10/2:40 - 51.

FRAME, J.M. 1991. Men and Women in the Image of God. (*In* Rediscovering Biblical Manhood & Womanhood. A Response to Evangelical Feminism. *eds.* J. Piper, & W. Grudem, Wheaton : Crossway Books. [225 - 231])

GIBSON, R. 1996. The Literary Coherence of 1 Timothy. *Reformed Theological Review*, 55/2:53 - 66.

GOETZMANN, J. 1971. House, Build, Manage, Steward. (*In* The New International Dictionary of New Testament Theology. *ed.* C. Brown. Exeter : The Pater Noster Press.)

GROENEWALD, E.P. 1977. Die Pastorale Briewe. Kaapstad : Lux Verbi.

GRUENLER, R.G. 1986. The Trinity in the Gospel of John. A Thematic Commentary on the Fourth Gospel. Grand Rapids : Baker Book House.

HAMILTON, V.P. 1990. The Book of Genesis. Chapters 1 - 17. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

HELBERG, J.L. 1976. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Volume 1. Potchefstroom : Pro Rege.

HELLERMAN, J.H. 2001. The ancient church as family. Minneapolis : Fortress Press.

HENDRIKS, J. 1992. Strategiese Beplanning in die Gemeente. Die beginsels & praktyk van Gemeentevernuwing. Hugenote Uitgewers : Wellington.

HENDRIKSEN, W. 1976. I & II Timothy & Titus. Edinburgh : The Banner of Truth Trust.

HULBERT, T.C. 1978. Families are both the Means and the Goal of Evangelism. *Evangelical Missions Quarterly*. 14/3:171 - 177.

JOHNSON, L. T. 1996. Letters to Paul's Delegates. 1 Timothy, 2 Timothy, Titus. Valley Forge : Trinity Press International.

JORDAAN, G.J.C. 2002. Bring weer terug die Huisgesin. *Die Kerkblad*. 105/3142: 6 - 9.

KELLY, J.N.D. 1976. A Commentary on The Pastoral Epistles. London : Adam & Charles Black.

KIDD, R.M. 1990. Wealth and Beneficence in the Pastoral Epistles. A "Bourgeois" Form of Early Christianity? Atlanta : Scholars Press.

KITTEL, G. 1968. Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids : WM. B. Eerdmans Publishing Company.

KNIGHT III, G.W. 1968. The Faithful Sayings in the Pastoral Epistles. Kampen : J.H. Kok.

KNIGHT III, G.W. 1992. The Pastoral Epistles. A Commentary on the Greek Text. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

LADD, G.E. 1974. A Theology of the New Testament. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

LEA, T.D. & GRIFFIN, H.P. jr. 1992. The New American Commentary. Volume 34. 1,2 Timothy andTitus. Nashville : Broadman Press.

LOCK, W. 1966. The Pastoral Epistles. Edinburgh : T. & T. Clark.

LONGMAN III, T. 1997. Literary Approaches and Interpretation. (*In* New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Volume 1. *ed.* W.A. VanGemeren. Grand Rapids : Zondervan Publishing House).

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains. New York : United Bible Societies.

LOVE, S.L. 1993. The Household: A Major Social Component for Gender Analysis in the Gospel of Matthew. *Biblical Theology Bulletin*, 23/1:21 - 31

MACDONALD. 1988. The Pauline Churches. A Socio-historical Study of Institutionalisation in the Pauline and Deutero-Pauline Writings. Cambridge : Cambridge University Press.

MALHERBE, A.J. 1983. Social Aspects of Early Christianity. Philadelphia : Fortress Press.

MARSHALL, I.H. 1999 A Critical and Exegetical Commentary on the Pastoral Epistles. Edinburgh : T & T Clark.

MEEKS, W.A. 1983. The First Urban Christians. The Social World of the Apostle Paul. New Haven : Yale University Press.

MEEKS, W.A. 1994. The Origins of Christian Morality. The First Two Centuries. New Haven : Yale University Press.

MILLER, J.D. 1997. The Pastoral Letters as Composite Documents. Cambridge : Cambridge University Press.

NOORDEGRAAF, A. 1990. Overwegingen rondom het Thema Gemeenteopbouw. *Theologia Reformata* 33/2:123 - 145.

ODEN, T.C. 1989. First and Second Timothy and Titus. Louisville : John Knox Press.

OOSTENBRINK, J.W. 1994. Kleingroepevangelisering in die stad – M. Verhandeling. Potchefstroom : PU vir CHO.

OSIEK, C. & BALCH, D.L. 2001. Families in the New Testament world. Households and house churches. Louisville : Westminster John Knox Press.

OTTO, R.E. 1992. The *Imago Dei* As *Familitas. Journal of Evangelical Theology Society* 35/4:503 - 513.

QUINN, J.D. 1990. The Letter to Titus. A New Translation with Notes and Commentary and an Introduction to Titus, I and II Timothy, The Pastoral Epistles. New York : Doubleday.

QUINN, J.D. & WACKER, W.C. 2000. The First and Second Letters to Timothy. A New Translation with Notes and Commentary. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn Theologie. Kampen : J.H.Kok.

RIDDERBOS, H. 1967. De Pastorale Brieven. Kampen : J.H.Kok.

SCHLECT, C. 1995. Critique of Modern Youth Ministry. Moscow : Canon Press.

SCHWERTLEY, B.M. 1998. A Historical and Biblical Examination of Woman Deacons. Michigan : Reformed Witness.

THOM, J. 1994. ΕΓΧΕΙΡΙΔΙΟΝ 'n Handleiding by die Griekse vormleer en Sintaksis. Stellenbosch : Universiteit Stellenbosch.

TOWNER, P.H. 1993. Households and Household Codes. (*In* Dictionary of Paul and his Letters. *eds.* G.F. Hawthorne, R.P. Martin. Leicester : Intervarsity Press [417 - 419]).

VAN AARDE, A.G. 1995. Kerk en Teologie op pad na die derde millenium: Gedagtes oor die kontektualisering van die dialektiese teologie in 'n plurale samelewing. *Hervormde Teologiese Studies* 51/3: 138 - 152.

VAN BRUGGEN, J. 1984. Ambten in de Apostolische Kerk. Een exegetisch mozaïek. Kampen : J.H.Kok.

VAN DER WATT, J.G. 2000. Family of the King. Dynamics of Metaphor in the Gospel according to John. Leiden : Brill.

VAN ECK, E. 1991. 'n Sosiaal-wetenskaplike ondersoek na die 'amp' van die ouderling in die Nuwe Testament. *Hervormde Teologiese Studies* 47/3:656 - 648.

VAN RENSBURG, F.J. 1993. 1 Timoteus (*In* Die Bybel in Praktyk. *Reds.* W.Vosloo, F.J. van Rensburg. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy [1877 - 1887]).

VERNER, D.C. 1983. The Household of God. The Social World of the Pastoral Epistles. Chico : Scholars Press.

WENHAM, G.J. 1987. Word Biblical Commentary. Volume 1. Genesis 1 - 15. Dallas : Word Books.

WESTERMANN, C. 1985. Genesis 12 - 36. A Commentary. Minneapolis : Augsburg Publishing House.

WILSON, D. 1997a. Standing on the Promises. A Handbook of Biblical Childrearing. Moscow : Canon Press.

WILSON, N. 1997b. The Fruit of her Hands. Respect and the Christian Woman. Moscow : Canon Press.

WILSON, N. 2000. Praise her in the Gates. The Calling of Christian Motherhood. Moscow : Canon Press.

WINTER, B.W. 1994. Seek the Welfare of the City. Christians as Benefactors and Citizens. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

YOUNG, F. 1994. The Theology of the Pastoral Letters. Cambridge : University Press.